UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# REAKSIE VAN DIE SWART POLITIEKE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA OP DIE ARBEIDSWETGEWING VAN DIE PAKT-REGERING, 1924 - 1929.

DEUR

ANNA AMELIA ROSSOUW

**STUDIELEIER:** DR. J.E.H. GROBLER

**DEPARTEMENT:** GESKIEDENIS

INGEDIEN LUIDENS DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM

AAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.

MEI 1990

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**INHOUDSOPGAWE**

OPSOMMING / SUMMARY

AFKORTINGS

VOORWOORD

BEDANKINGS

| | | |
|---|---|---|
| HOOFSTUK 1: | Inleiding | 1 |
| HOOFSTUK 2: | Arbeidsbeleid van die Pakt-regering | 14 |
| HOOFSTUK 3: | Reaksie van die African National Congress | 36 |
| HOOFSTUK 4: | Reaksie van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika | 51 |
| HOOFSTUK 5: | Reaksie van die Industrial and Commercial Workers' Union | 74 |
| HOOFSTUK 6: | Reaksie van die Gesamentlike Rade | 108 |
| HOOFSTUK 7: | Gevolgtrekking | 132 |

BRONNELYS

**OPSOMMING**

Vanaf 1924 tot 1926 het die Pakt-regering gepoog om die posisie van blanke werkers deur middel van wetgewing te verskans. Dié wetgewing sou egter ten nadele van swart werkers strek. As gevolg van die regeringsbeleid van 'beskaafde arbeid' was dit vir swartes onmoontlik om soos blankes, op 'n minimum loon aan te dring en te staak ten einde hoër salarisse te beding. Voorts is sekere poste vir blankes alleen gereserveer en is swartes afgedank om vir blanke werkers plek te maak.

Swart werkers, en by name die organisasies wat hulle vir die belange van die swart gemeenskap beywer het, het nie die 'beskaafde arbeidsbeleid' bloot passief aanvaar nie. Die Industrial and Commercial Workers' Union, die African National Congress, die Gesamentlike Rade en die Kommunis=tiese Party van Suid-Afrika het algar georganiseerde versetaksies teen die arbeidswetgewing geloods.

Die Pakt-regering het bykans geen ag op swart verset geslaan nie. Waar die Pakt tydens sy bewindname in 1924 met optimisme begroet is, was dié regering gevolglik in 1929 ongewild by die swart bevolking.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**SUMMARY**

Between 1924 and 1926 the Pact Government attempted to safeguard the position of white labourers. Its legisla= tion was, however, detrimental to the position of black labourers. As a result of the policy of 'civilized labour' it became almost impossible for black labourers to insist on a minimum wage or to strike in order to obtain higher wages. Furthermore, certain categories of jobs were reserved for whites only and blacks were replaced by whites.

Black labourers and, in particular, those organisations that worked for the benefit of the black community, did not merely accept the policy of 'civilised labour' in a passive way. The Industrial and Commercial Workers' Union, the African National Congress, the Joint Councils and the Communist Party of South Africa all launched organised resistance actions against the labour legisla= tion.

The Pact paid virtually no attention to black resistance. Whereas the Pact was welcomed with enthusiasm when it came to power in 1924, during the 1929 election it was extremely unpopular with the black people of South Africa.

## AFKORTINGS

### 1. Universiteitsname is só afgekort

| | |
|---|---|
| Universiteit van Suid-Afrika | Unisa |
| Universiteit van die Witwatersrand | Wits |
| Universiteit van Kaapstad | UCT |

### 2. Die name van organisasies is só afgekort

| | |
|---|---|
| African National Congress | ANC |
| African Peoples' Organisation | APO |
| Industrial and Commercial Workers' Union | ICU |
| Kommunistiese Party van Suid-Afrika | KPSA |
| Suid-Afrikaanse Party | SAP |
| South African Trade Union Congress | SATUC |
| South African Federation of Native Trade Unions | SAFNTU |

### 3. Ander afkortings

| | |
|---|---|
| Carter/Karis-versameling mikrofilm | Carter/Karis mfm. |
| Sentrale Argiefbewaarplek | SAB |
| South African Institute for Race Relations | SAIRR |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**VOORWOORD**

Hoe het die swart werkersklas op die Pakt-regering se beleid van 'beskaafde arbeid' gereageer? Is dit bloot passief aanvaar of is daar effektief weerstand gebied? Die antwoorde op hierdie vrae vorm die kern van hierdie verhandeling.

Ten spyte van talryke historiese werke wat die Pakt se beleid van 'beskaafde arbeid' behandel het, het nog geen wetenskaplike studie oor die reaksie van diegene wat nadelig deur hierdie beleid geraak is - met ander woorde, die swartes - tot nog toe die lig gesien nie. Die meeste sekondêre werke oor die Pakt konsentreer op die stryd binne die heersersklasse, naamlik op die stryd tussen die staat en die mynhuise of die stryd tussen die sogenoemde 'petit bourgeoisie' (blanke werkersklas) en die kapita= listiese belangegroepe. Met hierdie verhandeling word daarom gepoog om die stryd tussen die 'ware' werkersklas (swartes) en die staat na te vors.

Die onderwerp van hierdie verhandeling is tans besonder aktueel omdat die geskiedenis van die swart bevolkings= groepe vandag baie prominensie geniet. Die huidige wêreldmening skaar hom wêreldwyd aan die kant van die onderdruktes in die samelewing en rassisme en apartheid word verfoei. Dit geld veral vir Suid-Afrika waar swart opstande sedert die 1980's opnuut opgevlam het. Die onrus het ook gepaard gegaan met die opkoms van militante swart vakbonde. In die lig van hierdie gebeure word daar met hierdie studie gepoog om die ontstaan van hierdie verset na te vors en om sodoende ook 'n bydrae tot die breër geskiedenis van swartes in Suid-Afrika te lewer. Dit was juis in die twintigerjare dat swartes aan die Rand vir

die eerste keer werklik, by wyse van gesamentlike optrede, hul griewe jeens onderdrukking gelug het.[1]

Hierdie verhandeling het ook die ekonomiese en arbeids=geskiedenis as studieveld. Deesdae word prominent oorwe=ging aan die rol van ekonomiese faktore, as determinante, in die geskiedenis gegee. Politieke besluite word telkens en geredelik as die uitkoms van ekonomiese oorwegings gesien. Dit is veral die onderontwikkelde of derdewêreld=lande wat in die verband prominensie geniet. Geskiedskry=wers spits hulle toe op die oorsprong of ontstaan van armoede, op die sogenaamde 'ontwikkeling van onderont=wikkeling'[2] soos wat dit in die derdewêreldlande te bespeur is. Dié verhandeling sluit hierby aan. Aandag sal ook geskenk word aan die mate waarin swartes in Suid-Afrika as gevolg van regeringsbeleid verproletariseer geraak het.

Daar word ook met hierdie verhandeling gepoog om op die breë massa te fokus. Die opkoms van die sogenaamde 'people's history' het 'n klemverskuiwing weg van die rol van die enkeling in die geskiedenis gestimuleer. Die klem val toenemend op die massa, op ordinêre mense wat in 'n proses van historiese verandering vasgevang is. Sekere praktiese probleme bemoeilik egter wetenskaplike navorsing oor die massa. Mense reageer op verskillende wyses en vanuit verskeie oorde en hulle reaksie kan dikwels nie as verteenwoordigend van 'n spesifieke bevolkingsgroep vertolk word nie.

Enige historiese studie van verset deur swartes word noodwendig verder bemoeilik deur 'n gebrek aan geskrewe

---

1. F.A. Johnston, <u>Class, race and gold: A study of class relations and racial discrimination in South Africa</u>, p.168.

2. Sien K. Smith, <u>The changing past: Trends in South African historical writing</u>, pp.169-170 vir 'n bespreking van die aanhang wat hierdie temas onder historici geniet.

dokumente wat as verteenwoordigend van die breë bevolking vertolk kan word. In die twintigerjare was slegs sowat 10% van die swart bevolking geletterd.[3] Voorts word ook beweer dat swartes deur polisieoptrede geïnhibeer is en gevolglik nie altyd hulle griewe op skrif gestel het nie.[4] Of laasgenoemde bewering werklik op die Pakt-era van toepassing is, lei te betwyfel. Hoewel daar uit dié tyd voorbeelde van kragdadige polisieoptrede, soos tydens die Bloemfontein-onluste in 1926 en die Durban-onluste in 1929 was, is daar nooit noemenswaardig op geskrifte beslag gelê nie. Dit lyk eerder asof die breë massas in die Pakt-era nie werklik deur vlugskrifte en koerantbe= rigte geraak is nie. Howard Pim, wat uit die aard van sy betrokkenheid by die Gesamentlike Rade nou met swartes saamgewerk het, het tereg in 1929 opgemerk: "Printed notices and documents are useless, for only a very small proportion can read or write..."[5]

Vanweë bogenoemde praktiese probleme is daar besluit om in hierdie studie bloot op die reaksie van die promi= nente swart politieke organisasies te konsentreer. Die belangrikste organisasies wat swart politieke aspirasies in die twintigerjare verteenwoordig het, was die Indus= trial and Commercial Workers' Union (ICU), die African National Congress (ANC), die Gesamentlike Rade (Joint Councils) en die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA). Nie al hierdie organisasies het op politieke status aanspraak gemaak nie. Die ICU was eintlik 'n werkersvakbond terwyl die Gesamentlike Rade as welsynsor=

---

3. UG 37-24, Sensusverslag, p224. Sien ook A.J. Friedgut, "The non-European press" in E. Hellman (ed.) Handbook on Race Relations in South Africa, pp.489-490 oor swart geletterdheid in die twintigerjare.

4. Smith, The changing past, p.166.

5. Wits, SAIRR, B30.1, leêr 1, Johannesburg Joint Council of Europeans and Natives - Report on Police Raids in Durban, H.Pim, November 1929.

ganisasies gefunksioneer het. Die ANC en die KPSA het wel duidelike politieke oogmerke gehad. Nogtans het al hier= die organisasies as uitlaatkleppe vir 'n wye reeks poli= tieke griewe gedien en kan hulle daarom as belangrike barometers van swart reaksies op die Pakt se 'beskaafde arbeidsbeleid' gereken word. Organisasies wat hulle, op welke wyse ook al, vir die opheffing van die swart bevol= king beywer het, is wyd ondersteun. Dit geld by uitstek vir die ICU wat in die twintigerjare sy lidmaatskap tot etlike tienduisende uitgebrei het.[6] Lidmaatskap van hierdie organisasies het dus 'n belangrike faset van politieke uitings verteenwoordig.

Alhoewel die gemelde organisasies vir die doel van hierdie verhandeling as swart organisasies bespreek word, word daarmee nie te kenne gegee dat hulle eksklusief uit swart lede bestaan het nie. Die ICU het daarop aanspraak gemaak dat dit 'n veelrassige organisasie was.[7] Die KPSA was aanvanklik 'n blanke organisasie en het eers omstreeks 1924 die saak van die swart werker opgeneem, terwyl die Gesamentlike Rade juis in die lewe geroep is om samewerking oor die kleurgrense heen te bewerkstellig. Weens die aard van die organisasies wat bespreek word, sal blanke opinies en optredes dus noodwendig ook in hierdie studie te sprake kom.

Swart mynwerkers is, behalwe waar hulle lede van die ICU was, nie by hierdie studie betrek nie. Die rede daarvoor is dat hulle, benewens die onaktiewe Transvaal Native Mine Clerks Association weinig gekoordineerde werkers= optrede in die tydperk getoon het. Hulle mondstuk, Umteteli wa Bantu is in werklikheid deur die Kamer van

---

6. P.L. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union of Africa, pp.112-125.

7. Unisa, Champion-versameling, Box 2, The truth about the ICU, Circa 1925, p.1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mynwese se werwingsagentskap gepubliseer. Om dié rede was dit teen swart vakbonde gekant en het dit selde kritiek teen die mynindustrie geduld.[8] Ook die African Peoples Organisation (APO) en Inkhata ka Zulu is nie by hierdie studie betrek nie. Die APO was in die twintigerjare by uitstek 'n Kleurling-organisasie en Inkhata ka Zulu is in 1928 met die doel om die nasionale belange van die Zoeloe binne 'n westerse ekonomie te beskerm, gestig. Dit het dus eerder die etniese en nasionale belange van die Zoeloe-volk verteenwoordig. Voorts het Inkhata sy lojaliteit jeens die regering uitgespel en as sulks nie kritiek teen die arbeidswetgewing uitgespreek nie.[9]

Toe daar aanvanklik met die navorsing vir hierdie verhan= deling begin is, is gemeen dat daar nie veel dokumentêre getuienis oor swart verset in die twintigerjare beskik= baar sou wees nie. Die praktyk het egter anders bewys. Dokumentasie oor die ICU was baie volledig. Dit geld vir die Ballinger- en Forman-versamelings in die Jagger-biblioteek, UCT. Laasgenoemde versameling bevat, onder meer, die persoonlike dokumente van A.W.G. Champion, nasionale sekretaris van die ICU en later leier van die afgestigte ICU yase Natal. Ook die Carter/Karis-versa= meling bevat talle dokumente oor dié organisasie hoewel baie daarvan afskrifte van dokumente uit bogenoemde twee versamelings is. Dokumente op die ICU yase Natal-mikrofilm in die Unisa biblioteek het veral lig gewerp op die invloed van die ICU in Natal.

Die Gesamentlike Rade se dokumente het bykans almal behoue gebly en is ook deeglik georden in die William Cullen biblioteek op die Wits-kampus. Die vernaamste

---

8. L. Switzer en D. Switzer, Black Press in South Africa and Lesotho, pp.101-111.

9. Sien E.J. Longer, The founding and development of Inkhata Yenkukuleko Yesiswe, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1983.

versamelings waarin inligting oor die organisasie se aktiwiteite gevind is, is die Records of the Joint Councils of Europeans and Africans, 1924 - 1954, die Records of the South African Institute of Race Relations en die Rheinallt Jones-versameling. Dokumen=tasie oor die KPSA was skaars en moeilik bekombaar. Die enigste versameling wat noemenswaardige inligting oor die KPSA bevat het, was die South African Collection of Miscellaneous Documents, 1902 - 1963, wat by Unisa op mikrofilm geraadpleeg is. Die Carter/Karis-versameling was onmisbaar veral wat dokumente oor die ANC aanbetref. Staatsdokumente en ook die Hertzog- en Creswell-versame=lings was teleurstellend in die sin dat, alhoewel dit inligting oor die beleid van 'beskaafde arbeid' bevat het, daar bitter min inligting oor die swartes se reaksie daarop was.

Koerante het as 'n belangrike bron vir die navorsing gedien. Van die vier organisasies wat in die verhandeling bespreek word, het slegs die Gesamentlike Rade nie 'n mondstuk in die vorm van 'n koerant gehad nie. Die ICU se mondstuk die Workers' Herald, het op 'n gereelde basis verskyn en kopieë van die meeste van sy uitgawes het behoue gebly. Dié koerant het bykans altyd kommentaar op regeringsbeleid bevat en die kommentaar was gewoonlik in Engels omdat die organisasie 'n uiteenlopende etniese teikengroep gehad het. Na die versplintering van die ICU in 'n aantal kleiner organisasies het elkeen sy eie koerant geloods soos die Udibi Lwase Afrika van die ICU yase Natal, die Weekly Newsletter van die ICU of Africa van W.G. Ballinger en die New Africa van die ICU of Africa van Kadalie. Hierdie koerante is van stapel gestuur ná die uitvaardiging van die vernaamste arbeids=wette. Nogtans gee hulle 'n aanduiding van die organisa=sies se houding jeens die Pakt teen omstreeks 1929.

Die KPSA se koerant, The South African Worker het op 'n gereelde basis verskyn en gee 'n goeie beeld van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



organisasie se houding jeens die beleid van 'beskaafde arbeid'. Die ANC se koerante het nie goed behoue gebly nie. Die African World wat deur James M. Thaele, pro= vinsiale leier van die Kaapse kongres begin is, het wel inligting bevat. Van Ikwezi Le Afrika, wat in die tydperk vanaf Februarie 1928 tot September 1930 verskyn het, het geen kopieë behoue gebly nie. Abantu Batho het eers vanaf 1930 op 'n gereelde basis verskyn.

Soos reeds gemeld, bestaan daar talle sekondêre werke oor die Pakt asook oor die beleid van 'beskaafde arbeid'. Ouer werke soos die van Sheila van der Horst, Native Labour in South Africa, (1941) en Francis Wilson, Labour in the South African Gold Mines, 1911 - 1969, (1972) gee besondere aandag aan die 'beskaafde arbeidsbe= leid'. Dit is egter die opkoms van die Neo-Marxistiese, radikale of revisionistiese geskiedskrywing wat dié beleid opnuut onder die soeklig geplaas het. Die Suid-Afrikaanse arbeidsbestel met sy hoogsbetaalde, geskoolde blanke aristokrasie aan die een kant teenoor die geëks= ploiteerde, ongeskoolde swart proletariaat aan die ander kant, is aan 'n klasanalise onderwerp. Die kleurslagboom word gesien as die produk van 'n klassekonflik en nie van 'n rassekonflik nie. Werke van hierdie historici wat vir die verhandeling van besondere nut was, is onder andere, dié van R.H. Davies, Capital, state and white labour in South Africa, 1900 - 1960; F.A. Johnston, Class, race and gold: A study of class relations and racial discri= mination in South Africa; D. Yudelman, The emergence of modern South Africa: State, capital and the incorporation of organised labour on the South African gold fields, 1902 - 1939; M. Lacey, Working for Boroko: The origins of a coercive labour system in South Africa.

Bogemelde werke bevat egter niks oor die reaksie van die swartes nie. Daar bestaan wel handige bronne oor die verskillende swart organisasies en hoewel hierdie werke

nie daarin slaag om werklik swart reaksie op die arbeids=beleid te ontleed nie, verskaf dit tog nuttige bykomende inligting. Haines[10] behandel slegs die reaksie van die swartes oor die grond- en die stemregkwessies soos wat dit in Hertzog se vier wetsontwerpe vervat is.
Ook Tatz[11] konsentreer op dié twee temas - grond en stemreg - en dek nie werklik die arbeidskwessie nie.

Oor die ANC en die ICU is meer geskryf. Mary Benson se African Patriots[12] en Peter Walshe se Rise of African Nationalism[13] beskryf die ANC in hierdie tyd maar slaag nie daarin om 'n grondige verklaring te verskaf vir die ANC se onvermoë om weerstand teen die arbeidswetgewing, hetsy deur middel van georganiseerde vakbondoptrede of deur politieke optrede, te mobiliseer nie. Walshe beskryf die ANC se optrede teen die Pakt se arbeidsbeleid in een enkele sin:

> The 'civilized labour' policy initiated in 1924 and the Colour Bar Act of 1926 (Mines and Works Amendment Act) were seen for what they were - an integral part of Hertzog's comprehensive 'solution' to the Native problem and means towards his expressed goal of permanent white supremacy outside the reserves.[14]

---

10. R.J. Haines, <u>The opposition to General J.B.M. Hertzog's segregation bills, 1925 - 1936: A study in extra-parliamentary protest.</u> Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Natal, 1985.

11. C.M. Tatz, <u>Shadow and Substance in South Africa: A study in land and franchise policy affecting Africans, 1910 - 1960.</u>

12. M. Benson, <u>The African Patriots: The story of the African National Congress of South Africa.</u>

13. P. Walshe, <u>The rise of African Nationalism in South Africa: The African National Congress 1912 - 1952.</u>

14. P. Walshe, <u>The rise of African Nationalism</u>, p.109.

Wickens se werk oor die ICU[15] gee aandag aan die ICU se houding jeens die 'beskaafde arbeidsbeleid' en was daarom 'n handige bron. Dit geld ook vir die bydraes van Helen Bradford.[16] Haar werke was veral insiggewend ten opsigte van die redes waarom die ICU nie veel sukses in hul verset teen die Pakt-wetgewing kon behaal nie. Die werke van Edward Roux[17] en H.J. en R.J. Simons[18] was van groot waarde veral omdat dit die bemoeienis van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika met die lot van die swart werker van naderby skets.

---

15. P.L. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union.

16. H. Bradford, A taste of freedom - the ICU in rural South Africa, 1924 - 1930; "Mass movements and the petty bourgeoisie: the social origins of ICU leadership, 1924 - 1929", Journal of African History, Vol.25, No.3, 1984.

17. E. Roux, Time longer than rope: A history of the Black man's struggle for freedom in South Africa.

18. H.J. Simons en R.J. Simons, Class and Colour in South Africa, 1850 - 1950.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**BEDANKINGS**

Dit is met genoeë dat ek die volgende persone en in=stansies bedank:

My studieleier, dr. J.E.H. Grobler, vir sy bekwame leiding. U akademiese insette en persoonlike aanmoediging het dit vir my moontlik gemaak om die studie te voltooi.

Personeel verbonde aan die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, waar ek my voorgraadse studie voltooi het. In die besonder wens ek prof. F.A. van Jaarsveld te bedank vir die liefde vir die Geskiede=nis wat hy by my gekweek het, asook prof. J.S. Bergh wat my onder moeilike omstandighede behulpsaam was.

Aan my werkgewer, die Transvaalse Onderwysdepartement en ook aan prof. P.H. Kruger, rektor van die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding waar ek werksaam is, baie dankie vir die studieverlof. Dit het my instaat gestel om deeg=like argiefnavorsing te doen.

Baie dankie aan die personeellede van die onderskeie argiefbewaarplekke en in die besonder dié verbonde aan die William Cullen biblioteek, Universiteit van die Witwatersrand; die Jagger biblioteek, Universiteit van Kaapstad en Unisa se dokumentasiesentrum vir Afrika studies. Sonder u hulp sou die navorsing bykans onmoont=lik gewees het.

Baie dankie aan my ouers en familielede vir hulle onder=steuning, in die besonder ook aan my moeder vir die taalversorging van hierdie verhandeling.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan Madeleen Classen, wat die verhandeling getik het, is ek baie dank verskuldig. In die besonder baie dankie vir die geduld wat jy aan die dag gelê het.

Ten slotte wil ek my eggenoot, Gideon besonder bedank. Baie dankie vir jou bystand en ondersteuning. Dit het my baie gehelp.

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

In 1924 het die Nasionale Party van genl. J.B.M. Hertzog en die Arbeidersparty van kol. F.H.P. Creswell daarin geslaag om, na die sluiting van 'n verkiesingspakt, die Suid-Afrikaanse Party van genl. J.C. Smuts tydens die algemene verkiesing op 17 Junie 1924 uit die kussings te lig. Die nuwe regering het as die Pakt bekendgestaan. Hertzog het Smuts se plek as Eerste Minister ingeneem.

Tydens die Pakt-bewind het 'n veranderde ekonomiese klimaat in Suid-Afrika geheers. Suid-Afrika het, sedert die Eerste Wêreldoorlog, tot so 'n mate op industriële gebied ontwikkel dat industrieë nou, naas die myne, die belangrikste werkverskaffers geword het. Terselfdertyd het tegnologiese ontwikkelinge op landboukundige gebied dit vir die kleinboer moeiliker gemaak om voort te bestaan. Armoede en die aantrekkingskrag van groter werksgeleenthede het veral Afrikaners gedwing om in 'n toenemende mate 'n heenkome in die stede te gaan soek. Hier moes hierdie 'armblankes' met swartes om ongeskoolde werksgeleenthede meeding.

Die swart bevolkingsgroepe het ook op hierdie stadium vanweë die grondskaarste in die reservate en die uitwer=king van die Naturellen Grond Wet van 1913 verstedelik. Hulle het feitlik deurgaans oor geen spesifieke beroeps=vaardighede beskik nie. Verder het hulle steeds bande met hulle bestaansekonomie in die reservate behou. Gevolglik was hulle bereid om hulle arbeid teen lae lone te verhan=del. Die gebrek aan konstitusionele regte en beperkende wetgewing ten opsigte van plek van verblyf, vakbondorga=nisasie en stakings het hierdie groep uiters kwesbaar vir kapitalistiese uitbuiting gemaak.

Blanke arbeiders is op hulle beurt bedreig deur die feit dat swartes bereid was om teen lae lone te werk en gevolglik dikwels voorkeur by indiensneming geniet het. Die blanke werkersklas het hewige teenstand gebied teen die pogings van kapitalistiese belangegroepe, soos die mynhuise, om blanke werkers met goedkoper swart arbeid te vervang. Die 1922-staking was trouens 'n militante poging van die blanke werkersklas om te verhoed dat hulle deur goedkoper swart arbeiders in semi-geskoolde poste vervang word. Die Pakt het aan bewind gekom in 'n era wat geken=merk is deur botsings tussen die blanke werkersklas aan die een kant en die kapitaliste aan die ander kant.

Hertzog se Nasionale Party het die Afrikaner, met sy armblankevraagstuk en diepgewortelde wrok teen die Britse Ryk, verteenwoordig. Creswell se Arbeidersparty het die geskoolde en semi-geskoolde blanke arbeiders en hulle agterdog jeens kapitalistiese uitbuiting verteenwoordig. Saam sou hierdie twee partye poog om deur middel van 'n beleid van 'beskaafde arbeid' die blanke van werk te voorsien en om hom teen kapitalistiese uitbuiting te beskerm. Hierdie beleid het noodwendig impliseer dat swart werkers vir blankes plek sou maak; dat die swart werkersklas skadeloos gestel sou word en dat geskoolde en semi-geskoolde werksgeleenthede vir blankes alleen gereserveer sou word.

Op die oog af was die Nasionale Party en die Arbeiders=party ongewone politieke bondgenote. Die Nasionale Party het hom uitsluitlik vir Afrikaner nasionale belange beywer. Herinneringe aan die Anglo-Boereoorloë en die konsentrasiekampe was nog lewendig en daar is gevoel dat slegs onafhanklikheid van die Britse Ryk die Afrikaner se selfrespek kon herstel. Die party wou vir die Afrikaner 'n regmatige plek in die ekonomiese en politieke lewe in Suid-Afrika bekom. Die Arbeidersparty daarteenoor het die belange van die geskoolde en halfgeskoolde werkers aan

die Witwatersrand, meesal Engelssprekendes, verteenwoordig. Die party was sterk vakbondgeoriënteerd en was in sommige gevalle ook beïnvloed deur Bolsjewistiese of Kommunistiese leerstellinge. Vakbonde en Kommunisme was vir die Afrikaners volksvreemde begrippe.[1]

By nadere ontleding van die doelstellinge van die twee politieke partye blyk dit egter dat hulle in meer as een opsig baie in gemeen gehad het.

## 1.1 DIE NASIONALE PARTY

Die Nasionale Party het hom vir die opheffing van die Afrikaner, en veral die armblanke, beywer. Suid-Afrika het sedert die laat negentiende eeu 'n ekonomiese transformasie ondergaan. Die oorwegend agrariese en landelike gemeenskap moes plek maak vir 'n industriële en verstedelikte samelewing. Ook in die landbousektor het veranderinge ingetree toe kapitalistiese landboubeoefening in die eerste dekades van die twintigste eeu sy verskyning gemaak het.[2] Daarmee het talle blanke kleinboere verdwyn en moes ook hulle in die stede 'n heenkome vind. Na raming het tussen 200 000 en 300 000 blankes in hierdie tydperk na die stede gestroom.[3] In 1911 het 29% van die Afrikaners in die stede gewoon, in 1926 41% en in 1936 50%.[4]

---

1. Simons en Simons, Class and Colour, p.221.

2. M.L. Morris, "The importance of labour tenancy for agriculture in the twentieth century", in M.Murray South African capitalism and black political opposition, pp.251-2.

3. E.L.P. Stals, Afrikaners in die Goudstad, deel 2, 1924 - 1961, pp.10-13.

4. H. Giliomee en H. Adam, Afrikanermag: Opkoms en toekoms, p.78.

Die oorgrote meerderheid van hierdie nuwe stedelinge was armblankes, wat as besitlose proletariaat in die stede geariveer met slegs hul ongeskoolde arbeid om te verhandel.[5] Hulle moes met swartes om ongeskoolde werk meeding. Werkloosheid was aan die orde van die dag. In die 1920's was bykans 200 000 blankes uit 'n totale bevolking van een en 'n half miljoen werkloos.[6]

Die werkloosheidsprobleem is vererger deur rassevoor=oordele wat sedert die volksplanting by die blanke bevolkingsgroep aanwesig was.[7] Hierdie vooroordele het rassestereotipering in die hand gewerk. Volgens hierdie stereotipes was handearbeid die uitsluitlike domein van die swart of anderskleurige werker, terwyl die blanke die toesighouer of entrepreneur was. Hierdie ingewortelde vooroordele jeens handearbeid was ook by die armblankes aanwesig. Doxey[8] wys daarop dat die armblankes eerder onder haglike omstandighede geleef het, as om dieselfde handearbeid as swartes te verrig. Sy gevolgtrekking is waarskynlik korrek, veral as in ag geneem word dat die armblankes tot kort tevore nog grondbesitters was. Dit verklaar ook waarom die Pakt gepoog het om 'beskaafde' poste in veral die staatsdiens vir blankes alleen te

---

5. Johnstone, Class, race and gold, p.57.

6. H. Wolpe, "Class, race and occupational struggle", University of London Institute of Commonwealth studies, Collected seminar papers of Societies of Southern Africa in the 19th and 20th centuries, vol.2, 1970 - 1971, p.108.

7. Sien o.a. H. Giliomee en R. Elphick, "Die struktuur van Europese oorheersing aan die Kaap, 1652 - 1820" in Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820, pp.387-425; G.M. Frederickson, White supremacy: a comparative study in American and South African history, pp.60-66; I.D. MacCrone, Race attitudes in South Africa, pp.1-136.

8. G.V. Doxey, The industrial colour bar in South Africa, pp.77-80.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



reserveer[9], maar aan die ander kant geen poging aangewend het om armblankes tot plaasarbeiders in diens van ander blankes te maak nie.

Benewens die steun van die armer Afrikaners het die Nasionale Party ook aanhang in die plattelandse gebiede gehad. Hier is die kieserskorps sterk deur die grondbe= sittersklasse verteenwoordig. Aangesien hierdie groep nie direk by die beskaafde arbeidsbeleid gebaat het nie, word hulle vir die doel van hierdie studie buite rekening gelaat. Dit is egter insiggewend dat sommige historici meen dat die arbeidsbehoeftes van die boerderygemeenskap wetgewing met betrekking tot die swartes in die Pakt-era betekenisvol beïnvloed het. Hertzog se vier wetsontwerpe rakende swart grondbebesit en swart stemreg word gesien as blatante pogings om landelike swartes te forseer om by blanke boere in diens te tree.[10] Ook wetgewing rakende swart verstedeliking word gesien as 'n poging om die arbeidstekorte, wat deur die boerderysektor ondervind is, reg te stel. Omdat die wette bepaal het, dat slegs swartes wat werk in stedelike gebiede gehad het, hulle daar kon vestig, word beweer dat die staat aktief die akkumulasie van kapitaal ondersteun het. Die staat het, met ander woorde, aktief betrokke geraak by die toewysing en distribusie van arbeid aan die verskillende sektore van die ekonomie.[11]

---

9. Offisiële Jaarboek, No.9 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre No.5 van die Eerste Minister, 31 Oktober 1924; Yudelman, The emergence of modern South Africa, p.21.

10. Die siening kom veral sterk na vore in Lacey, Working for Boroko, pp.120-180.

11. R. Bloch en P. Wilkinson, "Urban control and popular struggle: a survey of state urban policy, 1920 - 1970", African Perspective, no.20, 1982, pp.3-6.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.2 DIE ARBEIDERSPARTY

Teenoor die Nasionale Party wat die belange van onge= skoolde Afrikaners verteenwoordig het, het die Arbeiders party die belange van die Engelssprekende werkersklas verteenwoordig - stedelinge, geskoolde- en halfgeskoolde werkers.[12] Die party het hom uitsluitlik vir die blanke werkersklas beywer en was nie 'n verteenwoordigende liggaam vir werkers oor etniese grense heen nie. Dit het nooit enige diskriminerende wetgewing binne die Unie-parlement teengestaan nie, tensy die posisie van blanke werkers daardeur bedreig is. In 1919 was die Party trouens sodanig rassisties dat A.F. Batty uit die party bedank het en sy eie nie-rassige Demokratiese Arbeiders= party gestig het.[13] Creswell self het bekendheid verwerf met sy pogings om in 1896 swart ongeskoolde arbeid op die 'Durban Deep'-diepskagmyne met blanke arbeid te vervang.[14] Mabel Palmer het die Arbeiderspar= ty beskryf as 'n politieke party vir Britse werkers wat in Suid-Afrika 'n veel hoër lewenstandaard handhaaf as waaraan hulle in Engeland gewoond was. "They are super= visors, not actual manual workers". As 'n politieke party "...(it) preaches crude socialism; in practice it functions mainly as 'white labour protection society'."[15]

Dit is ongetwyfeld so dat die meeste van die ondersteu= ners van die Arbeidersparty die swart werkersklas as 'n

---

12. Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, p.221.

13. Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, p.221.

14. Cresswell, <u>An epoch</u>, pp.33-37; Houghton, <u>The South African economy</u>, p.149; Doxey, <u>The Industrial colour bar</u>, p.59.

15. Killie Campbell, Mabel Palmer-versameling, Leêr 18, <u>An open letter to the South African Labour Party</u>, sonder datum.

bedreiging eerder as 'n bondgenoot beskou het. Dit is egter ook waar dat die sosialisme en die kommunisme 'n invloed binne die party uitgeoefen het. Hoewel die eintlike kommuniste, met die stigting van die KPSA in 1821, uit die Arbeidersparty weggebreek het, het promi=nente lede binne die party, steeds sosialistiese senti=mente gekoester. Dit geld vir lede soos Bill Andrews en C.F. Glass. Ook Walter Madeley, wat later in die Pakt-kabinet as minister van Pos- en Telegraafwese opgeneem is, het volgens Creswell die portefeulje gekry op grond van die feit dat daardie staatsdepartement 'n 'veilige portefeulje vir so 'n sosialis was'.[16].

Tussen die Kommunistiese Party en die Arbeidersparty was die verhouding dus aanvanklik vloeibaar. Die KPSA het die Pakt tydens die 1924-verkiesing gesteun. Bill Andrews, wat in 1924 verkies is tot algemene sekretaris van die 'S.A. Association of Employees Organisations' (later die S.A. Trades Union Council) het, alhoewel hy meer aktief binne die blanke vakbondwese was, steeds binne die Kommunistiese Party gefunksioneer.[17]

Die breuk tussen die KPSA en die Arbeidersparty het kort na die 1924-verkiesing voorgekom tussen diegene wat die kommunistiese ideologie op 'n suiwer nie-rassige grond=slag wou interpreteer en diegene wat meer opportunisties binne die Pakt meegewerk het soos Madeley, en Peter Whiteside wat later hoof van die Spoorwegraad geword het.[18]

---

16. Creswell, An epoch, p.109.

17. Simons en Simons, Class and Colour, pp.329,330.

18. Simons en Simons, Class and Colour, pp.380-388.

## 1.3 DIE SLUITING VAN 'N VERKIESINGSPAKT

Onderliggende faktore het veroorsaak dat die Nasionalisteen die Arbeiders tot mekaar aangetrokke gevoel het. Die mees opvallende raakpunt was hul afkeer aan die Smuts- bewind - 'n misnoeë wat met die industriële onrus van 1922 op die spits gedryf is. Smuts se hantering van die 1922-staking was trouens die belangrikste faktor wat die Arbeiders en die Nasionaliste tot samewerking gestimuleer het.

Die Randse staking was 'n uitvloeisel van botsende belange van mynwerkers en mynbase. Vanaf 1921 het 'n daling in die wêreldprys van goud dit vir die mynhuise noodsaaklik gemaak om produksiekoste op die myne te besnoei.[19] Indien hulle nie die kostekrisis bevredi= gend kon oplos nie, sou verskeie laegraadse myne moes sluit. Aanvanklik is gepoog om produksiekoste deur middel van loonsverlagings, wat op sigself ongewilde maatreëls was, te besnoei. Toe dit egter nie die probleem oplos nie, is alternatiewe oplossings ondersoek.[20]

In Desember 1921 het die Kamer van Mynwese aangekondig dat hy nie van voornemens was om hom na Februarie 1922 by die 'status quo'-ooreenkoms wat in 1918 tussen hom en die blanke mynwerkersvakbonde aangegaan is, te hou nie. Volgens dié ooreenkoms het die Kamer van Mynwese onderneem om die status quo betreffende die verhouding tussen blanke en swart werkers op die myne te handhaaf. Die praktiese implikasies van die verwerping van die 'status quo'-ooreenkoms was dat blankes in semi-geskoolde

---

19. N. Levy, The foundation of the South African cheap labour system, p.44.

20. Vir die aanloop tot en oorsake van die staking sien A.G. Oberholster, Die mynwerkerstaking, Witwatersrand, 1922, Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1979.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



poste nou deur goedkoper swart arbeid vervang kon word. Bykans 2 000 blanke werkers - semi-geskoold en ongeskoold - sou daardeur hulle werk kon verloor het.

Die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie, wat die belange van die blanke vakbonde verteenwoordig het, en die Kamer van Mynwese kon nie tot 'n ooreenkoms kom nie. Op 1 Januarie 1922 het mynwerkers begin staak. Smuts het tussenbeide getree en 'n bemiddelaarsrol probeer speel.[21] Daardeur het hy slegs die indruk by die mynwerkers versterk dat hy die saak van die Kamer van Mynwese wou bevorder. Toe die staking egter spoedig in 'n militante opstand ontwikkel het, het hy krygswet afgekon= dig. Die hulp van burgermagkommando's en verdedigingseen= hede is ingeroep. Die staking is met geweld onderdruk. Smuts se hantering van die staking het die idee in blanke geledere versterk dat die simpatie van die regering by die imperiale kapitaliste en nie by die blanke werkers= klas gelê het nie. Smuts het sy afsydigheid jeens die gewone blanke arbeider bewys en die geweld waarmee die opstand onderdruk is, het hom in alle werkerskringe ongewild gemaak.[22] Die staking het die blanke werkers= klas oor taal en kultuurgrense heen verenig. Tydens die opstand het selfs werklose armblankes op die Rand, meesal Afrikaanssprekendes, 'n betekenisvolle gedeelte van die opstandkommando's uitgemaak.[23]

---

21. Vir Smuts se hantering van die konfrontasie tussen mynboukapitaal en georganiseerde blanke arbeid sien A.J. Posthuma, <u>Generaal J.C. Smuts as opposisieleier, 1924 - 1929</u>, Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Unisa, 1980, pp.13-19.

22. Posthuma, <u>Generaal J.C. Smuts as opposisieleier</u>, pp.19,21.

23. Siening van die Goewerneur Generaal (Despatch 21.3.22, file Co 551/151 Public Record Office, London) aangehaal in R.H. Davies, <u>Capital, state and White labour</u>, p.156; sien ook Smuts se siening tydends die Volksraadsdebatte soos berig in <u>Cape Times</u>, 21 Maart 1922.

Benewens die feit dat die staking die weg gebaan het vir die totstandkoming van die Pakt, het dit die weerloosheid van die blanke werkersklas beklemtoon. Blanke werkers kon sondermeer deur swart arbeiders, wat om verskeie redes bereid was om teen laer lone te werk, vervang word. Omdat swartes steeds bande met hul bestaansekonomie in die reservate behou het, kon hulle hul arbeid teen laer lone verhandel, aangesien hulle gesinne nie direk van hierdie lone afhanklik was nie.[24] Hierdie werkers het voorts nóg politieke regte nóg statutêre beskerming geniet en was dus besonder kwesbaar vir kapitalistiese uitbui= ting.[25] Dit was juis die uitbuitbaarheid van die swart werker wat die blanke werker bedreig het. Johnstone praat byvoorbeeld van die "structural insecurity" van die blanke arbeidsmag. Dié toedrag van sake het in die guns van die kapitaliste getel deurdat 'n arbeidmag met "differential exploitability of labour", aldus Johnstone, daardeur geskep is.[26]

Die twintigerjare was juis 'n tydperk waarin die blanke bevolking toenemend bewus geraak het van die getalsterkte van die swart bevolking. Die 1921-sensusverslag het die aandag gevestig op die hoë swart aanwas en hul getalle= oorwig.[27] Hierdie 'Swart gevaar' sou die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika bedreig. Die

---

24. Johnstone, Class, race and gold, pp.46-58. Sien ook H. Wolpe, "Capitalism and cheap labour power in South Africa : From segregation to apartheid", Economy and society, vol.1, 1972, pp.433-439, vir die uitwerking van die trekarbeidstelsel op lone.

25. Johnstone, Class, race and gold, pp.46-58 bied 'n uiteensetting van die eksploiteerbare posisie waarin beide swart en blanke werkers hulle vis a vis kapitalistiese belangegroepe bevind het.

26. Johnstone, Class, race and gold, pp.40-45.

27. UG 37 -24, 1921-Sensusverslag. Sien ook Lord Oliver, The anatomy of African misery, p.208 vir die uitwerking van die sensus-verslag op blanke gemoedere.

vrees vir die 'Swart gevaar' het 'n verdere aanknopings=punt tussen die Arbeiders en die Nasionaliste geword en sou ook duidelik in die Pakt se arbeidsbeleid uitkrista=liseer.

Dit blyk dus dat daar verskeie raakpunte tussen die strewes van die Nasionale Party en dié van die Arbeiders=party was. Die persoonlike vriendskap tussen Hertzog en Creswell het pogings tot samewerking tussen die twee partye verder bevorder.[28] Beide leiers het die invloed van kapitalistiese belangegroepe op die SAP met agterdog bejeen. Reeds voor die staking, in Oktober 1921 het Creswell sy bekommernis teenoor Hertzog uitgespreek oor die konsentrasie van eiendom in die hande van 'n klein groepie kapitaliste en veral die feit dat hulle as die vernaamste werkgewers nie nuwe nywerhede sou aanmoedig nie, aangesien dit hulle toevoer van arbeid sou belemmer.[29] Ook Hertzog het, hoewel hy nie teen die kapitalisme as sodanig gekant nie, hierdie afkeer onderskryf. Aldus kon Creswell aan Hertzog aangaande hul samesprekinge skryf:

> We found ourselves broadly in agreement in our view that the present government acts as though dominated by the conviction that the interests of this country are best served by its taking what may be termed 'the big financial' view of our various internal and financial problems.[30]

Die samewerking tussen die Arbeiders en die Nasionaliste voor en tydens die staking is veral deur Tielman Roos,

---

28. M. Creswell, <u>An epoch</u>, pp.79-81; C.E.M. O'Dowd, "The general election of 1924:, <u>South African Historical Journal</u>, vol.2, November 1970, p.56.

29. SAB, Creswell-versameling, Band 3.iv, Creswell aan Hertzog, 14 Oktober 1921.

30. Creswell, <u>An epoch</u>, p.94.

Transvaalse leier van die Nasionale Party, geïnisieer. Dit was Roos wat die Nasionale Party aangeraai het om sy lot by die Arbeiders in te werp toe dit geblyk het dat volskaalse nywerheidsonrus op die Rand sou uitbreek. Roos het so ver gegaan as om te beweer dat die boer (Nasiona=liste) en die werker (Arbeiders) eintlik die land moes regeer.[31] Hy het ook 'n bemiddelaarsrol gespeel toe hy 'n afvaardiging na die Goewerneur-generaal gelei het om die stakers se probleme aan te voer.

Op 6 Februarie 1922 het die Arbeider- en Nasionale-volks=raadslede saam in Pretoria vergader om 'n oplossing vir die staking te probeer vind. Hoewel hulle geen oplossing kon vind nie, is die fondamente vir samewerking gelê.[32] Na afloop van die staking het Hertzog en Creswell ampte=lik oor 'n verkiesingsooreenkoms begin onderhandel. Hertzog het ingestem tot die items op die verkiesingsoor=eenkoms soos deur Creswell opgestel naamlik om aandag te gee aan blanke werkloosheid, pensioene, steun aan vakbonde en ander werkersorganisasies, stigting van 'n departement van arbeid en 'n naturellebeleid wat op segregasie sou berus.[33] Die vernaamste verskille tussen die twee partye is nou uit die weg geruim. Hertzog het onderneem om sy idees van afskeiding van die Britse Ryk ter syde te skuif. Creswell, wat self nooit 'n liefhebber van die sosialisme was nie, het onderneem om die Bolsjewistiese doelstellings van sy party ter syde te skuif.[34] Die verskiesingsooreenkoms is kort daarna deur

---

31. J.P. Brits, <u>Tielman Roos, Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907 - 1935</u>, pp.154-167.

32. Vir 'n uiteensetting van die totstandkoming van die Pakt sien J.P. Brits, <u>Die totstandkoming van die Pakt-regering van 1924</u>, Ongepubliseerde M.A.-verhande=ling, Universiteit van Potchefstroom, 1971.

33. Creswell, <u>An epoch</u>, pp.93-94.

34. Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, pp.304-305.

die onderskeie provinsiale kongresse goedgekeur.[35]

Op 5 April 1924 het die SAP in 'n tussenverkiesing 'n redelike veilige SAP-setel aan die Nasionale Party afgestaan. Smuts het nou verplig gevoel om 'n algemene verkiesing uit te roep. Die Pakt het die verkiesing met 'n meerderheid van 29 setels gewen, 63 setels vir die Nasionale Party en 18 setels vir die Arbeidersparty teen= oor die 53 setels vir die SAP. Die SAP het 19 setels verloor en selfs in die kiesafdelings waarin hulle hul setels behou het, het hul meerderheid betekenisvol afgeneem.[36]

---

35. Cape Times, 3 Januarie 1924.

36. O'Dowd, The general election, p.56.

# HOOFSTUK 2

## ARBEIDSBELEID VAN DIE PAKT-REGERING

Uit die voorafgaande hoofstuk blyk dit dat die Pakt die blanke werker - geskoold, halfgeskoold en ongeskoold, stedelik en plattelands - verteenwoordig het. Die formu= lering van 'n arbeidsbeleid was dus hoog op die Pakt se prioriteitslys. Sodanige beleid moes voldoende statutêre beskerming aan blanke werkers verleen. 'n Kabinetsporte= feulje is vir arbeidsaangeleenthede geskep en 'n Departement van Arbeid is in die lewe geroep. Creswell het die Pakt se minister van arbeid en verdediging geword.

### 2.1 UITVOERING VAN DIE NYWERHEIDSVERSOENINGSWET

Die eerste taak wat Creswell gehad het, was om afgevaar= digdes van die verskillende blanke vakbondunies byeen te roep. Sy doelwit was om 'n verteenwoordigende liggaam van vakbondunies daar te stel ten einde die werking van die Nywerheidsversoeningswet van 1924, wat nog deur die Smuts-regering aanvaar is, te vergemaklik. Artikels 3 - 5 van die Nywerheidsversoeningswet het voorsiening gemaak vir die daarstel van 'n industriële raad waarop gelyke verteenwoordiging aan werkgewers en werknemers gegee sou word en wat industriële geskille sou besleg. Uit hierdie liggaam wat Creswell byeengeroep het, het die 'South African Association of Employees Organisations' ontstaan wat sedert sy tweede jaarlikse kongres as die South African Trade Union Congress (voortaan SATUC) bekend= gestaan het.[1] SATUC sou 'n belangrike rol in die Pakt-era speel.

---

1. Simons en Simons, Class and colour, pp.329-330.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.2 WERKSKEPPING EN INDUSTRIëLE ONTWIKKELING

Een van die onmiddelike probleme wat die Pakt se aandag geeis het, was blanke werkloosheid. In 'n omsendbrief aan alle staatsdepartemente, gedateer 31 Oktober 1924 het Hertzog sy 'beskaafde arbeidsbeleid' uiteengesit.[2] Daarvolgens moes "...alle werkkragte wat as onbeskaafd gerangskik kan word in die Regeringsdiens" vervang word deur "beskaafde werkers". Beskaafde werkers is gekwalifi= seer as "...persone, wie se standaard van lewenswyse ooreenkom met daardie standaard, wat gewoonlik erken word as taamlik wel die van die gewone Europeaan". Onbeskaafde werkkragte, daarteenoor was diegene "wie se lewensdoel beperk is tot die allernoodsaaklikste lewensbehoeftes, soos dit verstaan word onder barbare en onbeskaafde volke".[3] Hierdie voorkeur aan blanke arbeid het veral in die staatsdepartemente - spoorweë en bosbou - gegeld, waar swart werkers afgedank is om vir blankes plek te maak.[4] Verder is die landstale in 1925 so omskryf dat persone wat 'Hollands magtig' was ook persone kon insluit wat Afrikaans magtig was.[5] Daardeur is groter werksge= leenthede vir Afrikaners in die staatsdiens geskep.

Werkverskaffing aan blankes ten koste van swart werkers was nie nuut nie. Die SAP het reeds begin met 'n beleid waarby swart werkers op die spoorweë afgedank is en vervang is met blanke werkers.[6] Werkverskaffing is

---

2. Offisiële Jaarboek No.9, 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre No.5.

3. Offisiële Jaarboek No.9, 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre No.5 art.1.

4. Van der Horst, Native labour, pp.249-251.

5. Wet no.8 van 1925.

6. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, p.82.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egter op 'n meer uitgebreide skaal deur die Pakt aangepak as wat die geval was met die SAP. Dit het die Pakt in 'n gunstige posisie vis a vis die SAP gestel. Blankes wat op die spoorweë en in bosboukolonies in diens geneem is, kon na 'n kort tydperk stemreg in dié betrokke gebied verkry. Dit het die Pakt-regering voorsien van 'n (soos 'n brief= skrywer, waarskynlik Rose Innes, dit gestel het) "...mobile voting force which can be brought into action wherever useful..." Hy wys daarop dat dit trouens die geval in die Barberton distrik was waar so 'n kolonie van 250 families "...with which I am personally acquainted," tot stand gekom het. Daardie mense, het hy beweer, was "completely dependent on the government even for subsistence." By implikasie sou hulle vir die regering stem, wat beteken het "that the S.A.P. majority in the Barberton district will soon disappear."[7]

Die Pakt het ook wetgewing aangeneem om binnelandse industriële ontwikkeling te stimuleer. Die Doeanetarief en Aksynsregte Wysingingswet van 1925 het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Handels- en Industriële Raad wat invoertariewe moes verhoog om sodoende lokale industrieë te beskerm. Die beleid van tariefbeskerming was nie slegs gerig op die stimulering van die binneland= se ekonomie nie, maar ook op die skepping van werksge= leenthede vir blankes. Die wet het naamlik bepaal dat tariefbeskerming nie sou geld vir industrieë wat "...onbevredigende arbeids-toestanden in stand houdt" nie.[8] Bevredigende werksomstandighede het geïmpliseer dat sulke nywerhede 'n sekere aantal blanke arbeiders in

---

7. Kaapse Openbare Biblioteek, James Rose-Innes versame-ling, dokument 757, ongetekende afskrif waarskynlik deur Rose-Innes aan onbekende 20 Junie 1929.

8. Doeanetarief en Aksynsregte Wysigingswet no.36 van 1925, afd.4 (1) (c).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



diens moes neem.[9] Industriële beskerming was dus deel van die beskaafde arbeidsbeleid deurdat dit op werkskep= ping vir blankes neergekom het. Voorts is regeringskon= trakte uitgegee aan maatskappye wat 'n groot persentasie blanke arbeiders in diens gehad het.[10]

Kaplan beweer dat die Pakt met hierdie beleid van indus= triële beskerming daadwerklik van die 'laissez faire' beleid van sy voorgangers wegbeweeg het. Volgens hom het die SAP, vanweë die teenkanting van mynboukapitaal, bloot lippediens aan industriële beskerming gebied. Hy beskou die beleid van tariefbeskerming as 'n "...definite change in policy" en "...inauguration of a more deliberate and purposeful policy of protection".[11]

Kaplan se bewering is nie korrek nie. Industriële besker= ming was geensins 'n nuwe verskynsel in die Suid-Afri= kaanse geskiedenis nie. Tariefbeskerming aan lokale industrieë het so vroeg as 1906 voorgekom toe staatsbe= skerming aan 'n sekere aantal industrieë onder andere skoeisel, drukwerk, komberse en suiker verleen is.[12] Ook gedurende die Eerste Wêreldoorlog het plaaslike industrieë tariefbeskerming geniet.[13] In die periode

---

9. Houghton, The South African Economy, p.122 en J. Natrass, The South African Economy: Its growth and change, p.163.

10. Natrass, The South African Economy, p.76.

11. D.E. Kaplan, "The politics of industrial protection in South Africa, 1910 - 1939", Journal of South African Studies, Vol.3, Oktober 1976, p.73-77.

12. Board of Trade and Industries, Report no.282, Investigation into Manufacturing Industries in the Union of South Africa, p.102, par. 323. Sien ook D. Innes en M. Plaut, "Class struggle and economic development in South Africa : The inter-war years", University of London Institute of Commonwealth studies, Collected seminar papers on Societies in South Africa, vol.9, Oktober 1977 - Junie 1978, p.90.

13. Union Customs Tarriff Act, No.26 van 1914.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1917 - 1918 het die industriële sektor reeds 10% tot die nasionale inkomste bygedra teenoor 7% in 1911 - 1912 en 19% in 1942 - 1943.[14] Tussen 1921 en 1924 is tariefbe= skerming uitgebrei na 'n verdere 16 industrieë. Die SAP het dus ook tariefbeskerming aan die industriële sektor gebied. Die verskil het egter daarin gelê dat die Pakt met industriële beskerming ook die skepping van blanke werksgeleenthede in gedagte gehad het.

Die Pakt het inderdaad daarop geroem dat hy deur sy beleid van industriële beskerming meer werksgeleenthede vir blankes geskep het. In 1917 het sowat 46 100 blankes in die industriële sektor gewerk teenoor sowat 80 745 in die periode 1926 - 1927.[15] In November 1925 verklaar Hertzog te Smithfield:

> Toe ons die Regering van die land aanvaar het, was die land in 'n haast hopelose toestand van werkloosheid onder die blanke. Dank sy die verandering in politiek deur ons aangebring, is opnuut poorte tot die arbeidsveld vir ons seuns geopen, en het werkloosheid van die toneel verdwyn.[16]

Nie alle historici is dit eens dat die Pakt werklik deur sy beleid van industriële proteksie werksgeleenthede vir blankes wou skep nie. Volgens Kaplan het slegs sowat 3% meer blankes daardeur werk gekry en

> ...the policy of industrial protection was primarily designed to effect the industrial development in the Union, in the interest of

---

14. Report No.282, Investigation into Manufacturing Industries in the Union of South Africa, tabel iv, p.11.

15. C.M. van den Heever, Genl. J.B.M. Hertzog, p.207.

16. SAB, Hertzog-versameling, ou band Nr.83, Hertzog op Smithfield, 13 November 1925. Sien ook Rand Daily Mail, 14 November 1925 vir 'n ontleding van die toespraak.

> agricultural capital, and only secondarily to provide employment opportunities for whites.[17]

Dit lyk dus eerder asof die beleid van tariefbeskerming primêr daarop gerig om ekonomiese groei te verseker. Die skepping van werksgeleenthede was van sekondêre belang - 'n bonus wat met sodanige groei gepaard gegaan het. Die Pakt het 'n hoë premie op ekonomiese groei geplaas. Die depressie, wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, was een van die redes vir die val van Smuts in 1924 [18] en Hertzog sou 'n soortgelyke situasie wou vermy. In die 1920's was mynbou en landbou die vernaamste ekonomiese aktiwiteite,[19] maar die mening is op hierdie stadium vry algemeen gehuldig dat goudproduksie binne 'n afsienbare tyd 'n hoogtepunt sou bereik waarna dit drasties sou afneem. Die geskatte goudopbrengs vir 1940 was byvoorbeeld R51 miljoen teenoor die werklike opbrengs van R236 miljoen.[20]

Vir die Pakt het die sleutel tot ekonomiese groei dus in die industriële sektor gelê. Kapitaal vir industriële ontwikkeling het egter nie vanaf die goudmyne gekom nie. Mynbou, by verre die grootste besitter van kapitaal, was nie geïnteresseerd nie. Mynboukapitaal was oorsese kapitaal wat nie sou baat by die ontwikkeling van 'n plaaslike verbruikersmark of by verhoogde uitvoere nie. Voorts sou industriële groei kompetisie in die arbeids=

---

17. Kaplan, "The politics of industrial protection", pp.86-87.

18. Posthuma, <u>Genl. J.C. Smuts</u>, pp.10-13, 35.

19. In 1920 het landbou en mynbou gesamentlik 39.9% tot die BBP bygedra teenoor 7.4% van die industriële sektor. In 1930 was die bydrae van landbou en mynbou 29.5% teenoor 9.4% vir die Industriële sektor. Wolpe, "Class, race and occupational struggle", p.106.

20. Houghton, <u>The South African economy</u>, p.105; Wilson, <u>Labour in the South African gold mines</u>, p.83.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mark ontketen wat weer druk op lone sou meebring. 'n Geskoolde industriële werkersklas was 'n potensiële bedreiging vir die hele stelsel van goedkoop ongeskoolde arbeid.[21]

Staatskapitaal is dus aangewend om die gebrek aan pri= vaatkapitaal aan te vul. Die staalindustrie is byvoor= beeld nooit deur privaatkapitaal gemonopoliseer nie. Pogings van die Duitse staalfirma, Gutenhoffnungshutte, om in 1921 die verskeie staalvervaardigers se belange te amalgameer, het misluk.[22] Die Suid Afrikaanse Staal Industriële Korporasie (Yskor) is in 1928 gestig met die staat as die belangrikste aandeelhouer.

Die Pakt was suksesvol in die industriële ontwikkeling wat hy gestimuleer het. Tussen 1925 en 1929 was daar 'n aansienlike industriële groeikoers van 4% per jaar.[23] Daar moet egter in gedagte gehou word dat Hertzog in die uitvoering van sy ekonomiese beleid deur 'n algemene ekonomiese oplewing bevoordeel is. Die ekonomiese groei wat dwarsdeur die twintigerjare voorgekom het, kan gevolglik nie uitsluitlik aan die Pakt se ekonomiese program toegeskryf word nie.

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat industriële beskerming en werkskepping in diens van die Pakt se 'Suid-Afrika eerste' beleid gestaan het. Nasionale belange en veral Afrikanerbelange moes beskerm word veral ten opsigte van Imperiale belange. Daar moet ingedagte gehou word dat die Pakt oorheers is deur die Nasionale Party aangesien die Arbeidersparty maar slegs drie lede in die kabinet gehad het.

---

21. Wolpe, "Class, race and occupational struggle", p.108.

22. Sien Houghton, <u>The South African economy</u>, p.123.

23. Sien Houghton, <u>The South African economy</u>, p.122.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.3 DIE LOONWET, 1925

Die industriële raad wat ingevolge die Nywerheidsversoe=ningswet, 1924 gestig is, moes geskille tussen werkgewers en werknemersorganisasies oor lone en werksomstandighede oplos. Dit het egter geen beskerming gebied aan onge=skoolde werkers wat nie deur geregistreerde vakbondunies verteenwoordig was nie.[24]

Die Loonwet van 1925 is aangeneem om hierdie leemte in die Nywerheidsversoenigswet te vul. Die Loonwet het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n Loonraad, bestaande uit drie lede wat deur die Minister van Arbeid aangewys sou word. Die Loonraad moes ondersoek doen na lone en werksomstandighede van ongeskoolde werkers wat nie aan geregistreerde vakbonde behoort het nie.[25]

Volgens die Loonwet kon die Minister van Arbeid, op grond van die Loonraad se aanbevelinge, 'n minimumloon vir blanke arbeiders statutêr afdwing.[26] Die Loonwet was 'n poging om die uitbuiting van ongeskoolde blanke werkers te verhoed. Die beginsel van 'n 'beskaafde loon vir beskaafde arbeid' sou geld.

Die Loonwet het egter slegs die inkomste van blanke werkers beveilig. Creswell het beweer dat hy met die wet beoog het om die moontlikheid van wrywing in die produk=sieproses uit te skakel:

> The objects of any legislation are to produce a state of things in which you have more and more security, and in which you have less risk of

---

24. Nywerheidsversoeningswet no.11 van 1924, art. 3-5.

25. Loonwet no.27 van 1925, art. 2-3.

26. Loonwet no.27 van 1925, art.7.

1581164 1

> interruption to the productive industries of the country.[27]

Die vasstelling van 'n minimumloon sou nie van toepassing wees op persone wat werk verrig het in "...landbouw, tuinbouw of veeteelt of bosbou of op huisbedienden".[28] Die wet het dus 'n vername implikasie vir swartes ingehou. In die praktyk is alle swart plaasarbeiders en huisbediendes van die werking van die Loonraad uitgesluit.

## 2.4 DIE MYNE EN BEDRYWE WET (1911) WYSIGINGSWET, 1926

'n Wet wat 'n belangrike deel uitgemaak het van die Pakt se 'beskaafde arbeidsbeleid' was die Myne en Bedrywe Wysingingswet van 1926. Die wet het die bestaande wet op Myne en Bedrywe van 1911[29] gewysig en aangevul om sodoende alle onduidelikheid oor die kleurslagboom in die myne en bedrywe uit die weg te ruim. Artikel 4 van die Myne en Bedrywe Wet van 1911 het bepaal dat sertifikate vir die volgende poste op die myne 'n vereiste was: bestuurders, opsigters, opmeters, werktuigkundiges, masjiniste en plofstofdeskundiges.[30] Die 1926-wet het bepaal dat sertifikate vir bevoegdheid slegs aan blankes, kleurlinge en Creoolse of St.Helena-persone toegeken mag word en nie aan swartes of Indiërs nie. Dit het ook bepaal dat 'n bevoegdheidsverklaring enige tyd deur die Goewerneur-generaal as vereiste neergelê kon word.[31]

---

27. Senaatsdebatte, 9 Julie 1925, kol.825.

28. Loonwet no.27, 1925, art.1.

29. Wet op Mijnen en Bedrijven, Wet no.12 van 1911.

30. Wet op Mijnen en Bedrijven, 1911, art.4(n).

31. Myne en Bedrywe Wysigingswet no.25 van 1926, art.4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die kleurslagboom en statutêre erkenning daarvan was geen nuwe verskynsel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Diskriminasie ten opsigte van toesighoudende werk in die mynbouindustrie kan terruggevoer tot die ontstaan van diepskagmynbou in die laat negentiende eeu. In die Zuid-Afrikaanse Republiek kon geen nie-blanke 'n masjiendry=wersertifikaat bekom nie. Hierdie sertifikaat was 'n vereiste vir werk as hysbakdrywer en 'n treindrywer.[32] Ook ten opsigte van dinamietskietery is sertifikate slegs aan blankes toegeken, terwyl poste van skofbase, bo- en ondergrondse voormanne en toesighouers vir blankes alleen gereserveer is.[33] Die Myne en Bedrywe wet van 1911 het die kleurslagboom deel van die Unie-wetgewing gemaak.[34]

Ten spyte van die statutêre erkenning wat aan die kleurslagboom verleen is sou die mynbedryf telkens poog om arbeidskoste te bespaar deur semi-geskoolde poste in die myne ook met swart arbeiders te vul. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het nagenoeg 25% van die hoofsaaklike Engelssprekende blanke werkers die myne verlaat om aan die oorlog te gaan deelneem. Hulle geskoolde en semi-ge=skoolde poste is spoedig deur Afrikaners en swart werkers gevul.[35] Vir die Afrikaners het dit 'n deur=braak op die indiensnemingsfront beteken, soos in die volgende statistieke weerspieël word: Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog het die Afrikaner net sowat

---

32. Boilers and Machinery Law, wet no.12 van 1898, afd.102, aangehaal in Johnstone, Class, race and gold, p.107.

33. Ordonnansie 54, 1903, afd.157, aangehaal in Johnstone, Class, race and gold, p.107.

34. Johnstone, Class, race and gold, pp.60-78 bevat ruim inligting oor die kleurslagboom op die myne. Sien ook R.H. Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, vol.2, no.6, 1976, pp.6-20.

35. Johnstone, Class, race and gold, p.105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



40% van die blanke arbeidsmag op die myne uitgemaak teenoor sowat 75% aan die einde van die oorlog.[36] Met die swartes het dit minder voorspoedig gegaan. Pogings om semi-geskoolde poste met swartes te vul het ontevredenheid uitgelok en het byvoorbeeld aanleiding gegee tot die 1917-onrus op die 'Van Ryn Deep' myn.[37] Dit was ook die spil waarom die 1922-staking gedraai het.

Die Myne en Bedrywe Wysigingswet van die Pakt het hernieude statutêre erkenning aan die kleurslagboom gegee. Hiermee wou die Pakt 'n herhaling van die 1922-onrus voorkom en die blanke werker teen swart kompetisie enersyds en kapitalistiese uitbuiting andersyds beskerm.

Tydens die tweede lesing van die Wysigingswet in die Volksraad het die Minister van Mynwese die benarde posisie van die blanke werker geskets:

> There are thousands of Natives, and it means naturally that the wages and expenses are kept low, and that it is attractive for the mining companies, the employers to utilize these herds of labourers, and not only to use them for rough work, but also to train them so that at least they may take the place of white men.[38]

Die patroon waarin mynarbeid in geskoolde versus ongeskoolde arbeid verdeel is en die rassestereotipering wat daarmee gepaard gegaan het, het ook as model gedien vir die ekonomie as 'n geheel.[39] Vandaar dat die industriële groei van die Hertzog-era gepaard gegaan het

---

36. Johnstone, <u>Class, race and gold</u>, p.105.

37. Johnstone, <u>Class, race and gold</u>, p.107.

38. Volksraadsdebatte, vol.3, 13 Februarie - 15 April, 1925, kol.268.

39. Doxey, <u>The industrial colour bar</u>, p.66.

met pogings om die kleurslagboom ook in die industriële sektor te vestig veral aangesien hier 'n minder afgebakende skeidslyn was.[40]

Op die oog af lyk dit asof die Wysigingswet van 1926 die kapitalistiese groepe en veral die mynhuise sou verhoed om arbeidskoste te besnoei deur van die goedkoopste beskikbare arbeid gebruik te maak. Vandaar dat historici van die Liberale skool hierdie kleurslagboomwet gekritiseer het omdat dit, volgens hulle, onnodige druk op die vryemarkstelsel geplaas het en arbeidskoste opgestoot het. Sheila van der Horst interpreteer hierdie wetgewing as 'n las op die goudmyne omdat dit hulle verhoed het om swart arbeid tot hul eie voordeel te gebruik. "Employers in the mining industries are prevented from making full use of the capacities of natives".[41] Ook Francis Wilson in sy werk oor arbeid op die Suid-Afrikaanse myne het hierdie mening gehuldig:

> Over the years there has been a quiet, but non the less real, struggle between the white trade unions seeking to maintain a rigid colour bar and mine management who seek to prevent labour costs from rising by breaching the colour bar and thus increasing the supply of skilled labour.[42]

Die kleurslagboomwetgewing het veral die aandag van die historici wat van die neo-Marxistiese ontledingsmodel

---

40. Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, Vol.2, no.6, 1976, pp.7-8.

41. Van der Horst, Native labour, pp.185-191.

42. F. Wilson, Labour in South African gold mines, p.114.

gebruik gemaak, ontlok.[43] Hierdie historici gaan van die standpunt uit dat die kapitalistiese belangegroepe en veral mynboukapitaal aktief bygedra het tot die kleur= slagboomwetgewing.[44] Daar word beweer dat die Myne en Bedrywe Wysigingswet nie werklik die blanke werkers beskerm het nie, maar wel die belange van die kapitalis= tiese belangegroepe. Volgens Yudelman was daar 'n simbio= tiese verhouding tussen die staat en kapitaal en is georganiseerde blanke arbeid volstrek gekoopteer en onderdruk deur hierdie kapitaal-staat alliansie.[45] Met die kleurslagboom het die kapitaliste die werkersklas op etniese grondslag verdeel. Die blanke werkersklas is tot 'n klas van toesighouers gekoopteer - die "new petty bourgeoisie". Die grootste gedeelte van die werkersklas, naamlik die swartes moes deur hierdie toesighouers in 'n onderhorige posisie gehou word.[46]

Yudelman se teorie klink aanloklik. Dit lei egter te betwyfel of die kapitaliste in die algemeen en die mynhuise in die besonder in staat was om wetgewing so regstreeks te beïnvloed, veral as in aanmerking geneem word dat die Pakt maar kort aan bewind was toe die Myne en Bedrywe Wysigingswetsontwerp ingedien is.[47] Lipton

---

43. Die ongepubliseerde M.A.-verhandeling van G. Verhoef, Die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika: 'n historiografiese studie, bied ruim inligting oor die verskillende standpunte wat deur historici uit die Neo-Marxistiese skool gehandhaaf word.

44. Johnstone, Class, race and gold, pp.42-63, pp.156-218; Davies, Capital, state and White labour, pp.179-232.

45. D. Yudelman, The emergence of modern South Africa: State, capital and the incorporation of organised labour in South African gold fields, 1902 - 1939, pp.9-19.

46. Yudelman, The emergence of modern South Africa, pp.40-42.

47. Die wetsontwerp is reeds op 22 Januarie 1925 in die Buitengewone Staatskoerant gepubliseer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



se siening dat die mynhuise nooit die politieke mag gehad het wat hierdie historici aan hulle wil toedig nie is nader aan korrek.[48] Die kleurslagboom het die blanke werker veel eerder bevoordeel as benadeel:

> ....the job bar.... gave them a monopoly of skilled jobs and preferential treatment in other jobs. This policy was costly to white capital (and to black labour), but benefited white workers, whose interests thus reinforced their prejudices.[49]

## 2.5 DIE 'NATURELLE'-BELEID VAN DIE PAKT-REGERING

Die beleid van 'beskaafde arbeid' staan nie los van die algemene 'Naturelle'-beleid van die Pakt nie. Die begin=sel van segregasie het die Pakt se beleid jeens swart verstedeliking, grondbesit en stemreg onderlê. Vandaar dat die gevolgtrekking soms foutiewelik gemaak word dat die beleid van 'beskaafde arbeid' op ekonomiese segrega=sie neergekom het. Voorts is dit belangrik om in gedagte te hou dat die Pakt in 'n groot mate die 'Naturelle'-beleid van sy voorgangers voortgesit het.

Hertzog self het 'n betekenisvolle invloed op die formu=lering van die breë 'Naturelle'-beleid gehad. As Eerste Minister en Minister van Naturellesake kon hy die kabinet beïnvloed. Hy was die enigste lid in die Pakt met kabi=netservaring. Sedert hy in 1912 as minister van Naturel=lesake in die Botha-kabinet gedien het, het hy homself aan die oplos van die 'Naturelle'-vraagstuk gewy.[50] Dit het aan hom 'n voorsprong in Naturellesake bo sy party=

---

48. Lipton, Capitalism and Apartheid, pp.113-116.

49. Lipton, Capitalism and Apartheid, p.115.

50. SAB, Hertzog-versameling, Ou band nr.35, Nuwe band nr.112-102, Hertzog aan Edgar Brookes, 23 Maart 1924.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



genote en die opposisie gegee. Hy is byvoorbeeld deur tydgenote beskou as die eerste premier en een van die enigste politici wat daadwerklik en konstruktief gepoog het om 'n algemeen geldende beleid insake swartes in die Unie uit te werk.[51]

Hertzog was van mening dat die oplossing van die rasse=vraagstuk in segregasie gelê het. Hierin het hy tydens sy bewindsaanvaarding in 1924 veral by prof. E.H. Brookes aanklank gevind. Laasgenoemde het in sy boek oor 'Naturelle'-beleid in Suid-Afrika ook segregasie as oplossing vir die 'Naturelle'-vraagstuk voorgestaan.[52] Hertzog was so verheug oor die ooreenkomste wat hierdie werk met sy eie denke getoon het dat hy dit onverbloemd geprys het: "The work is bound to become a standard one on Native Policy, constantly consulted on this or that topic."[53]

Teen 1924 was dit duidelik dat 'n oplossing vir die kwessies van swart stemreg en grondbesit spoedig gevind sou moes word en spreek Hetzog homself as volg daaroor uit:

> Nog nooit tevore in die geskiedenis van die jare sedert Unie is daar 'n sterker begeerte en drang naar verandering in die toestand van naturelle sake gevoel as vandaag (sic). Sowel die Europese bevolking as die naturel dring aan op 'n verandering.[54]

---

51. E.H. Brookes, <u>The history of Native policy in South Africa from 1830 to the present day</u>, p.164.

52. Brookes, <u>The history of Native policy</u>, p.164. Brookes het later tot ander insigte gekom, sy kragte by die liberaal-denkendes ingegooi en segregasie verwerp.

53. SAB, Hertzog-versameling, Ou band nr.35, Nuwe band nr.112-101, Hertzog aan Edgar Brookes, 23 Maart 1924.

54. SAB, Hertzog-versameling, ou band nr.83, Hertzog te Smithfield, 12 November 1925.

In 1926 het Hertzog vier interafhanklike wetsontwerpe rakende swart grondbesit en swart stemreg by die Unieparlement ingedien. Die Wetsontwerp op Volksraadsverteenwoordiging van Naturelle het voorsiening gemaak vir die verwydering van die Kaapse stemgeregtigde swartes van die algemene kieserslys; die Unie Naturelleraadswetsontwerp het voorsiening gemaak vir die instelling van 'n aparte Raad waarop swartes sitting sou hê; die Naturelle Grond Wysigingswetsontwerp het voorsiening gemaak vir territoriale segregasie geskoei op die 1913 Naturelle Grond Wet. Die vierde wetsontwerp het voorsiening gemaak vir die geleidelike uitbreiding van Kleurlingstemreg na die Transvaal, Natal en die Vrystaat.

Dié vier wetsontwerpe is mettertyd na twee afgeskaal en sou eers in 1936 aangeneem word. Nogtans werp die wetsontwerpe lig op die mate waarin die beleidsrigtings deur Hertzog ingeslaan is, op die segregasiebeginsel geskoei was.[55]

Die Naturelle (Stadgebiede) Wet van 1923 sowel as die Wysigingswet van 1927 illustreer in welke mate die beleid jeens swart verstedeliking op segregasie sou berus. Die mening is vry algemeen gehuldig dat die stede uitsluitlik blanke gebiede was en dat swartes se bestaan in landelike gebiede gehandhaaf moes word.

Die feit dat die teenwoordigheid van swartes enigsins in die stede geduld is, kan hoofsaaklik aan die behoefte aan goedkoop ongeskoolde arbeid binne die blanke gemeenskap toegeskryf word. Stedelike segregasie het natuurlik ook tot voordeel van die blanke gemeenskap gestrek. Verbruikersindustrieë, soos byvoorbeeld bierbrouery, is nie

---

55. Lacey, Working for Boroko, pp.12-51 en 84-120, gee uitvoerige aandag aan Hertzog se segregasiebeleid.

onder swartes in lokasies toegelaat nie.[56] Sodoende is verhoed dat swart entrepeneurs kompetisie aan blankes kon bied. Beleidmakers het nie op hierdie stadium besef watter groot afmetings verstedeliking reeds teen die einde van die twintigerjare sou aanneem nie.[57]

Segregasie het ook politieke gewetens gesus. Besorgd=heid, meesal vanaf die sogenaamde liberaaldenkendes, is telkemale uitgespreek oor die welsyn van swartes. Dit is gemaklik ter syde geskuif deur die argument dat die belange van die swartes deur 'n afsonderlike Departement van Naturellesake bevorder sou word.[58]

In breë trekke is die 'Naturelle'-beleid van die Pakt dus deur die segregasiebeginsel onderlê. Dit bly egter 'n ope vraag of die arbeidsbeleid as sodanig 'n manifestasie van die segregasiebeginsel was. H.B.Kruger huldig dié mening.[59] Dit is egter 'n oorvereenvoudiging van ware toedrag van sake.

Die arbeidsbeleid het feitlik onmiddellik na die Pakt se bewindsoorname uitgekristaliseer. Sedert sy bewindsoor=name is Hertzog gekonfronteer met die probleme rondom blanke werkloosheid.[60] Een van die eerste amptelike

---

56. F.A. Mouton, Swart verset teen die Durbanse Munisi=pale administrasiestelsel, 1929 - 1930. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1985.

57. SAB, Hertzog-versameling, nuwe band nr.171. Die hele leêr gee blyke van die afmetings wat verstedeliking in hierdie tydperk aangeneem het.

58. Sien Wits, SAIRR, 38.1, C.W. Cousins, Tenth session of Advisory Council of Labour: Natives under the Industrial Laws of the Union, 2.9.1927.

59. H.B. Kruger, Politieke aspekte van Genl. J.B.M. Hertzog se Naturellebeleid vanaf Unifikasie tot aan die einde van sy parlementêre loopbaan, pp.145-147.

60. SAB, Hertzog-versameling, Band no.181 bevat ruim briewe, klagtes en korrespondensie van blankes oor werkloosheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dokumente wat die Pakt-regering geformuleer het, was die een waarin hy sy arbeidspolitiek uiteengesit het.[61]

Die Loonwet en die Kleurslagboomwet het aan die begin van die Pakt-era verskyn. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die Pakt die beskerming van die blanke werker as prioriteit beskou het. Daardeur is die swart werker as die onmiddelike bedreiging geidentifiseer. Die arbeids= beleid van die Pakt-regering moet gevolglik aan die druk van blanke arbeidsbelange toegeskryf word.

Die 'beskaafde arbeidsbeleid' het wel sekere raakpunte met Hertzog se segregasiekonsep getoon. Die beleid van voorkeurindiensneming sou byvoorbeeld nie vir die Departement van Naturellesake geld nie. Die Departement is naamlik aangesê om meer swart tolke aan te stel.[62] Voorts het Hertzog gemeen dat, aangesien blankes in swart gebiede feitlik geheel en al van werkneming uitgesluit sou wees, daar geen regverdiging kon wees om swartes in blanke gebiede tot onbeperkte mededinging met blanke arbeid toe te laat nie.[63]

Nóg die Loonwet, nóg die Myne en Bedrywe Wysigingswet het egter eksplisiet gepoog om blank en swart ekonomies te skei. Die Wysigingswet het juis erkenning aan rassekontak gegee deur sekere vorme van arbeid vir blankes te reserveer terwyl handearbeid vir swartes oopgehou is.

In Augustus 1926 het Hertzog tydens die Naturellesake konferensie te Pretoria, verduidelik wat hy onder segregasie of dan differensiasie verstaan het:

---

61. Offisiële Jaarboek No.9, 1926 - 1927, p.203, Sirkulêre no.5 van die Eerste Minister, 31 Oktober 1924.

62. Kruger, Politieke aspekte, p.159.

63. Kruger, Politieke aspekte, p.167.

> "...I very strongly hold that your native has to be differentially treated from the European in the country ...." Hy het bygevoeg dat hy ten gunste was van "...treatment which will be just to the native and as just to the white man."[64]

Die Pakt het egter in geen stadium gepoog om die swartes tot dieselfde ekonomiese selfstandigheid, hetsy dan in die reservate, op te hef as wat hulle met die armblankes probeer doen het nie.

Die praktiese uitwerking van die Pakt se 'Naturelle'-beleid was juis dat dit die swartes in 'n onderhorige posisie gehou het. Die belastingwetgewing van 1925 het geen verligting vir die swart belastingbetalers gebring nie. Geen finansiële bystand is aan voornemende swart grondeienaars verleen om hulle sodoende finansieël op te hef nie. Daar bestaan geen aanduidings dat die Pakt in enige stadium afsonderlike swart state in gedagte gehad nie. Finansiële beleggings in die reservate het minimaal gebly.[65] Dit blyk dus dat die beleid van die Pakt eerder daarop gerig was om die swart bevolking in 'n ondergeskikte posisie te hou sodat hulle geen ekonomiese kompetisie vir die blankes kon bied nie maar wel steeds in die arbeidsbehoeftes van die blanke bevolking kon voorsien.

Die Pakt het trouens daadwerklik daartoe bygedra dat swart arbeid algaande in 'n swakker posisie vis a vis hulle werkgewers en by name die kapitalistiese belange=groepe geraak het. Die verbod wat die Naturelle-admini=strasie Wet van 1927 geplaas het op "die verspreiding van

---

64. SAB, Hertzog-versameling, Ou band nr.80, nuwe band nr.266, Verslag van Naturellesake konferensie, Pretoria, 18-19 Augustus 1925, p.2.

65. Wolpe, "Capitalism and cheap labour-power in South Africa", pp.433-435, <u>Economy and Society</u>, Vol.1, 1972.

leerstellinge wat daarop gemik was om vyandige gevoelens tussen Naturelle en blankes te bevorder" het swart werkersoptrede uiteindelik effektief beperk.[66]

## 2.6 GEVOLGTREKKING

Die Pakt se bewindsaanvaarding in 1924 word allerweë beskou as 'n keerpunt in die arbeidsgeskiedenis van Suid-Afrika. Die rede hiervoor is dat die politieke vleuel van georganiseerde blanke arbeid nou in die regering verteenwoordig was. O'Meara sien byvoorbeeld die Pakt as

> "...an unstable class alliance between sections of agricultural and industrial capital, together with an important strata of organised white labour."[67]

Die mening dat die Pakt vir 'n keerpunt in die arbeidsge=skiedenis verantwoordelik was, is korrek slegs vir soverre dit die verhouding tussen die staat, kapitale belangegroepe en die blanke werkersklas aanbetref. Wat die betekenis van die Pakt-regering vir die swart bevolking aanbetref is dit nie geldig nie. Vir die swartes was daar weinig verskil tussen die paswette van die Boererepublieke, die SAP of die Pakt; die Myne en Bedrywe Wysigingswet het slegs die misverstande van die 1911-wet uit die weg probeer ruim; konstitusionele kanale het bykans deurgaans nooit meer bestaan nie. Vir die

---

66. Naturelle-administrasie Wet, no. van 1927 hoofstuk vii. Sien ook Brits, <u>Tielman Roos: Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek, 1907 - 1935</u>, p. 250 vir die rol wat Tielman Roos in die formulering van die wet gespeel het.

67. O'Meara, <u>Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934 - 1948</u>, pp.27-28.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



swart bevolking het die Pakt voorwaar geen nuwe era ingelui nie.

Die Pakt het in die formulering van sy arbeidsbeleid bloot voortgebou op die grondslae wat deur sy voorgangers gelê is. In werklikheid kan die 'beskaafde arbeidsbeleid' teruggevoer word tot die Het Volk Party.[68] Die kleur=slagboom is al in 1911 statutêr omskryf.[69] Die Vakleer=lingwet het reeds in 1922 voorwaardes vir vakleerlingskap sodanig omskryf dat dit vir swartes en Kleurlinge bykans onmoontlik was om as geskoolde werkers opgelei te word.[70] Onafhanklike swart vakbonde kon vanweë die Nywerheidsversoeningswet van 1924 nie registreer nie.[71] Die wet het die onderdrukking van effektiewe vakbondbewe=gings geimpliseer.[72] Wettige swart stakings was trouens reeds teen 1924 bykans onmoontlik op grond van die Heer- en Diensbode wetgewing wat vóór Uniewording in al vier die provinsies bestaan het en op grond van die Native Labour Regulation Act van 1911.[73]

---

68. B.K. Murray en A.W. Stadler, "Van die Pakt tot die begin van apartheid, 1924 -1948", in T. Cameron en S.B. Spies, Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld, p.251.

69. Wet op Myne en Bedrywe van 1911.

70. Die Vakleerlingwet No.26 van 1922.

71. Nywerheidsversoeningswet No.11 van 1924.

72. Vir 'n uitvoerige klasse-ontleding van die implika=sies van die Nywerheidsversoeningswet vir swart georgani=seerde werkersoptrede sien Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, Vol.2, no.6, 1976, pp.6-20.

73. Davies, "The class character of South Africa's Industrial Conciliation Legislation", South African Labour Bulletin, Vol.2, no.6, 1976, pp.6-7.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die swartbevolking ten tyde van die Pakt se bewindsoorname reeds 'n onder=horige posisie binne die blank-gedomineerde samelewing beklee het. Die Pakt het hierdie 'Naturelle'- beleid voortgesit. In 1924 het organisasies soos die ICU en die SAKP die Pakt tydens sy verkiesingstryd nog ondersteun. Twee jaar later, met die inwerkingtreding van die kleur=slagboomwetgewing, het daar weinig optimisme vir die Pakt in swart kringe geheers.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

# REAKSIE VAN DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS

## 3.1 DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS AS SWART POLITIEKE ORGANISASIE IN DIE TWINTIGERJARE

Die ANC was in die twintigerjare nie 'n sterk organisasie nie. Dit het mank gegaan aan dinamiese leierskap en talle eertydse lede het by die ICU aangesluit. Die jaar 1925 is beskryf as een van die swakste jare in die organisasie se bestaan. Korrespondensie is nie beantwoord nie en resolusies is geïgnoreer. Daar was 'n gebrek aan fondse omdat geen fondsinsamelings georganiseer is nie. Geen ledelyste het meer bestaan nie en dit was trouens nie eers 'n uitgemaakte saak of die organisasie wel enige lede gehad het nie.[1]

Die gebrek aan steun is klaarblyklik veroorsaak deur die feit dat die ANC hom nie op swart werkersbelange toegelê het nie, maar bloot as middelklas politieke organisasie gefunksioneer het. Dit is inderdaad in 1912 as 'n poli=tieke uitlaatklep vir die politiekbewuste swart middel=klas gestig.

Die stigtingsvergadering is deur swart hoofmanne en leiers van die verskeie swart organisasies bygewoon.[2] Die stigterslede was oorwegend lede van die opkomende swart middelklas, die sg. 'petit bourgeoisie' - geestelikes, onderwysers, tolke asook enkele suksesvolle

---

1. M. Benson, <u>The African Patriots</u>, pp.55-56.

2. Walshe, <u>The rise of African Nationalism</u>, p.34.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



boere en handelaars. Hulle was nie vakbondlede nie en nie radikaalgesind nie.[3]

As middelklas organisasie het die ANC nooit werklik by die stryd van die werkersklas betrokke geraak nie. Slegs gedurende die tydperk onmiddellik na die Eerste Wêreld=oorlog, is blyke van steun vir werkersoptrede, veral in die Transvaal, getoon. In 1918 het die ANC die staking van munisipale werkers aan die Witwatersrand gesteun en in 1920 die swart mynwerkerstaking. Ook het die ANC die paskwessie opgeneem aangesien dit 'n negatiewe uitwerking op swart lone gehad het.[4] In 1918 is 'n deputasie na die waarnemende eerste minister gestuur om te kla oor die paswette en in 1919 het die ANC die anti-pasveldtog gesteun.[5]

In die na-oorlogse tydperk het die ANC die gemeenskaplike belange van die werkersklas en die 'petit bourgeoisie' weerspieël hoewel hier nog geensins sprake van enige klasalliansie was nie.[6]

In die twintigerjare het die ANC teensinnig geraak om as 'n werkersorganisasie te funksioneer.[7] Die twintiger=jare was egter 'n tydperk waarin swart werkersbelange op die voorgrond van swart politiek was, vandaar die geweldige aanhang wat die ICU kon opbou. Verstedeliking

---

3. T. Lodge, <u>Black politics in South Africa since 1948</u>, pp.2-3; Benson, <u>The African Patriots</u>, p.50; Walshe, <u>The rise of African Nationalism</u>, pp.34-37.

4. T. Lodge, "Organised black political resistance, 1912-1950", <u>Reality</u>, Maart 1981, p.5; S.W. Johns, "The birth of non-White trade unionism", <u>Race</u>, Oktober 1967, pp.176-177.

5. E. Kahn, "Pass Laws" in E. Hellman (ed.), <u>Handbook on race relations in South Africa</u>, pp.282-283.

6. Lodge, <u>Black politics</u>, pp.3-4.

7. S.W. Johns, "The birth of non-White trade unionism in South Africa, <u>Race</u>, Oktober 1967", p.178.

en die verbrokkeling van hul onafhanklike kapteinskappe het meegebring dat die swart bevolking reeds oorwegend verproletariseer was. Volgens die 1921-sensusverslag het geskoolde en semi-geskoolde arbeiders - onderwysers, geestelikes, winkelassistente, ambagslui, polisieamptena=re en ander ongespesifiseerde geskoolde werkers - maar 0,8% van die totale swart bevolking uitgemaak.[8] Die middelklas of 'petit bourgeoisie' was klein en het betreklik maklik met die 'rank and file' of dan die werkersbelange geïdentifiseer.[9]

Die swak posisie van die ANC word nêrens duideliker geïllustreer as in die leierskrisis wat die organisasie in die twintigerjare beleef het nie. Uitgesproke leiers soos Sol Plaatje, Charlotte Maxeke en I. Bud-Mbelle, wat eens aktief binne die ANC was, kon hulle nie meer voltyds vir die organisasie beywer nie. In 1924 het eerwaarde Z.R. Mahabane president-generaal van die ANC geword. Hy het nie dieselfde militante impak as byvoorbeeld Clements Kadalie gehad nie[10] en is voorts hewig deur die ANC gekritiseer toe hy in 1926 die regering se jaarlikse Naturellekonferensie in Pretoria bygewoon het, sonder dat hy amptelik deur die ANC daartoe afgevaardig is.[11] Swart leiers wat aktief binne die ANC was, het terself=dertyd die oplossing elders begin soek. Thema en Mahabane het byvoorbeeld by die Gesamentlike Rade aangesluit terwyl J.T.Gumede hom tot die KPSA gewend het.[12] Die

---

8. U.G.37 - 24, <u>Sensusverslag</u> 1921, p.244.

9. Sien H. Bradford, "Mass movements and the petty bourgeoisie: The social origins of the ICU leadership, 1924 - 1929", <u>Journal of African History</u>, Vol. 25, No. 3, pp.295-310.

10. Benson, <u>African Patriots</u>, pp.54-55.

11. <u>African World</u>, 9 Januarie 1926.

12. Benson, <u>African Patriots</u>, pp.57-58.

ANC kon dus nooit werklik tot 'n werkersorganisasie omskep word nie en die Kommuniste wat sedert 1926 gepoog het om die organisasie te infiltreer se aanhang het beperk gebly.

Die Kommunistiese invloed op die ANC het veral vanaf J.T.Gumede, stigterslid van die ANC en algemene president van die Natal ANC,[13] gekom. Die Natal ANC het trouens reeds in 1924 'n verradikaliserende element getoon toe militante leiers soos Gumede en A.P. Maduna tot die uitvoerende raad gekies is. Hulle is egter steeds oor=skadu deur die stam-élite en die 'petit bourgeoisie'.[14] Ook in die Wes-Kaap was 'n radikale element reeds teen=woordig en het Eliot Tonjeni en Bransby Ndobe gestreef na nouer samewerking met die KPSA.[15] Gumede en J. LaGuma, ook van die Kaapse tak van die KPSA het in Februarie 1927 die Internasionale Kongres van die Bond teen Imperialisme in Brussels bygewoon. Daarna het Gumede ook besoek aan die Sowjet Unie gebring.[16]

Gumede het met sy terugkeer na Suid-Afrika verslag gedoen van sy besoek aan Sowjet Unie, of soos hy dit gestel het, aan die 'new Jerusalem'. Sy boodskap het veral tot die werkersklas gespreek:

> The Russian peasant had been before the revolution in the same condition than the natives of South Africa were in today. They

---

13. T.D.M. Skota, The African Yearly register, pp.150-151.

14. N.L.G. Cope, The Zulu Royal Family and the South African government, 1910 - 1933: Solomon ka Dinizulu, Inkhata and Zulu Nationalism, Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit Natal, pp.274-275.

15. Maylam, A history of the African people of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970's, p.157.

16. Simons and Simons, Class and Colour, pp.218-219.

> united against oppression killed the Czar, drove out the rulers. In Russia today everything belonged to the people."[17]

Gumede se boodskap het byval gevind en in Junie 1927 is hy tot president van die ANC verkies.

Die ANC sou van nou af poog om die saak van die swart werker op hom te neem. Tydens die 1927-jaarkongres in Bloemfontein is daar op 'a new line of policy compared with the past' besluit, naamlik dat die organisasie nouer by die lot van die werkersklas betrokke sou raak. 'n afsonderlike departement van arbeid, die 'African Labour Congress', is gestig om direkte aksie teen die sogenaamde kapitalistiese eksploiteerders te loods.[18] Gumede het ook in hierdie tyd vergaderings regoor die land toegespreek.

Desondanks die leierskap van Gumede het die gematigde element steeds deurslaggewend gebly. Die 'League of African Rights' wat byvoorbeeld deur die KPSA gestig is om te veg vir vryheid van spraak, onderwys, stemreg en die afskaffing van die paswette, is nie deur die ANC ondersteun nie.[19] Die middelklas element binne die ANC het steeds oor die radikale element geseëvier. Tydens die 1928-konferensie in Bloemfontein is die verbroedering tussen die ANC en die KPSA sterk deur die Raad van Hoofmanne afgekeur. 'n Sogenaamde "orthodox chief on 'royalist' line" (alias die South African Worker) het Gumede se siening van die Sowjet Unie as 'n vry en wonderlike land in twyfel getrek:

---

17. South African Worker, 27 Februarie 1928; Rand Daily Mail, 27 Februarie 1928.

18. South African Worker, 15 Julie 1927. Sien ook Simons en Simons, Class and Colour, pp.392-393.

19. Walshe, The rise of African Nationalism, p.175.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> The Czar was a great man in his country, of royal blood like us chiefs, and where is he now? ...It will be a sad day for me when I am ruled by the man who milks my cows or ploughs my fields.[20]

Daar is wel nie op hierdie byeenkoms ooreengekom om totaal bande tussen die ANC en die KPSA te breek nie.[21]

Die ANC het voorts nie die Kommuniste se doelstelling van 'n Swart Republiek (sien pp.70-77 hieronder) ondersteun nie, maar wou eerder verandering binne die bestaande bestel teweegbring. Teen laat 1929 was Gumede feitlik geïsoleerd van sy Uitvoerende Raad wat uit meer gematigde lede soos T.M. Mapikela, Selby Msimang, D.S.Letanka en Selope Thema bestaan het.[22] In 1930 is hy inderdaad vanweë sy kommunistiese neigings as president-generaal van die ANC uitgestem.[23]

Teen 1930 was slegs 'n klein groepie ANC-lede bereid om die pasbrandery wat die KPSA vir die 16de Desember beplan het, te ondersteun.[24] Die radikaalgesindes binne die ANC het daarna weggebreek en in 1930 die Onafhanklike ANC in die Weskaap gestig. Dit sou dien as 'n militante bevrydingsbeweging wat hom sou beywer vir die KPSA se Onafhanklike Swart Republiek. Diè organisasie was van korte duur en het na die skorsing van Ndobe en Tonjeni uit die ANC verdwyn.[25]

---

20. South African Worker, 13 April 1928.

21. South African Worker, 13 April 1928.

22. Walshe, The rise of African Nationalism, p.175.

23. UCT, Ballinger-versameling, A5.VII.14, Thema's report, 12 Maart 1930.

24. Walshe, The rise of African Nationalism, p.139.

25. M.Pheko, Apartheid: The story of a dispossessed people, p.129.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die leierskapskrisisse binne die ANC het ook sy lidmaat=skap beïnvloed. Teen 1929 het die organisasie feitlik geen aanhang meer gehad nie. W.G. Ballinger wat in 1927 as raadgewer vir die ICU vanuit Engeland gekom het, het na aanleiding van die Bond teen Imperialisme se uitno=diging aan die ANC na 'n konferensie in Parys, opgemerk dat:

> They have been appointed from a small category of African Congress people. They represent no one but themselves. The Congress is practically defunct.[26]

Aangesien die ANC egter gedurende die 1930s herleef en vanaf die veertigerjare die leiding in Swart versetpoli=tiek in Suid-Afrika geneem het, is dit tog die moeite werd om, ten spyte van daardie organisasie se swakheid gedurende die 1920s, van sy houding ten opsigte van die Pakt-regering se arbeidswetgewing kennis te neem.

## 3.2 REAKSIE VAN DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS OP DIE LOONWET, 1925

Die ANC het nie werklik aandag aan die Loonwet gegee nie. Die gebrek aan reaksie vanaf die ANC kan enersyds toege=skryf word aan die swak posisie van die organisasie en andersyds aan die feit dat dit nie vakbondgerig was nie. Tydens die veertiende jaarlikse kongres van die ANC wat in April 1925 in Johannesburg gehou is, is daar gekla oor die passe vir vroue. Geen melding is egter van die Loonwet gemaak nie.[27]

Meshach Pelem van die Bantu Union, 'n organisasie wat met die ANC geaffilieer was,[28] was skynbaar een van die

---

26. UCT, Ballinger-versameling, A5.5.3.3., Ballinger aan vriend, 16 Januarie 1929.

27. Cape Times, 20 April 1925.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



enigste lede wat hom oor die Loonwet uitgelaat het. In 'n rede gelewer tydens 'n ontmoeting tussen die premier en 'n groep swartes in Queenstown op 8 September 1925, het hy gekla oor die regering se apatiese houding en onvermoë om vir swartes 'n leefbare minimumloon te verseker.[29]

## 3.3 REAKSIE VAN DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS OP DIE MYNE EN BEDRYWE WET (1911) WYSIGINGSWET, 1926

Walshe, wat 'n deeglike studie van die ANC gemaak het, is van mening dat die organisasie nie werklik enige noemens=waardige verset teen die kleurslagboomwet geloods het nie. Hy beklemtoon eerder die swak organisatoriese posisie van die ANC gedurende die periode vanaf 1924 tot die middel dertigs. Die enigste krediet wat hy die organisasie gee, is dat hulle die beleid van beskaafde arbeid en die kleurslagboomwet gesien het vir wat dit was - 'n onderafdeling van Hertzog se omvattende oplossing vir die Naturelle-vraagstuk en 'n poging om, buite die reservate, blanke baasskap onbestrede te vestig.[30] Daar is egter duidelike dokumentêre getuienis van ANC-protes teen die wet, veral wanneer die optrede van individuele ANC-lede, wat gewoonlik uit die politiekbewuste swart bourgeoisie afkomstig was, nagevors word.

Mahabane, president van die ANC, het onmiddellik na die indiening van die kleurslagboomwetsontwerp, die leiding geneem deur die uitvoerende komitee byeen te roep vir 'n buitengewone vergadering in Bloemfontein, "...in view of

---

28. J. Grobler, <u>A decisive clash? A short history of Black protest politics in South Africa, 1875 - 1976</u>, p.58.

29. <u>Cape Times</u>, 8 September 1925.

30. Walshe, <u>The rise of African Nationalism</u>, p.109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



the most critical times we are experiencing due to recent legislation in Parliament..."[31] Dit totale afwesigheid van enige getuienis oor die beoogde buitengewone vergadering dui daarop dat dit nooit plaasgevind het nie.

Tydens die jaarlikse kongres van die ANC in die Batho-lokasie in Bloemfontein in Junie 1926, is daar besluit om 'n telegram aan die Goewerneur-generaal te stuur waarin hy gevra word om sy goedkeuring van die wet te weerhou ten einde die ANC 'n kans te gee om hul kritiek teen die wet te formuleer. Daar is ook tydens dié vergadering besluit om, indien hierdie poging misluk, 'n petisie aan die Britse Koning te stuur.[32] Hoewel daar weinig van al hierdie planne gekom het, dui dit duidelik op die ANC se afkeer aan die segregasionistiese rigting wat die Pakt begin inslaan het. Daar is ook tydens die vergadering besluit om 'n komitee wat 'n studie van die segregasie-wetsontwerpe sou maak, aan te wys.[33]

Mahabane het in sy presidensiële rede geen doekies om die ANC se houding gedraai nie en gesê dat die regeringslede met die passering van die kleurslagboomwet bewys het hulle is

> ...absolutely unqualified and unfitted for the responsibility of legislating for the weaker and unrepresented races of the land...[34]

Sy rede is egter ook insiggewend in die sin dat dit reeds dui op 'n vroeë verwerping van, soos hy dit gestel het, die Pakt se "policy of exclusion". Vir Mahabane en

---

31. Carter/Karis mfm. reel 13B, Omsendbrief van Mahabane, 13 Julie 1925.

32. <u>The African World</u>, 24 Julie 1926; <u>Cape Times</u>, 24 Julie 1926.

33. <u>The African World</u>, 24 Julie 1926.

34. <u>The Friend</u>, 25 Junie 1926.

trouens vir andere in die swart gemeenskap het die rege= ring met die aanvaarding van die kleurslagboomwet gewys dat hy nie die belange van die hele Suid-Afrikaanse bevolking op die hart gedra het nie.

> ...they have openly and shamelessly acted in the exclusive interests of one section only of the community (sic) at the expense of those who have rigidly and ruthlessly been excommunicated from the political 'Israel'....[35]

Benewens die resolusies, wat tydens die jaarvergadering aangeneem is, het die verskillende provinsiale afdelings van die ANC aktief op die wet gereageer. Die Natal African Congress het op 16 Mei 1926 in die Cartwright's Flats in Durban vergader en 'n aantal resolusies teen die wet aanvaar. Dit is aan die Goewerneur-generaal oorhandig. Daarin word 'n beroep op hom gedoen "...to veto the Colour Bar (Bill) Act or reserve it for His Majesty's Pleasure."[36]

In die Parade in Kaapstad is 'n betoging onder leiding van die Kaapstadse ANC gehou om, soos hulle dit gestel het, te protesteer teen die beleid van die Pakt-regering in sake die "Colour Bar Bills, Segregation and the Asiatic Bill". Die vergadering is deur etlike honderde mense bygewoon.[37]

Die <u>African World</u>, 'n koerant wat deur James S. Thaele, Kaapse provinsiale sekretaris van die ANC, uitgegee is,[38] het ook die kleurslagboom gekritiseer. Die

---

35. <u>The Friend</u>, 25 Junie 1926.

36. GG 50/1220, Gumede aan Governor-General, 18 Mei 1926.

37. <u>Cape Times</u>, 15 Februarie 1926.

38. L. Switzer en D. Switzer, <u>Black Press in South Africa and Lesotho</u>, pp.28-29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koerant het tydens die debat oor die kleurslagboomwet in die parlement gereageer in 'n artikel waarin daar neerha= lend op die kontensieuse uitsprake van parlementslede gelet is. Barlow sou byvoorbeeld gesê het dat "it is only in heaven where natives may expect to get equal pay for equal work." Die blad het ook gewaarsku dat die "racial Bill" soos hulle dit genoem het nie 'n beter verstand= houding tussen wit en swart sou meebring nie.[39]

Aangesien die ANC se ondersteuners dikwels uit die sogenaamde politiekbewuste swart élite afkomstig was, is dit vanselfsprekend dat individue 'n bydrae tot die verset teen die wet sou lewer. So byvoorbeeld het Sol T. Plaatje, wat reeds sedert die bewindoorname van die Pakt, segregasie as basis vir die regering se Natu= relle-beleid verwerp het, onmiddellik in die pers op die publikasie van die wetsontwerp teen die einde van 1924, gereageer. Daarna sou hy by elke moontlike geleentheid teen die wetsontwerp kapsie maak totdat dit in 1926 wet geword het. Hy het gewys op die teenstrydighede in die argumente om die wet te probeer regverdig en ook Smuts geprys oor sy opposisie teen die wet.[40]

'n Ander individu wat ook 'n ANC-lid was en wat sy kommer oor die kleurslagboomwet uitgespreek het, was R.W. Msimang. Benewens die feit dat hy die haas waarmee die wet deur die parlement gejaag is afgekeur het, het hy Hertzog daarop gewys dat die wet 'n negatiewe houding teenoor sy toekomstige Naturelle-beleid sou skep.

> This undue rushing through Parliament ....is not only having an unsettling effect in the minds of the natives, it is fostering a harmful bias

---

39. The African World, 15 Julie 1925.

40. B.P. Willan, The role of Solomon T. Plaatje (1876 - 1932) in South African society, Ongepubliseerde D.Phil tesis, Universiteit van London, p.249.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



towards your proposals.[41]

Msimang meen voorts dat deur die wet terug te hou die regering "...would enhance its goodwill and demonstrate its good intentions towards voiceless people in regard to the Prime Minister's forthcoming proposals."[42] Ook sy hoofargument teen die wet was die feit dat "...it cuts off all civilized Natives from progress."[43]

Dit is opvallend dat die kleurslagboomwet die ANC uit sy isolasie laat wegbreek het. Die feit dat die ANC in die tydperk met organisasies soos die ICU, Gesamentlike Rade en selfs die Kommuniste begin saamwerk het, kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die Pakt se beleid van 'beskaafde arbeid'.

Die ANC het ontdek dat sy teenkanting teen die wet op dieselfde gronde as die van die Gesamentlike Rade berus het. Beide organisasies was van mening dat die proses van industrialisasie 'n gemeenskaplikheid tussen die verskil= lende rasse geskep het.[44] ANC-lede soos Gumede het deurgaans die Gesamentlike Rade se aksieveldtog teen die kleurslagboomwet ondersteun. Ook Plaatje het in 1926 na Kaapstad gereis om Rheinallt Jones in die Gesamentlike Rade se stryd by te staan.[45]

Voorbeelde van samewerking tussen die ANC en die ICU is volop. Die ANC het nou trouens die ICU voorgegaan in die

---

41. Wits, SAIRR, B72.1.1, R.W. Msimang aan Hertzog, 28 April 1926.

42. Wits, SAIRR, B72.1.1, R.W. Msimang aan Hertzog, 28 April 1926.

43. Wits, Joint Councils-versameling, Cj2.1.6a, Msimang aan Thema, 20 April 1926.

44. Walshe, <u>The rise of African Nationalism</u>, pp.189-190.

45. Willan, <u>The role of Solomon T. Plaatje</u>, p.250.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



inisiëring van protesbyeenkomste. In Februarie 1926 het die ANC tydens 'n geheime sitting in Bloemfontein 'n plan van aksie aangeneem waarvolgens die ANC die kleurslagboom en die segregasiebeleid van die regering sou teenstaan. Die samewerking van die ICU is ingeroep en op 17 Februa= rie 1926 is 'n swart optog in Johannesburg gehou.[46] In Mei 1926 het die Natalse tak van die ANC, in samewerking met die ICU, 'n massabyeenkoms te Pietermaritzburg gehou waarna 'n aantal resolusies aan die Goewerneur-generaal oorhandig is. Dié byeenkoms het dit betreur dat die Eerste Minister nie 'n 'Naturelle'-deputasie, wat teen die wet kapsie wou maak, wou ontmoet nie.

> ....Had the Prime Minister agreed to a Deputation composed of Natives only, being heard at the Bar of the House, he and his supporters would have heard the views and the true views of the Natives themselves...[47]

In Junie 1926 het die ICU en die Vrystaatse tak van die ANC 'n gesamentlike byeenkoms gehou in die Waaihoekse-lokasie in die OVS. Verskeie sprekers het die gehoor oor die kleurslagboomwet toegespreek. 'n Resolusie is aange= neem dat die wet nie in belang van die land was nie, aangesien "...the Africans have an equal claim with whites for consideration in this, the land of their birth".[48]

Ook met die Kommuniste is groter kontak gemaak. Tydens 'n vergadering op die Parade in Kaapstad, wat deur die Kaapstadse tak van die ANC georganiseer is, het plaaslike lede van die Kommunistiese Party die geleentheid benut om bietjie propaganda te maak. Kommunistiese lektuur is te

---

46. _Cape Times_, 17 Februarie 1926.

47. GG 50/1221, D.J. Sioka, Alg. Sekr. Natal African Congress aan Goewerneur-Generaal, 17 Mei 1926.

48. _Workers' Herald_, 15 Junie 1926.

koop aangebied. Prominente lede van die KPSA het ook die byeenkoms toegespreek.[49]

Die kleurslagboomwet het ook in 'n mate bygedra tot groter samewerking oor die kleurgrense heen. Dr. Abduhrahman van die APO is byvoorbeeld genooi om tydens die ANC se jaarlikse kongres in Junie 1926 in Bloemfontein 'n boodskap te lewer - 'n uitnodiging wat hy terstond aangeneem het.[50]

Vir die ANC het hul wrewel jeens die oorspronklike wets=ontwerp ook nie afgeneem toe dit deur die parlement aan=geneem is nie. In 1927 het Mahabane steeds daarop gewys dat die wet "...was steamrollered, helter-skelter..."[51] Daarmee het die regering die deur vir alle vooruitgang vir die swart bevolking toegemaak en 'n beleid aanvaar om laasgenoemde sonder hulle toestemming te regeer.

Dit was ook op hierdie basis dat die ANC Hertzog se vier wetsontwerpe sou verwerp. Uiteindelik sou die kleurslag=boomwet die hele reeks van diskriminerende wette vir die swart mense beliggaam. Soos Mahabane, die ANC-leier, dit in sy presidensiële rede in 1927 duidelik opgesom het:

> The policy of exclusion or political segregation of the Black man, embodied in the Colour Bar clauses of the South Africa Act of 1909, perpetuated in the Smuts Native Affairs Act of 1920, and enunciated in the famous Smithfield speech of November 13, 1925, was being given its finishing touches by the Hertzog Native Bills now lying on the table of Parliament.[52]

---

49. Cape Times, 15 Februarie 1926.

50. The Friend, 24 Junie 1926.

51. The Friend, 4 Januarie 1927.

52. The Friend, 4 Januarie 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 3.4. GEVOLGTREKKING

Dit blyk dus dat die ANC, hoewel dit nooit 'n werkersorganisasie was nie, tog in die twintigerjare by die stryd van swart werkers betrek is. Die rede hiervoor lê grootliks in die beleidsrigting wat die Pakt ingeslaan het. Hoewel Hertzog se vier wetsontwerpe die meeste aandag getrek het, het die beleid van 'beskaafde arbeid' en die kleurslagboomwet ook aandag getrek.

Daar moet egter gewaak word teen 'n oorbeklemtoning van die ANC se optrede teen die beleid van 'beskaafde arbeid'. Feit bly staan dat die organisasie nie goed georganiseer was nie, sy leierskap nie 'n verenigende rol gespeel het nie en die organisasie nie werklik voldoende fondse gehad het nie. Die verset van die ANC word dus heeltemal oorskadu deur die daadwerklike en gekoordineerde verset van ander buite-parlementêre organisasies.

# HOOFSTUK 4

# REAKSIE VAN DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA

## 4.1 DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA AS SWART POLITIEKE ORGANISASIE IN DIE TWINTIGERJARE

Die KPSA is in 1921 gestig toe die 'International Socia= list League' en ander sosialistiese organisasies saamge= smelt het.[1] Aanvanklik was dit 'n blanke organisasie wat onder die banier 'Workers of the world unite and fight for a White South Africa' vir die belange van blanke werkers geveg het. Die gebrek aan werkersolidari= teit oor die kleurgrense heen, blyk duidelik uit die 1922-staking wat juis oor die bedreiging wat goedkoper swart arbeid vir blanke arbeiders ingehou het, gevoer is. Simpatie met swart werkers was tot omstreeks 1922 beperk tot enkele negrofiliste binne die KPSA soos S.P.Bunting, E.R. Roux en W.Kalk.[2] Geen swart lidmaatskap het op daardie stadium bestaan nie.[3]

Wat was die verhouding tussen die KPSA en die Pakt? Tydens die 1924-verkiesing het die KPSA die Pakt in alle kiesafdelings behalwe in die Weskaap gesteun.[4] Binne die raamwerk van die Marxisme is Afrikanernasionalisme as anti-Imperialisme geïnterpreteer en die Pakt as 'n alli= ansie tussen werkers uit die industriële- en landbousek=

---

1. Roux, Time longer, p.198; Simons en Simons, Class and Colour, pp.329-330.

2. Roux, Time longer, pp.189-199; Simons en Simons, Class and Colour, p.324.

3. Roux, Time longer, pp.198-199.

4. Simons en Simons, Class and Colour, p.313.

tore.[5] Die KPSA het, as 'n werkersorganisasie, tot die Arbeidersparty aangetrokke gevoel en tot 1924 jaarliks aansoek om affiliasie met die Party gedoen.[6] Die vloei= bare verhouding tussen die KPSA en die Arbeidersparty blyk voorts uit die feit dat twee KPSA-lede, Bill Andrews en C.F.Glass, onderskeidelik tot president en sekretaris van die SATUC verkies is. Andrews was ook grootliks verantwoordelik vir die redelik nie-rassige konstitusie van die SATUC. Die toenadering van die KPSA is nie deur die Arbeidersparty verwelkom nie en aansoeke om affilia= sie is telkens verwerp.[7] Tydens die 1924-verkiesing verklaar Creswell selfs dat die Bolsjewistiese uitlatinge van lede van sy party 'n verleentheid is en deur SAP-koerante uitgebuit word.[8]

Sedert 1924 het die KPSA-beleid 'n kentering ondergaan. Negrofiliste binne die organisasie het veld gewen. Tydens die 1924-jaarkongres is besluit om nie weer om affiliasie met die Arbeidersparty aansoek te doen nie. Van toe af sou die KPSA hom uitsluitlik op die swartes toespits.[9] Teen 1926 was die opposisie van die KPSA jeens die Pakt duidelik. Die Pakt is daarvan beskuldig dat hy wettige vakbondbedrywighede onderdruk het en vakbondleiers in hegtenis geneem het. Die South African Worker berig selfs dat "The Pakt.... has let loose a campaign of oppression against the native workers.[10]

---

5. Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, p.313.

6. Roux, <u>Time longer</u>, pp.198-200; Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, pp.310-313.

7. Simons, <u>Class and Colour</u>, pp.329-330.

8. Creswell, <u>An Epoch</u>, p.95.

9. Roux, <u>Time longer</u>, p.201.

10. <u>South African Worker</u>, 1 Oktober 1926.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Teen 1929 het die KPSA die Pakt nie meer gesteun nie. Bunting en Wolton het as KPSA-kandidate, in respektiewe= lik die kiesafdelings Temboland en die Kaapse Vlakte gestaan.[11] Die verkiesingskwessie was, wat hulle betref, die volgende:

> ...The chief bone of contention between the two bigger parties is merely as to which shall control the exploitation of the native labour force in South Africa, the farmers or the mining and commercial capitalists, Afrikaner or British imperialism, in neither case, of course, for thebenefit of the native but for the profit to bemade of his toil.[12]

Hoe groot was die aanhang van die KPSA onder die swart bevolking?

Die KPSA het op allerlei wyses gepoog om sy invloed binne die swart werkersklas uit te brei. Daar is gepoog om swart organisasies soos die ICU en die ANC se steun te werf. Deur middel van aandskole ('night schools') is die kommunistiese ideologie aan stedelike swart werkers verkondig. Voorts is die party se koerant, die South African Worker, tot 'n swart koerant omskep met enkele artikels in inheemse Afrikatale. Volgens Roux was dit die eerste werklike kommunistiese koerant in Suid-Afrika.[13]

Die aandskole het 'n sukkelbestaan gevoer. Die ongelet= terdheid van die swartes was 'n byna onoorkomelike probleem. Die kommuniste moes maar tevrede wees met die "'raw native', who often can barely speak English", aan=

---

11. Roux, <u>Time longer</u>, pp.217-231.

12. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, <u>Bunting's Election Address</u>, 1929.

13. E. Roux, "The Bantu Press", <u>Trek</u>, 24 Augustus 1945, p.12.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gesien intellektuele swartes organisasies soos die ICU of ANC bo die KPSA verkies het. Hierdie organisasies was gewoonlik finansieel sterker en het beroepsmoontlikhede ingehou.[14]

Hoe suksesvol het die KPSA sy invloed binne bestaande swart organisasies uitgebrei?

Ten spyte van die uiteindelike onvermoë om die ICU tot Marxisme te bekeer, het die KPSA tog daarin geslaag om 'n direkte invloed binne die organisasie uit te oefen. Tot aan die einde van 1926 is ICU-lede nie verbied om aan die KPSA te behoort nie. Prominente ICU-lede soos Thomas Mbeki, T.W.Thibedi, J.A.LaGuma, John Gomas, en E.J. Khaile het aan die KPSA behoort.[15] Tydens 'n Nasionale Raadsvergadering van die ICU in Port Elizabeth op 16 Desember 1926 is daar, grootliks deur Kadalie se toedoen, besluit om die kommuniste uit die ICU te skop. Die breuk van 1926 was oënskynlik oor LaGuma se nominasie as lid van die KPSA-afvaardiging na die Brusselse kongres teen die onderdrukking van koloniale minderhede en die feit dat hy nie offisieël van die ICU magtiging daartoe gehad het nie. Kadalie het weer die KPSA-lede daarvan beskuldig dat hulle deur blankes beïnvloed is. Die werklike rede was egter dat dit veral KPSA-lede in die ICU was wat oor korrupsie in die ICU-hoofkantoor gekla het.[16] Aanvanklik het hierdie groep, (LaGuma, Khaile, Gomas en Mbeki) geweier om te bedank, maar hulle is die

---

14. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, leêr 3, Afskrif van brief van Roux waarskynlik aan dr. Norman Leys, 16 September 1928. Sien ook Roux, Time longer, pp.202-203; Walshe, The rise of African Nationalism, p.170.

15. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, pp.84, 98.

16. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, pp.106-109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



volgende dag daartoe geforseer.[17] Mbeki en 'n Indiër-lid van die Kaaplandse ICU het besluit om uit die KPSA te bedank en binne die ICU te bly.[18]

Die geskorste lede het in 'n ope brief die 'rank and file' van die ICU gevra om hul skorsing teen te staan. Die South African Worker het 'n manifes gepubliseer waarin die KPSA onomwonde sy betrokkenheid by die swart werkerstryd omskryf het en gepleit het vir die afskaffing van paswette en inboek-arbeid, gelyke besoldiging, gelyk=heid van alle werkers ongeag ras of velkleur asook vryheid van werkersorganisasies. Ook sy vriendskap met die ICU is uitgespel - " The Communist Party is not in opposition to the ICU. It is a political party, whereas the ICU is a trade union." 'n Beroep is gedoen dat Kadalie, Champion en ander teengestaan moes word in hulle 'pogings om die ICU op te breek'.[19]

Die KPSA-Kongres van Januarie 1927 het die skorsing van die kommunistiese lede uit die ICU beskryf as: "an act calculated to split the Union and betray the non-European masses of South Africa into the hands of Government master class."[20] Uit die reaksie wat die skorsing van die kommuniste uit die ICU uitgelok het, blyk dit dat die KPSA wel aanhang binne die organisasie gehad het. Onmid=dellik na die skorsing van die KPSA-lede, het ICU-lede in sentra waar bekende KPSA-lede was teen hierdie stap geprotesteer. In die Koster-lokasie, naby Port Elizabeth, is 'n ICU-vergadering opgebreek toe KPSA-lede permissie

---

17. Killie Campbell, Mabel Palmer-versameling, Lêer 18, National Secretary's report for 1926; Kadalie, My life and the ICU, pp.98-100.

18. Roux, Time longer, p.164.

19. South African Worker, 24 Desember 1926.

20. South African Worker, 7 Januarie 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geweier is om hul saak te stel. Volgens Roux het honderde swart werkers daarop hul eie vergadering gehou waartydens die Nasionale Raad van die ICU gevra is om onvoorwaarde= lik die geskorste lede weer in hul ampte te herstel.[21] In Johannesburg het die weeklikse byeenkoms van die ICU, waartydens Kadalie oor die skorsing van die Kommmuniste verslag gedoen het, byna op chaos uitgeloop. 'n Sterk 'rooi element' was aanwesig en het soveel oproer veroor= saak dat Mbeki nie sy voorsitterskap kon handhaaf nie. 'n Orkes moes deur die ICU gebruik word om die oproerige gemoedere te kalmeer.[22]

Die ICU het geen gehoor gegee and die KPSA se oproep om herinstelling van die KPSA-lede nie. Die KPSA kon nie daarin slaag om 'n betekenisvolle gedeelte van die ICU om hulle te verenig nie. Na die skorsing was die KPSA, ten spyte van die Komintern se gevoel dat hulle die ICU moet probeer bekeer,[23] wantrouig jeens dié organisasie. Veral Roux was gekant teen die ICU en het infiltrasie as onprakties beskou.[24] Daarby het die ICU in elk geval sedert 1927 begin disintegreer en weinig gewin vir die KPSA ingehou.

In 1928 het die Komintern 'n gans nuwe beleidsrigting jeens die werkerstryd in Suid-Afrika ingeslaan wat ver= reikende ideologiese implikasies vir die KPSA sou inhou. Tydens die sesde Komintern-kongres wat vanaf Julie tot

---

21. Roux, <u>Time longer</u>, pp.164-165.

22. <u>South African Worker</u>, 31 Desember 1926; Roux, <u>Time longer</u>, pp.165-167.

23. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Leêr 3, Roux aan Norman Leys, 16 September 1928.

24. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, Roux aan CPSA dear Comrades, 3 Maart 1928; Wits, Ballinger-versameling, C.2.3.7, Leêr 3, Roux aan Norman Leys, 16 September 1928.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



September 1928 in Moskou gehou is, is die probleme rondom kolonialisme bespreek. Suid-Afrika het noodwendig ter sprake gekom. 'n Nuwe beleid is uitgestippel naamlik dat die proletariaat en die werkersklas verenig moes word ten einde die kapitaliste én die bourgeoisie omver te werp.[25] Dit lyk asof hierdie bourgeoisie die blanke werkersklas sou geïmpliseer want daar word melding gemaak van "...the interests of the S.A. bourgeoisie are beco= ming more and more blended with the interests of British financial and industrial capital, and the white bourgeoi= sie is becoming more and more inclined to compromise with British imperialism".[26] Die uiteindelike slagspreuk wat die kongres aangeneem het was "...an independent native South African Republic as a stage towards the Workers and Peasants' Republic, with full safeguards and equal rights for all national minorities"[27], in kort - 'n republiek gebou op swart nasionale werkersbelange.

Die nuwe rigting van die Komintern het sterk teenkanting vanaf die blanke KPSA-lede uitgelok.[28] Bunting, wat persoonlik op die kongres teenwoordig was, het gevoel dat dit die blanke werkersklas, wat reeds sy lojaliteit jeensdie kommunisme tydens vorige stakings bewys het, misken het.[29] Volgens hom het die nuwe slagspreuk

---

25. S.A. Miscellaneous documents, reel 5, 38th session, VI congres, 20.8.1928, pp.3-5.

26. Carter/Karis mfm, reel 9, The Communist Interna= tional, The South African Question - Resolutions of the ECCI, 13 November 1928.

27. Pheko, <u>Apartheid: The story of a dispossessed people</u>, p.52; Ranuga, <u>Marxism and black nationalism</u>, pp.119-125.

28. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 1, Wolton aan Roux, 8.5.1928; S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, 38th session, VI congress, 20 Augustus 1928.

29. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, 38th session, VI congress, 20 Augustus 1928, p.4, <u>Official copies of speeches of South African delegates to Comintern Conference</u>, 1928, p.189a.

daarop neergekom het dat die swartes se vryheidstryd of te wel hulle nasionale stryd as meer fundamenteel beskou as die klassestryd.[30] Hy wys daarop dat, alhoewel die swartes in Suid Afrika onder addisionele verdrukking is, naamlik "...that of race by race as well as class by class," die klassestryd steeds prioriteit moes bly: "The national racial aspect of the African struggle is thus something additional to the class struggle..."[31] Die gevaar van hierdie oorbeklemtoning van die nasionale stryd van die swart proletariaat het vir Bunting en ander lede van die KPSA daarin gelê dat dit uiteindelik die blanke werkersklas sou bedreig.

> It is no longer a mere case of the national and class movements coinciding... Here the white exploited race are of the very race which the native exploited are, as nationalists, fighting against.

Benewens die feit dat die blanke werkersklas hierdie nuwe rigting sou verwerp sou dit die KPSA aan vervolging deur die regering van die dag blootstel.[32]

Vir Roux het die resolusie van die Komintern daarop neergekom dat "we must inscribe on our banner 'Not a White South Africa, but a Black South Africa.'"[33] Dit en ander slagspreuke soos: "South Africa is a black country" en "the return of the country to the black

---

30. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, 38th session, VI Congress, 20.8.1928, p.4.

31. S.P. Bunting, <u>Imperialism and South Africa: Being a report on behalf of the delegates of the S.A. Communist Party on their return from the Vi Congress of the Communist International, Moscow 17th July - 1st September 1928</u>, pp.22-23.

32. S.A. Miscellaneous documents, mfm, reel 5, 38th session, VI Congress, 20.8.1928, p.12.

33. S.A. Miscellaneous documents, mfm, reel 5, Roux, The new slogan and the revolutionary movement among white workers in S.A., 30.7.1928, p.4.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



population" sou die blanke werkersklas vervreem en was boonop nie korrek nie.[34]

Die meerderheid blanke lede in die KPSA het gevoel dat die stryd in Suid-Afrika rondom solidariteit tussen blanke en swart werkers moes gaan. Teen 1929 het meeste blankes die KPSA verlaat - Bunting, Roux, Baker, Weinbren, Sachs, Petersen, Andrews, Glass en mevv. Glass en Bunting was die enigste oorblywende lede. Voorts was daar onenigheid tussen Bunting, Roux en die Glasses aan die een kant en Weinbren, Sachs, en Baker aan die ander, terwyl Andrews hom op hierdie stadium feitlik van KPSA-aktiwiteite onttrek het.[35]

Benewens die uittog van blankes uit die KPSA het die idee van 'n Swart Republiek ook vanuit swart geledere weinig aanhang gekry. Waaraan kan die gebrek aan belangstelling toegeskryf word?

Volgens Ballinger was kommunisme en die idee van 'n Swart Republiek van meet af vir die swart bevolking onaanvaar= baar: "Communism is anathema to the majority of Native Africans..." Hy skryf dit toe aan individualisme, die begeerte om veestapels op te bou asook die lojaliteit jeens stamtradisies. Volgens hom sou die idee van 'n Swart Republiek slegs tot die swartes spreek omdat dit sou beteken dat hulle van die blanke ras ontslae kon raak.[36]

---

34. S.A. Miscellaneous documents, mfm, reel 5, 38th Session, VI Congress, 20.8.1928, pp.9, 11.

35. UCT, Ballinger-versameling, A5.III.6, Dokument getiteld <u>Joint meeting ICU of Africa, African Congress, Non-European federation of trade Unions, Communist Party, League of African Rights, Independent ICU</u>, 6 November 1929.

36. Carter/Karis mfm, reel 13B, <u>The Industrial and Commercial Workers' Union of Africa</u>, Ballinger, Circa 1929.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Bunting het trouens self tydens die Komintern se kongres daarop gewys dat daar in Suid-Afrika op daardie stadium geen werklik nasionale beweging onder swartes was nie en definitief geen beweging ter stigting van 'n Naturelle-Republiek nie.[37] Die ANC, die enigste organisasie wat enigsens nasionale belange verteenwoordig het, het trouens feitlik geen aanhang gehad nie en die gewildheid van die ICU kon eerder aan klas- as aan nasionale belange toegeskryf word.

Swartes wat erkende kommuniste was, was oud-ICU lede soos Stanley Silwana, E.J. Khaile en J. Gomas. Die aandskole het enkele lede soos T.W. Thibedi gewerf. In 1928 het Albert Nzula, S.M. Kotu en J.B. Marks bygekom asook Johannes Nkosi, Gana Makabeni en Moses Kotane.[38]

Die KPSA se grootste sukses was egter geleë in swart vakbonde wat, sedert 1927, parallel met blanke vakbonde gestig is. Kommuniste soos Kalk, Sachs, Klenerman en Weinbren was behulpsaam om vakbonde vir 'n verskeidenheid van swart industriële werkers soos wasserywerkers, bakkerywerkers, kleremakers en matras- en meubelwerkers te stig. Hierdie vakbonde is onder die oorkoepelende swart vakbondfederasie, die South African Federation of Natives Trade Unions (voortaan SAFNTU) georganiseer. Weinbren was die voorsitter van SAFNTU en Thibedi die sameroeper.[39]

Hoewel die ledetal van SAFNTU hoegenaamd nie met die van die ICU vergelyk kan word nie, is hierdie vakbondfedera=

---

37. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, 38th Session, VI Congress, 20.8.1928.

38. Roux, Time longer, pp.202-203; Walshe, The rise of African nationalism, pp.170-171.

39. Simons en Simons, Class and Colour, pp.376-377; Roux, Time longer, p.207.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sie tog vir hierdie studie van besondere belang. Omdat hulle lede in georganiseerde vakbonde gegroepeer was en oor 'n sekere mate van geskooldheid beskik het, het hulle sterker bedingingsmag gehad en het hulle trouens belang=rike reaksie op Loonwetgewing getoon.

Wat die ondersteuning van hierdie vakbonde deur die swart werkerskorps aan betref, het Weinbren tydens 'n gesament=like sitting van die uitvoerende rade van die SATUC en die ICU, in Augustus 1928 gesê dat daar op daardie stadium 7 of 8 sulke vakbonde bestaan het met 'n totale ledetal van tussen 6 000 en 7 000 werkers.[40] Teen 1929 was daar volgens hom ongeveer elf vakbonde met 'n ledetal van 10 000.[41] Stein het in sy studie van die SAFNTU egter bevind dat daar slegs vir 3 612 lede van hierdie vakbonde afdoende bewyse bestaan alhoewel hy toegee dat Weinbren se beraming van lidmaatskap in 1928, waarskynlik korrek is as in ag geneem word dat die organisasie in 1929 vanweë interne finansiële probleme lede verloor het.[42] Voorts beweer Roux dat, ofskoon die organisasie nie baie lede gehad het nie, dit tog op 'n gesonde basis georganiseer was.[43]

Die vakbonde vir wasserywerkers, klerewerkers, matras- en meubelwerkers en bakkerywerkers was in die tydperk 1928 - 1929 besonder aktief.[44] In Julie 1928 het die swart

---

40. Wits, Ballinger-versameling, E.2.39, leêr 10, Minutes of Joint meeting of National Executive Council of SATUC and Executive of ICU, 30 Augustus 1928.

41. Star, 18.2.1929.

42. M. Stein, African Trade Unionism on the Witwaters=rand, 1928 - 1940, Ongepubliseerde hons. opstel, Wits, 1977, pp.24-25.

43. UCT, Ballinger-versameling, A.12.II.3, Roux aan Ballinger, 19 Maart 1929.

44. Stein, African Trade Unionism, p.24.

wasserywerkers hulle krag bewys met 'n aantal stakings. Ook is 'n ooreenkoms met die blanke wasserywerkersvakbond aangegaan wat wedersydse samewerking en konsultasie sou behels. Ook die meubel- en matraswerkersvakbond het in 1928 'n samewerkingsooreenkoms gesluit, hoewel daar aan=sienlik minder kontak tussen die blanke en swart vakbon=de in hierdie industrie was. Daarteenoor is die Witwa=tersrandse kleremakersvakbond wat in 1929 gestig is, gekenmerk deur die hoë mate van samewerking met die blanke vakbond. Wat die bakkerywerkers aan betref, was daar bykans geen kontak tussen die blanke werkers en die swart vakbond, wat in 1928 as die "African Bakers Union" gestig is, nie.[45]

Alhoewel daar onderlinge samewerking was tussen die verskillende vakbonde wat tot SANFTU behoort het, was daar geen sprake van solidariteit nie. Uitgebreide stakings het byvoorbeeld nooit voorgekom nie. Voorts het die SANFTU nooit daarin geslaag om swart mynwerkers in vakbonde te organiseer nie, hoewel hulle die behoefte daaraan besef het.[46]

In 1929 is die 'League of African Rights' deur Gumede gestig as frontorganisasie van die KPSA met Gumede as president.[47] Die doel was om landswye stakings te reel en om 'n petisie, met 'n beoogde miljoen handtekeninge, teen die afskaffing van die Kaapse stemreg op te stel. Voorts vra hulle dat nie-blanke stemreg na ander provin=sies uitgebrei moet word, vrye onderwys vir swartes en die afskaffing van die paswette. Hul slagspreuk was

---

45. Stein, <u>African Trade Unionism</u>, pp.23-25; Simons en Simons, <u>Class and Colour</u>, pp.376-377.

46. Stein, <u>African Trade Unionism</u>, pp.25-26.

47. Ranuga, <u>Marxism and Black nationalism</u>, pp.125-129.

'Mayibuye' of 'Gee terug ons land'[48].

Volgens Roux het die 'League of African Rights' die inisiatief geneem om die besluite van die Komintern uit te voer, nl. "...to unite existing embryonic national organisations among the natives".[49] Die 'League' is deur die ANC en interessant genoeg ook deur Ballinger se ICU ondersteun.[50] Dit is egter spoedig ontbind omdat Moskou dit gesien het as 'n "unnecessary distraction from the required course of action - establishment of an independent black republic."[51]

Dit is moeilik om die omvang van die KPSA se aanhang onder die swart bevolking te bepaal. Nadat die party hom in 1925 tot die swart massas gewend het, het sy ledetal gegroei tot 200 in 1927 en 1 600 in 1928. In 1929 is die jaarlikse kongres bygewoon deur 30 afgevaardigdes waar= van 20 swartes en kleurlinge was en 10 blankes. Hulle het bykans 3 000 lede verteenwoordig.[52] As die invloed van die KPSA op SAFNTU, wie se ledetal tussen 3 000 en 10 000 geskat kan word, bygereken word, was die invloed van die KPSA betekenisvol. Voorts meld Roux dat die party sy aan= hang op die platteland vergroot het. In die Vereeniging-lokasie is'n vergadering van die KPSA in 1926 deur sowat

---

48. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, Omsendbrief van massavergadering van die 'League of African Rights', 25 Augustus 1929.

49. S.A. Miscellaneous documents mfm, reel 5, Afskrif van konsepbrief waarskynlik Roux aan 'dear comrade', circa Oktober 1929.

50. Ranuga, Marxism and Black nationalism, p.129; Scholtz, Ontwikkeling van die Politieke denke van die Afrikaner, Vol.7, 1924 - 1939, p.248.

51. Ranuga, Marxism and Black nationalism, p.129; Scholtz, Ontwikkeling van die Politieke denke van die Afrikaner, Vol.7, 1924 - 1939, p.248.

52. Simons, Class and Colour, p.406; Walshe, The rise of African nationalism, p.170; Roux, Time longer, p.217.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 000 swartes bygewoon waarna etlike honderde van hulle by die party aangesluit het. Thibedi se byeenkoms in Potchefstroom in dieselfde jaar is deur 1 000 mense bygewoon.[53]

Desondanks het die party swak gevaar in die kiesafdelings waar hulle tydens die 1929-verkiesing kandidate gestel het, en dit ten spyte van die feit dat die kieserskorps in hierdie kiesafdelings oorwegend swart was. In die Transkei kon Bunting slegs 289 stemme op hom verenig terwyl Wolton sy deposito verloor het. Hoewel Roux hierdie resultate grootliks aan die inmenging van die polisie toeskryf,[54] kan aangeneem word dat die aanhang van die kommunistiese leerstellinge in die twintigerjare nie so groot was as wat sy ondersteuners gedink het nie.

## 4.2 REAKSIE VAN DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA OP DIE LOONWET, 1925

Die onmiddellike reaksie van die KPSA op die Loonwet was hulle kritiek dat dit plaasarbeiders en huisbediendes, volgens hulle die mees onderbetaalde en geëksploiteerde werkers, uitgesluit het.[55] Desondanks het die KPSA se Federasie van Swart Vakbonde (SAFNTU) sedert 1928 van die Loonraad gebruik gemaak.[56] In industrieë soos die klerebedryf, wasserye, die meubel- en matrasindustrieë en bakkerye, waar werkers reeds in vakbonde georganiseer

---

53. Roux, <u>Time longer</u>, p.205.

54. Roux, <u>Time longer</u>, pp.217-231.

55. Sachs, E.S., <u>The Anatomy of Apartheid</u>, pp.218-219.

56. Die Federasie het voortdurend geadverteer dat swart werkers klagtes oor lae lone en swak werksomstandighede by hulle moes indien sodat hulp verleen kon word in versetaksies. Sien bv. <u>The South African Worker</u>, 31 Augustus 1929.

was, is gepoog om die lone van vakbondlede deur middel van die Loonraad te verbeter. In 1928 het E.S. Sachs, sekretaris van die Reef Native Trade Assistants' Union, 'n omvattende verslag aan die Loonraad voorgelê toe laasgenoemde ondersoek gedoen het na lone, werksure en werksomstandighede van swart werkers in eethuise.[57]

Gedurende 1928 en 1929 het die Loonraad dan ook deur middel van minimumloonvasstellings, die posisie van onge= skoolde werkers - swart en wit - in hierdie industrieë aansienlik verbeter. In die Witwatersrandse bakkery en verversingsbedryf het die totale weeklikse lone van swart werkers gestyg vanaf 19s.7d. in Mei 1926 tot 21s.8d.in Mei 1928. In die Pretoria-streek het lone tot 22s.7d. inNovember 1927 gestyg. In die lekkergoed-industrie het gemiddelde weeklone dwarsoor die land tussen Februarie 1926 en Februarie 1928 gestyg vanaf 20s.9d. tot 25s. In die bakkerye-industrie het gemiddelde weeklikse lone gestyg vanaf 16s.5d. tot 18s.6d.[58] Die impak van die Loonraad word duidelik geïllustreer deur die feit dat werkgewers, na die publikasie van minimumlone in die Staatskoerant, op groot skaal probeer het om dit te ontduik.[59] Selfs die stigting van die swart bakkerywer= kersvakbond in 1928 is geïnspireer deur die nuus dat die Loonraad besig was om gunstige loonvasstellinge in dié beroep te oorweeg.[60] Die Loonraad het in der waarheid die groei van industriële vakbonde gestimuleer[61] omdat

---

57. Weekly News: Industrial and Commercial Workers' Union of Africa, 5 Desember 1928.

58. Carter/Karis mfm, reel 9B, National European Bantu Conference, Cape Town, 6 - 9 Februarie 1929, Rede deur F.A.W. Lucas, "Natives and the Wage Act", pp.203-205.

59. Stein, African Trade Unionism, p.19.

60. South African Worker, 17.2.1928.

61. Roux, Time longer, p.209; D. Ncube, Black trade Unions in South Africa, p.51.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dit swart werkers van 'n forum voorsien het waardeur hulle hul griewe kon lug.

Die KPSA-vakbonde het egter, in teenstelling met die ICU-beweging en die Gesamentlike Rade, gekla dat die Departemente van Arbeid en Naturellesake nie baie behulpsaam was nie. Die blanke klerewerkersvakbond het byvoorbeeld klagtes teen die Departement van Arbeid gelug.[62] 'n Uitsondering was egter dat F.A.W. Lucas, as voorsitter van die Loonraad, die hoogste lof ontvang het.[63]

Die reaksie van die KPSA op die Loonwet vorm ook 'n teen= stelling met dié van ander politieke groepe, omdat daar by eersgenoemde 'n groter vrees was dat minimumloonvas= stellings kon lei tot afdankings van werkers en 'n groter aanspraak vanaf werkgewers dat "..the inefficient worker will have to go...".[64] Op 13 Desember 1926 is minimum= lone vir werkers in klerefabrieke en lekkergoedfabrieke neergelê. Die verslaggewer van die Cape Times, wat die uitwerking hiervan ondersoek het, het bevind dat daar onrustigheid onder sowel werkgewers as werknemers in Port Elizabeth en Kaapstad bestaan het oor die uitwerking van die vasstellings aangesien swart werkers afgedank kon word. Dit blyk egter dat slegs werkgewers werklik onder= vra is,[65] wat beteken dat die Cape Times se bevinding nie sondermeer aanvaar kan word nie.

Die kommunistiese vakbonde het voorts van uitgebreide stakings gebruik gemaak. Dit is egter interessant dat

---

62. Stein, African Trade Unionism, p.20.

63. E.S. Sachs, The anatomy of apartheid, p.219; Roux, Time longer, pp.208-209; Simons en Simons, Class and Colour, pp.337-338.

64. Cape Times, 15 Desember 1926.

65. Cape Times, 15 Desember 1926.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hierdie stakings gebruik is om minimumlone, soos deur die Loonraad vasgestel, af te dwing.[66] Dit dui dus daarop dat dit nie die Loonraad as sodanig was wat misluk het nie, maar eerder die Loonwet omdat minimumlone nie deurgaans deur die wet afdwingbaar was nie. Lucas se verklaring hiervoor was dat loonraadsvasstellings dikwels deur hofuitsprake op tegniese punte verwerp is, wat werk=gewers die gaping gegee het om laer lone as deur die Loonraad vasgestel, te betaal. Hy is egter van mening dat minimumlone wel afdwingbaar was aangesien lone op dienskontrakte aangedui moes word en dus deur amptenare van die Departement van Arbeid gekontroleer kon word. Daarteenoor het talle werkgewers wel die Loonraad se minimumlone betaal, die uitsprake van die howe ten spyt.[67]

Uitgebreide stakings het in 1928-29 voorgekom. Hierdie stakings is georganiseer deur vakbonde wat onder die vaandel van SAFNTU gestaan het. In April 1928 het swart klerewerkers in die Johannesburg-omgewing gestaak om betaling op Goeie Vrydag; in September 1928 het 170 lede van die Transvaal Mattress Company gestaak; in Oktober 1928 was daar 'n drie uur lange staking by die firma Louis en Metz om oortydbetaling en in November 1929 het 200 matraswerkers vir bykans 10 dae gestaak. Al hierdie stakings was skynbaar suksesvol. Na die November-staking is swart werkers gearresteer, maar weer vrygelaat op grond daarvan dat die werkgewer die wet oortree het. In Januarie 1929 het swart wasserywerkers gedreig om te staak indien loonvasstellings nie gehandhaaf word nie.[68]

---

66. Roux, Time longer, pp.208-211.

67. Carter/Karis mfm reel 9B, National European Bantu Conference, Cape Town, 6 - 9 Februarie 1929, Rede deur F.A.W. Lucas, "Natives and the Wage Act", p.203.

68. Stein, African Trade Unionism, p.21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Verdere onderskeid tussen die ICU en die vakbonde wat deur die SAFNTU georganiseer is, was dat laasgenoemde beter in staat was om tussen wettige vakbondbedrywighede en algemene politieke retoriek te onderskei. Sake waaroor gestaak is was lone, oortydbetaling, werksure en onreg= verdige ontslag. Desondanks was hulle nie apolities nie.[69] Daar is selfs geoordeel dat die Loonwet die mobilisering van gemengde vakbonde sou stimuleer aange= sien verskille tussen die hoogs-geskoolde en ongeskoolde arbeiders daardeur grootliks uitgewis sou word.[70]

Die sukses waarmee werkers van die kommunistiese vakbonde gestaak het kan enersyds toegeskryf word aan die feit dat hulle oor 'n mate van geskooldheid beskik het en dus nie summier deur ander arbeiders vervang kon word nie. Ander= syds het die grootskaalse uitbreiding in die handels- en industriële sektor 'n groot mark vir swart arbeiders geskep.[71]

## 4.3 REAKSIE VAN DIE KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA OP DIE MYNE EN BEDRYWE WET (1911) WYSIGINGSWET, 1926

Benewens sy ondersteuning aan ander organisasies wat hierteen beswaar gemaak het, bestaan daar nie veel getui= enis van daadwerklike KPSA-optrede teen die kleurslag= boomwet nie. Die voorgestelde program van die KPSA wat tydens die Partykongres op 30 Desember 1924 aanvaar is vir voorlegging aan die verskillende takke van die party, stel 'n reeks eise namens die werkersklas van Suid-Afrika. Daaronder word talle griewe wat ook in die lite=

---

69. Ncube, <u>Black Trade Unions</u>, p.53.

70. Roux, <u>Time longer</u>, p.326; Ncube, <u>Black Trade Unions</u>, p.55.

71. Stein, <u>African Trade Unionism</u>, pp.13-14.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ratuur van ander swart organisasies voorkom, genoem, soos gelyke besoldiging ongeag kleur, die reg tot stakings, aanvaarbare werksure en die afskaffing van sekere belas= tings.[72] In teenstelling met ander organisasies se eise word hier egter geen melding van die kleurslagboom gemaak nie.

Tydens die bespreking van die wetsontwerp in die parlement is enkele artikels daaroor wel in die South African Worker gepubliseer. Daarin word teen die wet te velde getrek veral omdat die Arbeidersparty hom met die wet vereenselwig het. In 'n artikel wat op 9 Julie 1926 verskyn het, is die Arbeidersparty se bevooroordeeldheid gekritiseer. Die artikelskrywer het aangevoer dat "...the chief aim and object of that Party was to 'keep the native in his place' ....It was the SALP delegates on the May Day Commitee who threatened to withdraw if native workers were allowed to march in the procession." Vandaar dat die skrywer sarkasties die vraag vra of die Arbei= dersparty simpatiek sou wees jeens die swart werker in sy stryd teen die wet? "Oh yes, the Labour Party will be sympathetic, we don't think."[73]

Tydens die KPSA se jaarlikse kongres in 1926 is nog geen werklike protes teen die rigting wat die Pakt ingeslaan het, aangeteken nie. In plaas daarvan is die moreel van die Party op hierdie stadium erg geknou deur die skorsing van sy lede uit die ICU. Om sake te vererger was die bywoning tydens hierdie kongres maar swak.[74] Hierdie

---

72. CPSA, South African Communists speak: Documents from the History of the South African Communist Party, 1925 - 1980, Document 34: Draft Communist Party Programme adopted by the Party conference on December 1924, for submission to branches, pp.83-84.

73. South African Worker, 9 Julie 1926.

74. H.R. Pike, A history of Communism in South Africa, p.148.

verwikkelinge bied 'n moontlike verklaring vir die apatie van die KPSA jeens die kleurslagboomwet. Dit is ook moontlik dat die kleurslagboomwet op sigself verdeelde lojaliteite by blanke kommuniste sou skep. Aan die een kant het die wet die semi-geskoolde blanke werker beskerm, maar aan die ander kant het dit semi-geskoolde swart werkers aan diskriminasie uitgelewer. Hierdie skeuring tussen die negrofiliste en ander blanke KPSA-lede het vir 'n lang tyd 'n verlammende uitwerking op die kommunistiese beweging gehad.

'n Ander moontlike rede waarom die KPSA nie daadwerklik teen die wet kapsie aangeteken het nie, is die feit dat die kommuniste, vanweë hul vakbondgerigte organisatoriese agtergrond, meer insig as ander organisasies in industri=ële omstandighede gehad het en waarskynlik besef het dat die wet buite die myne nie veel trefkrag sou hê nie. Die South African Worker het in 1927 die wet beskryf as "pernicious in principle and more notorious abroad than any other part of the South African native policy", maar bygevoeg dat dit eintlik maar proporsioneel min werkers, wit of swart, geraak het.[75] Aangesien Hertzog se vier interafhanklike wetsontwerpe oor onder andere stemreg en grondbesit so kort na die aanvaarding van die kleurslag=boomwet gevolg het, is die KPSA se aandag spoedig deur laasgenoemde in beslag geneem en kan selfs geredeneer word dat die kommuniste besef het dat hierdie wette potensieël meer gevaarlik vir swart- en werkers-belange was.

Die KPSA was wel bewus van die ontevredenheid wat die kleurslagboomwet onder die swart bevolking uitgelok het en berig byvoorbeeld in Julie 1926 dat

> ...a steady undercurrent of discontent is mani=festing itself amongst the wide masses of native

---

75. South African Worker, 4 Februarie 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> peoples against the proposed segregation policy. Fierce anger was aroused as a result of the passing of the Colour Bar Bill, and this has in no way abated in view of the proposal to withdraw the Cape franchise...[76]

Dit sou ook verkeerd wees om summier te aanvaar dat die KPSA niks gedoen het om die kleurslagboomwet te keer nie. Individuele kommunistiese lede het hard tydens organisa=sies soos die ICU en ANC se vergaderings meegewerk. Dikwels is dit ook as geleenthede beskou om propaganda vir kommunistiese leerstellings te maak. Met die ICU-byeenkoms in die Workers' Hall, Johannesburg in Oktober 1925 is daar teen die kleurslagboom geagiteer. Twee bekende lede van die KPSA, W.H. Andrews en G.F. Glass, het tydens hierdie byeenkoms opgetree en 'n beroep op die swart bevolking gedoen om hulle te verenig in hul verset.[77] In Februarie 1926 het die ANC 'n uitgebreide propagandaveldtog in Bloemfontein georganiseer om hoof=saaklik teen die kleurslagboomwet en die segregasiewetge=wing te protesteer. Kadalie van die ICU het tydens die byeenkoms opgetree en ook E. Roux en La Guma wat beide uitgesproke kommuniste was.

Dit is duidelik dat die passering van die kleurslagboom=wet gedurende die 1925-1926 parlementsessie saamgeval het met 'n laagtepunt in die geskiedenis van die KPSA. Hier=die gegewendheid verklaar in 'n groot mate die afwesig=heid van sterk verset teen die wetgewing van die kant van die kommuniste. Dit beteken geensins dat die kleurslag=boom stilswyend aanvaar is nie. Selfs drie jaar later, tydens die KPSA se sewende jaarlikse kongres in 1929,

---

76. <u>South African Worker</u>, 30 Julie 1926

77. Killie Campbell, Marwick-versameling, Leêr 74, The translation by Alfred Assegai of article in the "Workers' Herald" dated 15th October 1925.

word daar talle politieke, sosiale, regtelike, arbeids-, en grondeise gestel. Een van die eise was: "Repeal of the colour bar laws and regulations."[78]

## 4.4 GEVOLGTREKKING

Die KPSA het die Pakt tydens die algemene verkiesing van 1924 gesteun. Teen 1929 was die KPSA een van die regering se felste kritici. Die voor-die-hand-liggende rede hier=voor was die feit dat die KPSA hom daadwerklik vir die swart werker begin beywer het, soveel so dat meeste blanke KPSA-lede die Party in die periode 1924-1929 verlaat het. Daarteenoor het die beleidsrigting wat deur die Pakt ingeslaan is allermins beloftes vir die swart bevolking ingehou.

Benewens enkele swart individue wat tot die Marxistiese leerstellinge bekeer is, kon die KPSA egter ook nie 'n betekenisvolle aanhang onder die swart bevolking opbou nie. Die rede vir dié gebrek aan populariteit lê klaar=blyklik in die sterk posisie van die ICU onder swartmense op hierdie tydstip asook in die vreemdheid van die kommunistiese ideologie vir die grootliks ongeletterde swart bevolking.

Desondanks gebrek aan steun uit nóg blank nóg swart gele=dere, was die KPSA baie aktief in die Pakt-era en het die party weerstand teen ongewilde, diskriminerende wetgewing gebied. Hulle het die werkerstryd met ywer aangepak en vakbonde georganiseer. Hulle het aktief aan die Loonraad deelgeneem en die geskroom om hulle tot stakings te wend

---

78. CPSA, South African Communists speak, Document 44, Programme of the Communist Party of South Africa adopted at the seventh annual conference of the Party on January 1, 1929, p.105.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ten einde hoër lone te bekom nie. Hoewel hulle nie baie aktief op die kleurslagboomwet gereageer het nie en in dié verband deur die Gesamentlike Rade oorskadu is, het hulle nogtans, in die geheel gesien, aktief weerstand teen die arbeidsbeleid van die Pakt gebied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 5

# REAKSIE VAN DIE INDUSTRIAL AND COMMERCIAL WORKERS' UNION

## 5.1 DIE INDUSTRIAL AND COMMERCIAL WORKERS' UNION AS SWART WERKERS- EN POLITIEKE ORGANISASIE IN DIE TWINTIGERJARE.

In die tydperk 1924 - 1929 het die ICU, wat as die eerste werklike 'swart' vakbond beskou kan word, die swart politieke toneel in Suid-Afrika oorheers.

Die ICU is in 1918 in Kaapstad gestig onder leiding van Clements Kadalie, 'n voormalige Njassalander. Die eerste lede was oorwegend Kleurling-dokwerkers maar die organi=sasie het vinnig na die swart bevolking uitgebrei. 'n Tak van die Industrial Workers of Africa (IWA) was teen die middel van 1919 onder Kaapse dokwerkers georganiseer en het met die ICU meegeding. Tydens die dokwerkerstaking van 1919, waaraan beide die ICU en IWA deelgeneem het, is die aansien van die ICU vergroot en die IWA in die organisasie geabsorbeer.[1]

Vanaf 1923 het die ICU tot 'n landwye organisasie met 'n massa-aanhang gegroei. Takke is landwyd gestig en in 1925 is die hoofkwartier na Johannesburg verskuif. Omstreeks 1926 het die organisasie 'n hoogtepunt belewe. Kort hierna is die ICU verswak deur interne verdeeldheid, finansiële wanbestuur en gebrekkige organisasie. In 1926 is die Kommuniste uit die organisasie geskors. In 1927 het Kadalie met sy Natalse provinsiale leier, A.W.G. Champion, gebots. Dit het gelei tot die afstigting van die Natalse vleuel - die ICU yase Natal. In 1927 het W.G.

---

1. Wickens, <u>The Industrial and Commercial Workers' Union</u>, pp.23-38.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ballinger as raadgewer uit Brittanje gekom. Wrywing tussen hom en Kadalie het egter gelei tot laasgenoemde se bedanking in 1928. Daarna het die organisasie feitlik oornag gedisintegreer.

Hoe groot was die aanhang van die ICU onder die swart bevolking?

Dit is feitlik onmoontlik om die presiese ledetal van die ICU te bepaal. Beide Kadalie[2] en W.G.Ballinger[3] het melding gemaak van 'n inkomste van 12 000 pond per jaar in goeie jare soos 1927, wat op aansienlike ondersteuning vir die organisasie dui.

Voorts kan aanvaar word dat die ICU deur talle swartes ondersteun is wat nie noodwendig ledegeld betaal het nie. Dit moet gesien word teen die agtergrond van die armoede onder swart plaasarbeiders, wat 'n groot persentasie van die ICU se aanhang uitgemaak het. Plaasarbeiders, die grootste enkele werkersgroep,[4] het byvoorbeeld selde kontantlone ontvang en huurarbeid [5] het tot in die dertigerjare steeds algemeen voorgekom.[6]

Ongelukkig kan die oplaag van die ICU-koerant, die Workers Herald, nie as betroubare barometer vir die organisasie se aanhang beskou word nie. Benewens die feit

---

2. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, Proposals for curtailing expenditure at Head office, 1927.

3. Carter/Karis mfm. reel 13B, Ballinger aan Holtby, 14.8.1928.

4. U.G.37 - 24, Sensus-verslag, 1921, p.244.

5. Werkers ontvang weiding of verblyf i.p.v. kontantlone vir arbeid gelewer.

6. M.L. Morris, "The importance of labour tenancy for agriculture in the twentieth century" in M. Murray, South African capitalism and black political opposition, p.248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dat dit feitlik onmoontlik is om die presiese leserstal van die koerant te bepaal,is daar, volgens Ballinger groot bedrae geld aan die subsidiëring van die koerant vermors.[7]

In 1927 het die ICU by die SATUC aansoek gedoen om affi= liasie op grond van 'n ledetal van 100 000. Bill Andrews, president van die SATUC, het gemeen dat hierdie getal oordrewe was.[8] Kadalie het egter hierdie getal tydens 'n konferensie van die Britse Arbeidersparty in Blackpool, Engeland, herhaal[9]. Omstreeks 1928 het hy selfs op 'n ledetal van 200 000 aanspraak gemaak![10]

Desondanks die gebrek aan klinkklare bewyse, kan aanvaar word dat die organisasie deur 'n wye spektrum van die swart bevolking - stedelinge, plattelanders en selfs stamhoofde[11] - ondersteun is. Vanweë die aanhang onder plaasarbeiders,[12] is die ICU trouens een van die weini= ge organisasies wat inligting kan bied oor die persepsie van die landelike swarte van die Pakt se arbeidsbeleid.

---

7. UCT, Ballinger-versameling, Leêr 4, C2.3.7, Ballinger, Adviser's report, 1927.

8. W.A. Andrews, Class struggles in South Africa, p.51.

9. UCT, Ballinger-versameling, A5.X.2.14.1, Kadalie, Memorandum submitted to delegates to the Labour Party Conference, 1927.

10. UCT, Ballinger-versameling, A5.VII.4, Kadalie, Development of African labour movement, 1928 (datum wat argief gee).

11. Unisa, Champion-versameling, box 36, Champion, ICU, (Paper for seminar on labour in South Africa, organised for Institute for Social Research, University Natal) 16 Oktober 1973.

12. Vir die groei en uitbreiding van die ICU op die Transvaalse platteland sien H. Bradford, "A taste of freedom", in B. Bozzoli, Town and countryside in the Transvaal: Capitalist penetration and popular response, pp.130-135; Sien ook Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, pp.118-121.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Voorts het die organisasie tereg daarop aanspraak gemaak dat dit die swart bevolking oor etniese grense heen verenig het.

Die ICU is nie deur die hele spektrum van die swart elite ondersteun nie. J.L.Dube, wat vanaf 1912 - 1917 President van die SANNC was, het dit beskou as 'n organisasie waarvan die "...methods and teachings are all wrong" en gewaarsku teen "...their misleading and dangerous propaganda, their absurd promises, their international socialist inclinations and communism". Dube was veral geskok oor die ICU se miskenning van stamtradisies.[13]

Wat was die verhouding tussen die Pakt en die ICU?

Die ICU het die Pakt tydens die 1924-verkiesing gesteun. Die pro-Pakt houding het onder andere uit 'n anti-Smuts gevoel ontstaan. Volgens swart opinie was die SAP verant=woordelik vir diskriminerende wetgewing soos die Unie-grondwet met sy ingeboude kleurslagboom, die Naturelle=sake Wet van 1920, die Naturelle (Stadsgebiede) Wet van 1923 en die Nywerheidsversoeningswet van 1924. Voorts is die swart gemeenskap verontrus deur die regering se han=tering van die Bondelswarts- en Bulhoek-voorvalle, waar=tydens enkele honderde swartes die lewe gelaat het.[14]

In 1921 het Kadalie in 'n brief aan Hertzog laasgenoemde om 'n finansiële bydrae vir die Bulhoek-slagoffers gevra. Hertzog het nie slegs 'n bydrae gelewer nie, maar ook sy simpatie met die swartes se saak betuig.[15]

---

13. Killie Campbell, Marwick-versameling, leêr 74, Dube aan Marwick, 24.2.1928.

14. Wickens, <u>The Industrial and Commercial Workers' Union</u>, pp.73-74.

15. Wickens, <u>The Industrial and Commercial Workers' Union</u>, pp.74-75.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar kan egter nie sondermeer aangeneem word dat Kadalie se optrede 'n sprekende voorbeeld is van die ICU se ondersteuning aan Hertzog en sy NP nie. Dit blyk dat Kadalie eerder op eie houtjie opgetree het. Tot 1923 het die ICU neutraal gebly, hoewel daar reeds tekens was dat hulle na die Arbeidersparty begin oorleun het.[16]

Teen 1924 het die ICU die Pakt gesteun. Daar is gevoel dat die Smuts-regering slegs in verkiesingstyd in die swartes belanggestel het. Voorts het Hertzog se voorgeno= me verdeling van die land vir hulle meer aanvaarbaar geklink as Smuts se eensydige segregasie.[17] Kadalie was van mening dat "a change of government was necessary and would be in the best interest of South Africa."[18]

Die bewindsoorname van die Pakt het saamgeval met die geweldige groei van die ICU. Na die vierde jaarlikse kongres van die ICU in 1924 is daar daadwerklik en suksesvol gepoog om die organisasie na ander provinsies uit te brei.[19] Die ICU het hom egter spoedig as 'n teenstander van die Pakt onderskei. Dit kan enersyds toegeskryf word aan die afsydige houding van die blanke vakbondraad, die SATUC, en laasgenoemde se noue verbinte= nis met die Arbeidersparty en by implikasie met die Pakt. Andersyds was daar 'n misnoeë jeens die segregasionistie= se beleidsrigting wat deur die Pakt ingeslaan is.

---

16. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, pp.75-79.

17. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, p.79.

18. C. Kadalie, My life and the ICU, pp.58-60. Sien ook Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, pp.73-80, vir 'n uiteensetting van die verhouding tussen die ICU en die Pakt.

19. UCT, Ballinger-versameling, A5.II.1, Kadalie, Manifesto, Industrial and Commercial Workers' Union of Africa, 9.7.1928.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



As vakbond het die ICU telkens gepoog om kontak met SATUC te maak. Toe Creswell in 1925 al die blanke vakbonde byeengekry het om 'n Vakbondraad te stig, is die swart vakbonde ooglopend geïgnoreer,'n situasie wat feitlik onveranderd deur die Pakt-era voortgeduur het. Dit het Kadalie by geleentheid laat opmerk:

> The most remarkable thing in the Trade Union movement in South Africa is that the White Unions have made no attempt in the past to absorb the black workers' movement. The ICU for instance, has received neither direct nor indirect support from officials of white unions.[20]

In 1926 het konfrontasie tussen die ICU en SATUC gevolg. Die ICU het naamlik direk met die Internasionale Federasie van Vakbondunies in Amsterdam kontak gemaak, waarop die blanke Vakbondraad geweier het dat sy verteenwoordiger die ICU-kongres van April 1926 sou open. Voorts het SATUC ook geweier om 'n afgevaardigde van die ICU by sy eie kongres te ontvang.[21]

Die ICU was egter vasberade om sy suksesvolle vereniging van swart werkers ook na die blanke werkers uit te brei. In April 1927 is die volgende resolusie tydens die jaarlikse kongres aangeneem en aan die SATUC deurgegee:

> ...we consider that the time has arrived when both the black and white workers of South Africa join in one national Trade Union movement,... presenting a united front against one common

---

20. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>The relation between white and black workers in South Africa</u>, 1927, p.5.

21. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>The relation between white and black workers in South Africa</u>, 1927, p.5.

> enemy - namely the arbitrary and unlimited power of capitalism.[22]

In November 1927 herhaal die ICU, op grond van sy beweerde 100 000 ledetal, sy pogings om met die SATUC te affilieer. In die lig van die erns van die saak besluit die SATUC om 'n byeenkoms van bestuursrade van al die Vakbondunies byeen te roep ten einde aanbevelinge aan die Nasionale Uitvoerende Raad van die SATUC te doen.[23] Tydens die byeenkoms is die aansoek van die ICU van die hand gewys. Die vernaamste oorweging vir die SATUC se besluit was die vrees dat dit die blanke stem binne die SATUC kon verdeel en dat blanke vakbondunies uit die SATUC sou wegbreek en die organisasie verswak.[24] Die SATUC was egter bereidwillig dat die Uitvoerende Rade van die twee organisasies wel van tyd tot tyd kon vergader om gemeenskaplike sake te bespreek.[25] Die ICU het hierdie kompromis, op grond van die rassevooroordeel wat dit weerspieël het, verwerp.

Die afsydige houding van die SATUC het bygedra tot die ICU se groeiende vyandigheid jeens die Pakt. Die algemene beleidsrigting wat die Pakt ingeslaan het, het egter ook

---

22. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>The relation between white and black workers</u>, 1927; Ballinger-versameling, UCT, A5.X.2.14.1, Kadalie, <u>Memorandum submitted to the delegates of the Labour Party Congress</u>, Blackpool, 1927.

23. UCT, Ballinger-versameling, A5.III.2, <u>South African Trades Union Congress. Minutes of meeting of National Executive Council with the executives of the affiliated Unions held in No.1 Trades Hall</u>, 15 Januarie 1928.

24. Sien Andrews, <u>Class struggles</u>, Appendix B, pp.60-64 vir volledige memorandum van die SATUC onderteken deur R. Stuart en W.H. Andrews, as gesamentlike sekretarisse.

25. Wits, Ballinger-versameling, E2.39, leêr 10, <u>S.A. Trades Union Congress. Minutes of Joint Meeting of National Executive Council and ICU</u>, 30 Augustus 1928.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die ICU verontrus en bygedra tot 'n vervreemding tussen hulle en die Pakt. Die segregasionistiese rassebeleid vandie Pakt het trouens die pogings van die ICU om kontak met die Britse Trade Union Congress te maak, onderlê. In 1926 het die nasionale kongres van die ICU 'n resolusie aangeneem dat hulle, in die lig van die fundamentele veranderinge in 'Naturelle'-beleid en op grond van Hertzog se Smithfield-toespraak, by die Britse Vakbond=kongres aansoek om affiliasie sou doen.[26]

Kadalie het hierdie standpunt onderskryf toe hy verklaar het dat "....the Government's policy of retrogression compelled the ICU to seek protection outside South Africa."[27] Dit was die Britse Vakbondskongres wat die ICU aangeraai het om met die Internasionale Federasie van Vakbondunies in Amsterdam kontak te maak.

Die ICU het 'n aksie geloods teen Hertzog se vier inter=afhanklike wetsontwerpe.[28] Die veldtog sou veral op die beginsel van 'geen belasting sonder verteenwoordiging' gevoer word.[29] In 'n omsendbrief word 'n verduideliking van die ICU se houding gegee:

> Now we have Acts passed one after the other deliberately intended to make it impossible for

---

26. Carter/Karis mfm. reel 13B, Omsendbrief van Kadalie aan National Council Members, 21 Oktober 1926.

27. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>The relation between white and black workers in South Africa</u>, 1927, pp.5-6.

28. Vir 'n breedvoerige ontleding van die ICU se reaksie op Hertzog se vier segregasiewetsontwerpe sien Haines, <u>The opposition to Genl. J.B.M. Hertzog's segregation bills.</u> Sien ook Carter/Karis mfm. reel 13B, <u>Demonstration against the Prime Minister's Native Bills</u>, Resolutions, 1928.

29. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>Economic and political programme for 1928</u>, submitted to eighth annual Congress of the ICU at Bloemfontein.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> the Native to be anything else but an unskilled worker in the land of his forefathers, the Pass Laws, the Native Urban Areas Act, the Colour Bar Bill and the people wonder why the ICU is growing in numbers every day.[30]

Dit was egter die paswette, wat volgens die ICU aangewend is juis om hul organisasie aan bande te lê, wat by swartes die meeste wrewel jeens die Pakt laat opvlam het. Toe Kadalie in 1926 deur die provinsiale owerhede 'n reispermit vir Natal geweier is, het hy die verbod geïgnoreer en is daarop in hegtenis geneem. Dit het skerp reaksie vanaf swartes uitgelok.

Geld is deur die ICU-hoofbestuur ingesamel om sy regskos= te te finansier[31] en 'n massavergadering is in Johan= nesburg gehou om teen sy arrestasie te protesteer.[32] Toe die hofuitspraak in die guns van Kadalie beslis is, is dit as 'n morele oorwinning vir die ICU beskou.[33]

Die ICU was veral oor die Naturelle Administrasiewet van 1927 verontrus. "It views with alarm the tendency of the Pact government to curtail the rigths of free speech and action by such measures as the Sedition Bill..."[34] Daar is trouens gemeen dat die wet direk teen die ICU gemik was, "...designed to interfere with the legitimate propaganda work of the Non European Trade Unionists".[35]

---

30. Unisa, Champion-versameling, Box 2, The Truth about the ICU, pp.3-4.

31. ICU yase Natal mfm. reel 3, Omsendbrief, National Secretary's Defence Fund, 22.4.1926.

32. South African Worker, 8 Oktober 1926.

33. M.W. Swanson, Champion of Durban, p.4.

34. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, ICU circular letter No. 2b. re. May Day Celebration, 27 April 1926.

35. Carter/Karis mfm. reel 13B, Brief van Staff of Head Office, ICU, Johannesburg, aan Champion, 2 Junie 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Vandaar dat dit bestempel is as die 'Kadalie Act'[36] en omdat dit werkersverset sou onderdruk as "a proclamation of martial law".[37] Teen 1928 het die ICU weinig illusies meer gehad en is Hertzog en sy Pakt gesien as "..the enemies of South Africa".[38]

In hoeverre was die ICU polities aktief in die Pakt - era?

Die ICU het daarop aanspraak gemaak dat dit 'n werkers= vakbond en nie 'n politieke organisasie was nie. Die uitsluitlike doel was om die werksomstandighede van swartes te verbeter en op hoër lone aan te dring. In 1923 is 'n resolusie aangeneem dat:

> This organisation resolves unreservedly to dissociate itself from any political body whatever and declares that its objectives are solely to propagate the industrial and social advancement of all the African workers through industrial organisation on constitutional lines.[39]

Ook Champion het eksplisiet verklaar

> We are neither a political union. We are as separate from the Political Organisation as the Trade Union of Great Britain is to the Labour Party.[40]

---

36. UCT, Ballinger-versameling, A5.II.1, Kadalie, <u>Manifesto of Industrial and Commercial Workers Union of Africa</u>, 9 Julie 1928.

37. UCT, Ballinger-versameling, A5.X.2.14.1, Kadalie, <u>Memorandum submitted to delegates, Labour Party Conference</u>, Blackpool, 1927.

38. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, leêr 2, Getuienis van Kadalie in hofsaak, <u>The King versus Clements Kadalie</u>, 29.05.1928.

39. Kadalie, <u>My life and the ICU</u>, p.56.

40. Carter/Karis mfm. reel 15A, Champion aan die prinsipaal, Nuttall Training Institution, 8.12.1926.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit was egter onafwendbaar dat die ICU die politieke strydbyl sou opneem omdat daar geen bevredigende konsti=tusionele kanale vir swartes was nie. "Deprived of all political means of redress for their grievances, the African workers saw in economic organisation their one hope of freedom."[41] Die ICU het daarop geroem dat die organisasie die stemlose swart massas van wettige konsti=tusionele kanale voorsien het waardeur hulle hul griewe kon lug en die onregte wat teen hulle gepleeg is kon aanspreek.[42]

Tydens die sitting van die Nasionale Raad van die ICU in Johannesburg in 1927, is Kadalie se nuwe konstitusie, wat hy met behulp van Creech Jones opgestel het en waarvol=gens die ICU op suiwer vakbonddoelstellinge georganiseer sou word, aanvaar.[43] Tydens die 1928-jaarvergadering van die ICU het Kadalie egter met 'n ekonomiese en 'n politieke program vir swart werkers vorendag gekom. Hy het nou daarteen beswaar aangeteken dat die vyande van die ICU die organisasie as 'n pseudo-politieke liggaam beskou het en gesê:

> ...we have no intention of copying the stupid and futile 'Non - political attitude of our white contemporaries. As Karl Marx said, every economic question is, in the last analysis, a political question also, ...in neglecting to concern ourselves with current politics, in

---

41. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>Open letter to Blackpool. South Africa a slave state</u>?; Ballinger-versameling, UCT, A5.X.2.14.1, Kadalie, <u>Memorandum submitted to delegates Labour Party Conference</u>, September 1927.

42. Unisa, Champion-versameling, box 2, <u>The truth about the ICU</u>, p.3.

43. Sien Carter/Karis mfm. reel 13B, <u>ICU minutes of National Council meeting, Johannesburg</u>, 18 - 25 November 1928.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> leaving the political machines to the unchallen= ged control of our class enemies, we are rendering a disservice to....our members..[44]

In 'n toespraak in Marabastad in April 1928, het Kadalie voor 'n skare van 500 mense verduidelik dat die politieke program verset teen Hertzog se voorgestelde segregasie-wetgewing sou behels. Voorts meld hy ook dat daar beoog word om saam met die ANC 'n protesdeputasie na die Eerste Minister te stuur om die afskaffing van die paswette te eis.[45]

Dit blyk dus dat die ICU nooit sy apolitieke beloftes gestand gedoen het nie. Dit is opvallend dat Champion se afgestigte ICU yase Natal ook pertinent in hul konstitu= sie melding van politieke doelstellinge maak.

> To strive constitutionally for Political emancipation and the full rights of citizenship, ...and, ultimately, equality in Church, state and social life.[46]

As 'n werkersvakbond het die ICU nooit gepoog om sy lede in afsonderlike vakbonde van dieselfde werkers te organi= seer nie. ICU bestuurslede was bewus van hierdie tekort= koming en wou hulleself eerder met die SATUC vergelyk.

> Does not the National Trade Union Council of South Africa embrace a hundred differing trades and occupations? The only difference between the

---

44. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, <u>Economic and political programme for the ICU</u>, 1928.

45. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, leêr 2, Getuienis van Kadalie in hofsaak, The King versus Clements Kadalie, 29.5.1928.

46. ICU yase Natal, mfm. reel 3, Constitution Industrial and Commercial Worker's Union yase Natal, Art. 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> ICU and the Trades Council is that the one con= sists of black men and the other of white.[47]

Die politieke optrede van die ICU is voorts deur Kommunistiese invloede onderlê.

Die konstitusie van die ICU was sterk Marxisties. Dit het die klassestryd en die behoefte aan die omverwerping van kapitalisme erken. Talle sinsnedes in die konstitusie bevestig die Marxistiese uitgangspunt:

> the interests of the workers and those of the employers are opposed to each other", "...while exploitation takes place... no peace can be between the two classes..."; en verder "...the means of production to be owned and controlled by the workers for the benefit of all, instead of for the profit of a few.[48]

Die ICU se jaarvergadering van 1923 is deur die bekende Britse kommunis, Tom Mann, geopen.[49] Die Workers Herald getuig voorts van bekende Kommuniste soos Bunting, Andrews, Sachs en Glass wat in 1926 dikwels vanaf ICU-platforms gepraat het. Kadalie het by geleentheid gesê dat die Russiese regering die enigste ter wêreld is wat werklik simpatiek jeens die werkersklas staan.[50]

---

47. Workers Herald, 31 Desember 1928, Mr. Samson and the ICU.

48. Unisa, Champion-versameling, Box 2, The truth about the ICU. Sien ook Andrews, Class struggles, pp.50-51.

49. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, p.74.

50. Killie Campbell, Marwick versameling, leêr 74, Marwick aan Carlisle, 2 briewe gedateer 16 en 17 April 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Desondanks hierdie kommunistiese neigings het die ICU sy rug op die Kommunisme gekeer. Dit kan grootliks toege=skryf word aan 'n groepie filantropiesgesinde blankes in Brittanje en in Suid-Afrika wat 'n groot invloed op Kadalie gehad het. Hulle was anti-Kommunisties en het hulself beskou as "...sincere workers in the cause of Labour - Labour uncontaminated by violent Communism".[51] Onder hulle was lede van die Onafhanklike Arbeidersparty in Brittanje soos Beatrice Webb, Fenner Brockway en Creech Jones; akademici soos proff. Dickenson van Cambridge en Harold Laski van die Londense Skool vir Ekonomie; Sydney en Bernard Shaw; en lede van die Quaker-gemeenskap soos Roden Buxton, Norman Leys en J.H. Old=ham.[52] In Suid-Afrika is die ICU bygestaan deur Winifred Holtby, volgens Kadalie 'n persoon "who has entirely devoted herself to the service of Africa".[53] In Brittanje het hierdie groep, tesame met lede van die gematigde Sosialiste Party, 'n informele komitee gestig met as doel "...to help the native socialist of decent principles; and in South Africa the moderating of the views of black trade unionists following the lead of Kadalie."[54]

Vanuit hierdie groep is Kadalie sodanig teen Kommunisme beïnvloed dat hy uiteindelik teen Moskou gedraai het en met die Amsterdam Internasionaal, wat ook anti-Moskou gesind was, geaffilieer het.[55] Dit het gebeur ten spyte

---

51. UCT, Ballinger-versameling, D2.I.1.1, E. Lewis aan Hertzog, 3.1.1927.

52. UCT, Ballinger-versameling, D2.I.1.6, E. Lewis aan E.M. Keppel en J. Bertram, 8.8.1927.

53. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie aan Champion, 27.6.1927.

54. UCT, Ballinger-versameling, D2.I.1.1, Lewis aan Hertzog, 3.1.1927.

55. UCT, Ballinger-versameling, D2.I.1.1, Lewis aan Hertzog 3.1.1927. D2.I.1.6, Lewis aan E.P. Keppel en J. Bertram, 8.8.1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die feit dat die Kommunistiesgesinde Bond teen Imperialisme Kadalie 300 pond aangebied het om sy onkoste na hulle konferensie in Moskou te dra.[56]

Die breuk tussen die ICU en die Kommuniste sou die eerste teken word van die verswakking van die organisasie. Die ICU het sy grootste groei in die Pakt-era beleef. Net so het dit egter ook sy agteruitgang en uiteindelike val in hierdie tydperk beleef.

Waaraan kan die agteruitgang van die ICU toegeskryf word?

Die verval van die ICU kan grootliks aan interne swakhede toegeskryf word.[57] Die verbanning van die kommuniste het 'n fout blyk te wees. Dit het die ICU sy militante impak laat verloor en baie van sy lede teleurgestel. Ethelride Lewis het byvoorbeeld opgemerk dat die plaas= arbeiders wat deur die ICU toegespreek is, terleurgesteld en ongelukkig was omdat Kadalie met die Amsterdam Inter= nasionaal geaffilieer het en sy rug op Moskou gedraai het.[58]

Die ICU is voorts geteister deur korrupsie onder sy bestuurslede wat die organisasie se beeld ernstige skade aangedoen het. Toe W.G. Ballinger as ICU-raadgewer in Suid-Afrika aangekom het, was die agteruitgang van die ICU reeds ver gevorder. Ballinger sou tot hierdie agter=

---

56. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, brief aan W.M. Citrine, Trades Union Congress, General Council London signed National Secretary, 20.2.1929.

57. Sien P. Bonner, Decline and fall of the ICU: A case of self destruction, in E. Webster,(ed) Essays in South African labour history, pp.114-120, vir 'n uiteensetting van die redes vir die agteruitgang van die ICU.

58. Ballinger-versameling, UCT, D2.I.1.6, Lewis aan E.P. Keppel en J. Bertram, 8.8.1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitgang bydra. Volgens Thomas Mbeki, wat na sy skorsing uit die ICU die Transvaalse Provinsiale sekretaris van die Onafhanklike ICU of Africa geword het, het Ballinger, "thousands of the African proletariat" terleurgestel: 'n feit wat hy toeskryf aan die steun wat Ballinger van die Kamer van Mynwese en die Gesamentlike Rade gehad het:

> All over the country , branches ....are quite convinced that the old ICU is sold to the capitalist class. All Africans are against any co-operation between the Joint Council - Chamber of Mines.[59]

Ballinger self het 'n deeglike ondersoek van die stand van die ICU se fondse gedoen.[60] Sy pogings om korrupsie binne die ICU, veral dié van hoofbestuurslede te beperk, het egter tot die finale breuk tussen hom en Kadalie gelei.[61]

Teen 1929 het die oorspronklike ICU reeds in verskeie organisasies opgebreek wat algar daarop aanspraak gemaak het dat hulle die ware ICU was.[62] Die belangrikste hiervan was Kadalie se Independent Industrial and Commercial Worker's Union of Africa; Champion se Industrial and Commercial Worker's Union yase Natal en dan Ballinger se Industrial and Commercial Workers' Union.

---

59. UCT, Ballinger-versameling, A1.IX.1, Mbeki aan Creech Jones, 19.3.1929.

60. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Leêr 4, <u>ICU Adviser's report</u>, Julie - Junie 1929.

61. Carter/Karis mfm. reel 13B, <u>Minutes of the Sub-Committee of the National Council of the Industrial and Commercial Worker's Union of Africa</u>, 28.2.1929.

62. Carter/Karis mfm. reel 13B, Ballinger, <u>The Industrial and Commercial Workers' Union of Africa</u>, 1929. Ballinger maak melding van 8 sulke organisasies.

## 5.2 REAKSIE VAN DIE INDUSTRIAL AND COMMERCIAL WORKERS' UNION OP DIE LOONWET, 1925

Die reaksie van die ICU op die Loonwet is enersyds gekenmerk deur kritiek teen die wet omdat dit nie minimumlone vir alle werkers neergelê het nie. Andersyds het die ICU positief gebruik gemaak van die Loonraad wat ingevolge die Loonwet geskep is. Die neiging was trouens om die Loonraad te raadpleeg waar enigsens moontlik. Die bereidwilligheid van die Loonraad om klagtes oor lae lone te ondersoek is dan as 'n sukses vir die ICU beskou.[63]

Die ICU het sedert sy stigting griewe oor swak lone gebruik om sy aanhang uit te brei. Die eerste staking van die ICU, die dokwerkerstaking in Kaapstad in 1919, is onder andere oor lae lone gevoer.[64] Tydens die 1924-jaarkongres van die ICU in Kaapstad, is 'n resolusie aanvaar dat 'n statutêre minimumloon vir alle ongeskoolde arbeiders vasgestel moes word.[65] In Maart 1924 het 'n deputasie, bestaande uit Kadalie, LaGuma, S.M. Masabalala en Thaele, dié versoek aan die minister van Myne en Industrieë, F.S. Malan, oorgedra. Die deputasie het veral die buitensporige lae lone van plaaswerkers, wat tussen vier en tien sjielings per maand was, beklemtoon.[66] In 1925 sou Kadalie steeds verklaar: "All we want is a little better wage".[67]

---

63. Die <u>Natal Witness</u>, 24 April 1929, bevat sodanige aansprake van Kadalie, uitgespreek tydens 'n ICU vergadering in Pretoria.

64. Wickens, <u>The Industrial and Commercial Workers' Union</u>, pp.28-38.

65. <u>Cape Times</u>, 10 Januarie 1924.

66. <u>Cape Times</u>, 26 Maart 1924.

67. <u>Cape Times</u>, 26 Oktober 1925.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die 1925-jaarkongres van die ICU in Johannesburg, het die Loonwet (wat toe nog in sy ontwerpstadium was) as sodanig vir die eerste keer ter sprake gekom. 'n Aantal resolusies is hieroor geformuleer. Ten eerste is die bepaling dat plaasarbeiders en huisbediendes van die werking van die wet uitgesluit was, gekritiseer. Die regering is gevra om dié beginsel in heroorweging te neem veral vanweë die lang werksure van plaasarbeiders. Die reaksie was trouens so heftig dat gedreig is om die hele spoorwegdiens en die mynbou-industrie in duie te laat stort indien daar nie aan hul eise gehoor gegee sou word nie.[68] 'n Ander resolusie het die regering gelukgewens met die oorweging van 'n minimum loon-wetsontwerp.[69] Hierdie resolusies is tesame met 'n aanhangsel oor die inkomstes en uitgawes van plaasarbeiders en huisbediendes aan die gekose komitee wat in Kaapstad oor die minimum loon-wetsontwerp vergader het, oorhandig.[70]

Die ICU het, na die aanvaarding van die Loonwet, talle aansoeke aan die Loonraad gerig ter vasstelling van minimumlone - eers in Bloemfontein en later in Oos-Londen en Durban. In Bloemfontein was hulle suksesvol en dit sou dien as aansporing vir aansoeke elders.

Die stigting van 'n tak van die ICU in Bloemfontein het saamgeval met die eerste sitting van die Loonraad in dié stad. Die ICU was trouens die eerste organisasie wat hier van die Loonraad gebruik gemaak het. 'n Afvaardiging het op 9 Februarie 1925 die stadsraad gekonfronteer met 'n versoek om 'n minimumloon. Die afvaardiging het daarop

---

68. Imvo, 20 Januarie 1925.

69. Natal Mercury, 15.1.1925; Kadalie, My life and the ICU, pp.74-77.

70. UCT, Forman-versameling, B1.2, Data submitted by the ICU to the Select Committee in the Minimum Wage Bill, House of Assembly, Cape Town, 1925.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gewys dat die lone van swart werkers, wat gewissel het van sewe sjielings en ses pennies tot een pond per week, totaal onvoldoende was.[71] Die versoek om 'n minimumloon is aan die Loonraad herhaal.

Kadalie en Alex P. Maduna, die Vrystaatse provinsiale sekretaris van die ICU, het die leiding in die onderhan=delings geneem,[72] terwyl die lokasie-superintendent, J.R.Cooper, die afvaardiging aan die stadsraad voorgestel het.[73] Die stadsraad het beloof om die loongriewe te ondersoek.

Bloemfontein was gedurende die periode 1925 - 1926 die toneel van grootskaalse onrus. Die probleme het begin toe die polisie in April 1925 'n bier-klopjag op die lokasie uitgevoer het. Swartes, gewapen met stokke en klippe het die polisiestasie bestorm en 'n tydlank is die lokasie deur sy swart inwoners beheer. Die onrus het gepaardge=gaan met 'n staking om hoër lone deur 22 000 swartes.[74] Die polisie, bygestaan deur gewapende blanke burgerlikes, het die lokasie op 20 April bestorm. In die skietery wat daarop gevolg het is vyf swartes dood en vyf en twintig gewond.[75] Die onrus in Bloemontein het wye reperkussies uitgelok vanweë die rol wat die burgerlikes in die skietery gespeel het.[76]

---

71. Workers' Herald, 2 April 1925.

72. Killie Campbell, Mabel Palmer-versameling, Leêr 18, ICU National Secretary's report for 1926.

73. Worker's Herald, 2 April 1925.

74. Cape Times, 21 April 1925.

75. Cape Times, 21 April 1925.

76. Cape Times, 22 April 1925; Imvo, 12 Mei 1925; Sien ook Roux, Time longer, p.157.

Hoewel die kwessie van bierbrouery die voor die hand liggende rede vir die onrus in Bloemfontein was,[77] kan aanvaar word dat loonfrustrasies en die algemene sosio-ekonomiese posisie van swartes 'n betekenisvolle rol gespeel het. In Harrismith, 'n naburige dorp het Keable Mote die lokasiebewoners gekonfronteer met 'n toespraak wat met verwysings na 'ekonomiese slawerny' en swak lone deurspek was. Die grootste gedeelte van sy toespraak het trouens rondom die kwessie van lone gewentel.[78]

Desondanks die Bloemfontein-onluste en die feit dat Kadalie in hegtenis geneem is, het die Loonraad hom bereid verklaar om die lone van werkers in baksteenmake=rye asook van munisipale werkers in Bloemfontein te on=dersoek.[79] Werkers is gevra om mondelinge of skrifteli=ke getuienis te lewer en voorts is werkgewers gewaarsku om nie werkers te ontslaan of te intimideer nie.[80]

Die Loonraad het in 1928, op aanbeveling van die mini=ster, 'n minimumloon vir alle werkers in die munisipali=teit van Bloemfontein neergelê - 'n minimumloon van drie sjielings per dag sou onmiddellik in werking tree en vanaf 1 Januarie 1929 'n minimumloon van drie sjielings en ses pennies.[81] Wat die Bloemfontein-geval uitsonder=like gemaak het was die feit dat die stadsraad alhier sterk ten gunste van hoër lone vir swartes was.[82]

---

77. Sien Roux, <u>Time longer</u>, p.157.

78. NTS 7606, 26/322, SAP <u>Native agitators and native unrest O.F.S.</u> 15 Oktober 1926; NTS, 7606 27/328, <u>Keable Mote's mission.</u>

79. <u>Cape Times</u>, 9 April 1927; <u>The Times</u>, 3 Februarie 1926; Killie Campbell, Mabel Palmer-versameling, Leêr 18, <u>ICU: National secretary's report for 1926.</u>

80. <u>Worker's Herald</u>, 18 Maart 1926.

81. Wits, Saffery-versameling, Leêr B2, <u>ICU Weekly News</u>, 21 November 1928.

82. Wickens, <u>The ICU</u>, p.275.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Bloemfontein-uitspraak van die Loonraad is baie positief deur die ICU ontvang. Kadalie het in 'n onderhoud met die Cape Times gesê dat:

> ...if a native or coloured worker, skilled or unskilled, were performing precisely the same task as a European, there could be no indifferation (sic) as between the two in relation to the standard of wages as the Wages Act stood to-day.[83]

In 1928 berig die Workers Herald:

> The Bloemfontein Minimum Wage decision is an indication that the Non-European workers are being regarded as something more than a 'Hewers of Wood and Drawers of Water'. We must have similar decisions for all Districts and Industries"[84]

Tydens sy verhoor in 1927 wys Kadalie in sy getuienis weer op sy en Keable Mote se verskyning voor die Loonkommissie in Bloemfontein as "for the first time in South Africa, the natives of this country are going to have regular wages".[85] Daaruit blyk dit egter ook dat Kadalie summier die eer vir die minimumloon vasstelling aan die ICU se agitasie toegeskryf het.

In 1928 het Kadalie in sy ekonomiese en politieke program, wat hy tydens die jaarlikse kongres van die ICU in Bloemfontein ingehandig het, eksplisiet genoem dat ICU-taksekretarisse sover moontlik die hulp van die Loonraad moes inroep en ook 'n deeglike studie van die Loonwet moes maak ten einde hoër lone te bekom. Voorts

---

83. Cape Times, 27 Maart 1926.

84. Workers' Herald, 18.8.1928.

85. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Leêr 2, Getuienis van Kadalie in hofsaak: The King versus Kadalie, 29.05.1928.

moes ICU lede, ooreenkomstig die minimumloonbeginsel soos deur die Loonwet neergelê, aandring op 'n minimumloon van vyf pond per maand asook maaltye en behuising in die plattelandse gebiede.[86]

Ander sentra waar die ICU deur middel van die Loonraad op hoër lone aangedring het, was Oos-Londen, Durban en Johannesburg. Hierdie pogings was egter minder suksesvol. In Oos-Londen is die leiding deur Kadalie en die provin= siale sekretaris, Theo B. Lujiza geneem[87] en in Natal deur Champion. Laasgenoemde het die Durbanse stadsraad versoek om die posisie van swart munisipale werkers te omskryf en 'n minimumloon neer te lê wat ook aan hulle onderskeie voormanne bekend moes wees.[88] Champion was trouens die eerste swarte wat ingevolge die Loonwet voor die Loonraad in Durban verskyn het om getuienis te lewer.[89] In Johannesburg is die Loonraad versoek om lone van afleweringswerkers in 'n verskeidenheid van industrieë te ondersoek. In hierdie geval het die ICU selfs sy politieke aartsvyand, die Gesamentlike Rade, genader om samewerking in die aflê van getuienis voor die Loonraad.[90]

Die probleme wat die ICU met hulle aansoeke aan die Loon= raad ondervind het, was grootliks te wyte aan die feit dat die ICU nie in afsonderlike vakbonde georganiseer was

---

86. Carter/Karis mfm. reel 13B, Kadalie, ICU: Economic and Political programme for 1928.

87. Killie Campbell, Mabel Palmer-versameling, Leêr 18, National secretary's report for 1926.

88. <u>The Friend</u>, 15 Desember 1926.

89. Unisa, Champion-versameling, Box 2, <u>The truth about the ICU</u>, p.22.

90. Wits, Saffery-versameling, Leêr B1, Omsendbrief van Rheinallt Jones aan Joint Councils and Native Welfare societies, 13 Oktober 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie. So byvoorbeeld het die sekretaris van die Loonraad, na aanleiding van Champion se aansoek van 1927 om loon=vasstelling vir skoonmakers en afleweringsbodes, daarop gewys het dat die Raad eers sou moes vasstel of Champion werklik as verteenwoordiger vir hierdie 900 werkers kon optree. Dit sou ook geld vir Champion se aansoeke dieselfde jaar om loonsverhogings vir baksteenmakers.[91]

Voorts is die ICU nie in hulle looneise deur SATUC ondersteun nie. Werkersolidariteit oor kleurgrense heen sou 'n sterker saak om minimumlone by die Loonraad kon uitmaak. Tydens die gesamentlike sitting van die uitvoe=rende raad van die ICU en die SATUC in Januarie 1928 het die ICU gepleit dat SATUC bystand moes gee in ICU-eise om hoër lone.[92] Desondanks die simpatie van sommige van sy lede wou SATUC hom nie hiertoe verbind nie.[93]

Die houding van die Loonraad het bygedra tot sy positiewe beeld by die ICU. ICU-lede is vooraf daarvan in kennis gestel dat die Loonraad sekere dorpe sou besoek. In 1928 het die Loonraad die ICU meegedeel dat 'n ondersoek na die toestande van swart werkers wat in eetplekke en howe in die Johannesburg-area gewerk het ingestel sou word. Die ICU het onmiddellik werk hiervan gemaak en taksekre=tarisse is aangesê om salarisse en werksure van werkers te ondersoek sodat hulle 'n goeie saak kon stel. Dit is interesant dat hierdie ywer gegrond was op die oortuiging dat:

---

91. ICU yase Natal mfm., reel 4, Sekr. van Arbeid aan Champion, 16 November 1927.

92. Wits, Ballinger-versameling, E.2.39, Leêr 10, Notule van gesamentlike sitting van uitvoerende raad van ICU en SATUC, 30 Augustus 1928.

93. UCT, Ballinger-versameling, A5.III.2, Minutes of meeting of National Executive Council of SATUC and Affi=liated Unions, 15.1.1928.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> We want to act while we have the present Wage Board. In our good South Africa, Boards with chairmen like Mr. Lucas don't live long.[94]

In teenstelling met die ICU se positiewe ingesteldheid jeens die Loonraad, is die motiewe van die Hertzog-minis= terie as sodanig met agterdog bejeen. Die Pakt moet self grootliks die blaam hiervoor dra. In 1928 het die ICU in 'n skrywe aan Walter Madeley, minister van Pos- en Tele= graafwese, gevra om die vasstelling van 'n minimumloon van ses pond per maand vir poskantoorwerkers in Johannesburg en agt pond besoldiging vir diegene wat gespesialiseerde dienste lewer.[95] Madeley was hulle saak goedgesind maar moes onder druk van Hertzog eis dat hy slegs 'n blanke woordvoerder sou ontvang. Daar is ooreengekom dat W.H.Andrews as segsman sou optree.

Andrews is egter tydens die ontmoeting deur Ballinger, Kadalie en een of twee ander ICU amptenare vergesel.[96] Madeley het die deputasie simpatiek ontvang, 'n stap wat hom uiteindelik sy pos gekos het. Hertzog het Madeley se ontvangs van die deputasie in 'n amptelike hoedanigheid afgekeur. Madeley is gedwing om te bedank en H.W.Sampson het die nuwe Minister van Pos en Telegraafwese geword. Die enigste reaksie wat die ICU op al hulle versoeke gekry het, was dat die werksure van poskantoorwerkers tot 54 per week verminder is.[97] Die gebeurtenis het onge= twyfeld bygedra tot 'n misnoeë by die ICU jeens die sogenaamde konstitutionele kanale wat deur die Pakt vir swart werkers geskep is.

---

94. Wits, Saffery-versameling, Leêr B2, <u>ICU Weekly News</u>, 21 November 1928.

95. <u>Cape Times</u>, 25.10.1928.

96. UCT, Ballinger-versameling, A5.VII.10, Ongetekend, Dokument getiteld <u>ICU - A series of viewpoints.</u> Circa 1928.

97. <u>Workers' Herald</u>, 30.11.1928.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ballinger se ICU het ook sedert sy ontstaan in 1928 met die Loonraad ingeval, alhoewel met sekere voorbehoude. Aanvanklik het Ballinger gemeen dat die Loonraad deur middel van georganiseerde industriële groepe genader kon word: "In short the privileges of registration, are in many instances open to Pass-bearing Africans." Voorts meld hy dat die amptenare van die Departement van Arbeid maar te gewillig sou wees om swartes behulpsaam te wees.[98] Onder leiding van Ballinger het die ICU op die volgende plekke aansoek gedoen om die vasstelling van 'n minimumloon: Johannesburg, Molopo Reserwe Delwerye in Mafikeng, die Elandspruit delwerye in Lichtenburg en in Kroonstad vir die hele area. Ook is steenwerkers in Prospect lokasie, Maquassi, Carolina, Pietermaritzburg, Lindley, Heilbron en Pretoria aangesê om aansoeke te formuleer,[99] terwyl die hoofkwartiere van die organisasie oorval is met versoeke van dorpe in die Vrystaat aan die Loonraad.[100]

Die uitspraak van die Loonraad in Kroonstad was egter vir Ballinger 'n groot teleurstelling. Die Loonraad het in Augustus 1929 in Kroonstad gesit om versoeke om 'n minimumloon van 7 pond en 10 sjielings per maand aan te hoor. Creswell het egter geweier om as Minister van Arbeid die Loonraad te versoek om 'n minimumloon neer te lê soos wat in Bloemfontein gedoen is.[101] Creswell se houding en trouens die van die kabinet het grootliks bygedra tot die ontnugtering in swart geledere met die Loonraad.

---

98. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Leêr 4, Ballinger, ICU Advisers' Report, 22.6.1929.

99. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Leêr 4, Ballinger, ICU Advisers' Report, 22.6.1929.

100. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Ballinger aan Holtby, 10.4.1929.

101. Wits, Ballinger-versameling, C1.1.3, Native Economic Commission - statement by W.G. Ballinger, 1930.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> Our initial score has been sadly blocked by Colonel Creswell's (Minister of Labour) procrastination. It will be some time before another Native organisation is allowed to present a case to the Wage Board.[102]

Ook Ballinger was van mening dat die kabinet, eerder as die Loonraad, die blaam moes dra vir die mislukking van die Loonwet in soverre dit die swart bevolking geraak het. "..The Cabinet's action has strengthened Native opinion in the belief that nothing can be gained by constitutional means."[103]

Ballinger se kritiek teen die Loonwet was egter ook gegrond op die teenstrydigheid, soos hy dit tereg raak= gesien het, tussen die Loonwet aan die een kant en wetge= wing soos die paswette, die Nywerheidsversoeningswet en die Heer-Diensbodewet aan die ander kant. Ballinger sien die verband tussen die wetgewing as volg:

> The pass laws keep down his wages and the Masters and Servants Act refuses him the right of organising for collective bargaining. The Industrial Conciliation Act designed to provide constitutional means of dealing with European labour difficulties, have refused the Native a similar constitutional outlet. In addition in practice the operation of the Wage Act has led to fixing of Wage standards that have automatically excluded natives from skilled employment.[104]

---

102. UCT, Ballinger-versameling, D1.I.3.1.1, Ballinger aan Holtby, 10.4.1929.

103. Wits, Ballinger-versameling, C1.1.3, Native Economic Commission - statement by W.G. Ballinger, 1930.

104. Wits, Ballinger-versameling, C1.1.3, Native Economic Commission - statement by W.G. Ballinger, 1930.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ballinger wys daarop dat die Loonwet nie-pasdraende werkers, met ander woorde blankes, beskerm deur erkende vakbonde, industriële organisasies en rade. Daarteenoor word organisasies van pasdraende swartes egter as onwettig beskou vanweë die werking van die Heer-Diensbode wet, die paswette en die Naturelle Dienskontrakwet. Daaruit volg dat:

> ...to admit the Native worker to the protection and benefits of the Wage act and Conciliation machinary would destroy the present relations between Master and Native worker in South Africa.[105]

Ballinger kom dan tot die gevolgtrekking dat

> Legislation in South Africa is the finest in the world for the white worker. For the black it is not far short of slavery.[106]

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die beginsel van 'n minimumloon, soos in die Loonwet vervat, deur die ICU onderskryf is. Die ICU het hom telkens op die Loonraad beroep om 'n minimumloon vir sekere kategorieë van werkers neer te lê. Die organisasie het tot so 'n mate met die Loonraad meegewerk dat Rheinallt Jones meen dat die ICU "has been able to impress the Wage Board by its presentations of the needs of certain classes of labour in Durban and Bloemfontein."[107]

Die konstitusie en reëls van die ICU, wat tydens die sewende jaarkongres in 1927 in Durban aangeneem is, bevat

---

105. Wits, Ballinger-versameling, Box C1, Leêr C1.1, Ballinger, The civilised labour policy, 27 November 1927.

106. UCT, Ballinger-versameling, A5.VII.10, Ongetekende dokument getiteld ICU - A series of viewpoints, Circa 1928.

107. Wits, Saffery-versameling, Leêr B1, Native industrial conditions and the ICU, sj.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as sy heel eerste doelstelling 'to regulate wages and conditions of labour'.[108] Na die verbrokkeling van die oorspronklike organisasie sou ook die ander ICU's die beginsel onderskryf. Die 'ICU of Africa' het tydens sy negende jaarlikse kongres in Kroonstad in 1929 'n resolusie aangeneem waarin aangedring is op die wetlike afdwinging van 'n "Living Minimum Wage for all industries...", aangesien dit die ekonomiese vooruitgang van die swartman in Suid-Afrika sou verseker.[109]

Die ICU yase Natal was egter 'n uitsondering. In sy kon= stitusie word melding gemaak van lone in die algemeen asook van die nominering van lede om die ICU yase Natal te verteenwoordig op die Industriële Raad waarvoor die Nywerheidsversoeningswet voorsiening gemaak het.[110] Die Loonraad word nie eens gemeld nie. Die moontlikheid bestaan dat dit toegeskryf kan word aan 'n ontnugtering met die Loonwet en 'n neiging om eerder op ander wetgewing terug te val.

## 5.3 REAKSIE VAN DIE INDUSTRIAL AND COMMERCIAL WORKERS UNION OP DIE MYNE EN BEDRYWE WET (1911) WYSIGINGSWET, 1926

Waar die ICU nog bereid was om met die Loonwet in te val, is die Myne en Bedrywe Wysigingswet of kleurslagboomwet vanuit die staanspoor verwerp.

Die ICU het onmiddellik op die indiening van die wet gereageer deur op 18 Februarie 1925 in die African Hall

---

108. Carter/Karis mfm. reel 12B, Constitution and rules of the ICU, 1927.

109. UCT, Ballinger-versameling, ICU of Africa, Resolu= tion of Ninth Annual Congress at Kroonstad, 22.6.1929.

110. ICU yase Natal mfm, reel 3, ICU yase Natal: Constitution, Rules and Branch by-laws.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



in Doornfontein, Johannesburg byeen te kom. Etlike honderde swart werkers het hier teen die kleurslagboomwet geprotesteer. Die byeenkoms is deur die Witwatersrandse tak van die ICU gereël en is ook deur die 'Transvaal Mine Clerks Association' ondersteun. Tydens die byeenkoms is daar besluit om 'n resolusie aan Hertzog oor te dra:

> That this Mass Meeting ...desires to place on record its emphatic and vehement protest against the Mines and Works Amendment Bill ...as being unfair, unjust and arbitrary in that it places an artificial disability on the Native Workers and perpetuates a system bound to arrest the progress hitherto enacted by a section of the community which has played no small part in the development of the Mines and Works in South Africa.[111]

Die resolusie is ook aan Smuts, leier van die opposisie, oorhandig.[112] Die ICU sou daarna telkemale die opposisie se teenkanting teen die wet loof.[113]

Kritiek op die wet was gebasseer op die feit dat dit swartes die reg ontneem het om 'n sogenaamde 'beskaafde' lewenswyse aan te neem. In elke betoog oor die onregmati= ge posisie van swartes, sou die kleurslagboomwet 'n besondere plek kry. Dit is onder andere deur Champion beskryf as
"the most sinister Act that has ever been placed on the Statute Books of a so-called civilized country."[114]

---

111. Workers' Herald, 2 April 1925, Cape Times, 3 Maart 1925.

112. Workers' Herald, 2 April 1925; Cape Times, 3 Maart 1925, Killie Campbell, Marwick-versameling, Leêr 74, Dommisse aan Kadalie, 5 Maart 1925.

113. Workers' Herald, 15 Junie 1926.

114. Unisa, Champion-versameling, Box 2, The truth about the ICU, Circa 1925.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kadalie het gepraat van

> ...our rulers who had passed the Colour Bar act, the Natives Land Act of 1913, and many other acts which I regard as oppressive Acts, ...they were a disgrace to Christianity and civilization.[115]

Jas Ngcobo, 'n minder bekende lid van die ICU, het die implikasie van die wet só geïnterpreteer:

> ...Persons with any colour in their blood shall be relegated by legislation of the state to the position of helots, that colour shall be made the "BAR SINISTER,"(sic) against employment...[116]

Die Workers' Herald het die Minister van Myne en Indus=trieë, beskryf as 'n persoon "(who) out Neros Nero" met klaarblyklike verwysing na die omstrede Romeinse keiser.[117]

Die vernaamste kritiek van die ICU teen die kleurslag=boomwet was dat dit die opwaartse mobiliteit van swartes binne die arbeidshiërargie aan bande sou lê. ..."The Colour Bar Act of 1926 forbade them the use of machinery and robbed them of the opportunity for any economic advancement."[118] Die aantyging dat die wet die swart volkere vir altyd "hewers of wood and drawers of water"

---

115. Wits, Ballinger-versameling, C2.3.7, Leêr 2, Ordinary jurisdiction: The King versus Clements Kadalie, 29 Mei 1928.

116. UCT, Forman-versameling, B5.89, Dokument getiteld Jas Ngcobo's opinion. Geen datum.

117. Workers' Herald, 2 April 1925.

118. Wits, Ballinger-versameling, A5.X.2.14.1, Memorandum submitted to delegates to the Labour Party Conference by Clements Kadalie, Blackpool, 1926; Carter/Karis mfm, reel 13B, Kadalie "Open letter to Blackpool: South Africa a Slave State?"; The New Leader, 30 September 1927.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sou maak, kom telkens in ICU literatuur voor.[119] Dit was ook die rede vir die ICU raadgewer, W.G. Ballinger, se kritiek teen die wet naamlik dat swartes bloot onge= skoolde arbeiders sou bly en nooit tot semi-geskoolde poste sou kon vorder nie.[120]

Voorts het die ICU telkemale verwys na die praktiese onuitvoerbaarheid van 'n wet wat industriële skeiding probeer bewerkstellig het. "It won't work," het Thibedi op die sesde jaarlikse kongres van die organisasie in Johannesburg gesê.[121] Die woorde van W.E. du Bois, kampvegter vir swart regte in Amerika, naamlik: "Not in Segregation, but in closer, larger UNITY lies INTERRACIAL PEACE," is by geleentheid aangehaal.[122]

Vanaf 13 tot 17 April het die ICU hulle jaarlikse kongres in Johannesburg gehou. Tydens die eerste dag van die kongres het die kwessie van lone en die Loonwet voorrang geniet. Die kleurslagboomwet het eers aan die beurt gekom toe algemene mynwerkersgriewe soos die kontrakstelsel, kleurslagboom en die Nywerheidsversoeningswet bespreek is.[123] Tydens die sesde jaarlikse kongres wat ook in Johannesburg gehou is, was die kleurslagboomwet egter eerste op die agenda. Dank is teenoor die SAP uitgespreek vir hulle opposisie teen die wet. Daar is egter tydens hierdie byeenkoms reeds spoedig oorgegaan tot 'n bespre= king van ander, soos hulle dit beskou het, onderdrukkende maatreëls van die Pakt waaronder die Naturelle Admini=

---

119. Unisa, Champion-versameling, Box 2, The truth about the ICU, Circa 1925; Workers' Herald, 2 April 1925.

120. Carter/Karis mfm, reel 13B, The Industrial and Commercial Workers' Union of Africa, W.G. Ballinger.

121. The Workers' Herald, 28 April 1926.

122. Workers' Herald, 2 April 1925.

123. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, pp.86-87.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



strasiewet se verbod op opruiende bedrywighede.[124] Dit dui daarop dat die ICU, hoewel tereg bekommerd oor die uitwerking van die kleurslagboomwet, besef het dat wette rakende swart stemreg en grondbesit van dringender belang was.

Die feit dat die Arbeidersparty hulle heelhartig met die kleurslagboomwet geidentifiseer het, sou voorts ontnugte=ring en dan die finale breuk tussen die blanke vakbondbe=weging en die ICU meebring. Lord Oliver betreur byvoor=beeld die feit dat die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty 'n beleid jeens die swart rasse aangeneem het wat geheel en al deur die Britse Arbeidersparty afgekeur is.[125]

Dit kan aanvaar word dat die ICU met sy noue bande met die Britse Arbeidersparty op hoogte sou wees van laasge=noemde se houding en dat dit verder sou bydra tot 'n breuk met die blanke vakbondbeweging in Suid-Afrika. Na die aanvaarding van die kleurslagboomwet sou die ICU nie weer by die blanke vakbondbeweging toenadering soek nie.

Die ICU se verset teen die kleurslagboomwet het egter tot die aanvaarding van resolusies en kritiek beperk gebly. Daar was nie sprake van aktiewe optrede teen die wet en verset soos wat byvoorbeeld deur die Gesamentlike Rade en selfs die ANC geloods is nie. Die inisiatief vir georga=niseerde optrede is skynbaar aan andere oorgelaat. Volgens Wickens is die apatiese houding toe te skryf aan die feit dat die wet buite die mynbedryf nie veel tref=krag gehad het nie. Daarom het die ICU hom eerder op die Loonwet, 'an ambiguous measure', toegespits.[126] Dit

---

124. The Workers' Herald, 28 April 1926.

125. Lord Oliver, The anatomy of African misery, p.228.

126. Wickens, The Industrial and Commercial Workers' Union, p.82.

blyk ook voorts dat die ICU die Naturelle Administrasie=wet van 1927, wat kort na die kleurslagboomwet afgekondig is, in 'n veel ernstiger lig beskou het. Dit was veral die klousule wat enige aansporing van kwade gevoelens tussen die blank en swart 'n wetsoortreding sou maak, wat deur die ICU vertolk is as 'n poging om hulle die reg tot verset te ontneem.

'n Ander moontlike verklaring vir die ICU se gebrek aan daadwerklike optrede is die feit dat die organisasie nooit werklik 'n sterk aanhang onder swart mynwerkers gehad het nie. Nogtans bied dit nie 'n voldoende verklaring vir hulle gebrek aan optrede nie, veral as in aanmerking geneem word dat die ANC ook nie werklik 'n spreekbuis vir mynwerkersbelange was nie.

Die ICU het egter die verset van andere teen die wet ge=steun en in die sin het die wet groter samewerking tussen swart organisasies in die hand gewerk. Voorbeelde hier=van was die vermelde byeenkoms in die Waaihoeklokasie, OVS in Junie 1926 van die ICU en die Vrystaatse tak van die ANC.[127] Dit blyk egter dat die ICU nie daadwerklik die protes van die Gesamentlike Rade teen die wet onder=steun het nie. Benewens Ballinger se antwoord[128] op Rheinallt Jones se vraelys kon geen getuienis gevind word dat ander lede van die ICU hulle bereid verklaar het om hieraan deel te neem nie.

## 5.4 GEVOLGTREKKING

Die ICU was ongetwyfeld die vernaamste swart organisasie in die Pakt-era. Dit het die grootste aanhang onder die

---

127. Workers' Herald, 15 Junie 1926.

128. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Ballinger aan Rheinallt Jones, 2 April 1926.

swart bevolking gehad en het ook daarin geslaag om onder=steuning en belangstelling vanuit die buiteland te kry. Desondanks het die ICU nie veel kon vermag teen die beleid van 'beskaafde arbeid' nie.

Die ICU het die Loonwet en die instelling van die Loonraad verwelkom. Die organisasie het talle versoeke om hoër lone tot die Loonraad gerig, en was ook in enkele gevalle suksesvol daarmee. Die kleurslagboomwet is in beginsel deur die ICU verwerp, en bestuurlede het hulle telkens op vergaderings daarteen uitgespreek. Die aandag is egter spoedig van die kleurslagboomwet afgelei aangesien interne probleme die organisasie geteister het. Voorts het soveel ander segregasionistiese wette op die Unie-wetboek verskyn dat die kleurslagboomwet van minder belang geraak het.

Op die keper beskou was die ICU se optrede teen die beleid van 'beskaafde arbeid' een van baie retoriek met weinig daadwerklike optrede. Vandaar dat die organisasie weinig kon vermag.

# HOOFSTUK 6

## REAKSIE VAN DIE GESAMENTLIKE RADE

### 6.1 DIE GESAMENTLIKE RADE AS WELSYNSORGANISASIES EN DIE POLITIEKE ROL WAT DIE ORGANISASIES IN DIE TWINTI= GERJARE GESPEEL HET.

Die ontstaan van die Gesamentlike Rade of 'Joint Councils' kan teruggevoer word na die besoek van twee lede van die Amerikaanse Phelps-Stokes Stigting, eerw. Thomas Jesse Jones en dr. James Aggrey aan Suid-Afrika in 1921. Die doel van hulle besoek was om die stand van swart onderwys in Suid-Afrika te ondersoek. Geskok oor die rassespanning wat hulle hier aangetref het, het hulle die instelling van veelrassige rade, soortgelyk aan diè in die suide van Amerika, voorgestel.[1] Die eerste Gesamentlike Raad is in 1921 in Johannesburg gestig en kort hierna is soortgelyke rade in ander dorpe in Suid-Afrika en die destydse Suid-Rhodesië gestig.[2]

Die Gesamentlike Rade het die verskillende welsynsorgani= sasies vir swartes, wat op daardie stadium in lokasies bedrywig was, vervang.[3] Hierdie sogenaamde 'Naturelle-welsynsorganisasies' het, soos Rheinallt Jones dit stel,

---

1. J.W. Horton, "South Africa's Joint Councils: Black-White Co-operation between the two world wars", South African Historical Journal, No.4, November 1972, p.29; E. Hellman en H. Lever (reds.) Conflict and Progress: Fifty years of race relations in South Africa, pp.4-6.

2. A.M. Cunningham, Records of the Joint Councils. Historical and Literary Papers, Inventories of collections, pp.1-2; Wits, Joint Council-versameling, Ad.4, Joint Councils, Verslag deur Rheinallt Jones, p.2.

3. Horton, "South Africa's Joint Councils", p.30; Wits, Joint Councils-versameling, Ad.4, Joint Councils, Verslag deur Rheinallt Jones, p.2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



humanitêre belangstelling in die swart volkere aangemoe=dig, maar nie noodwendig swart en wit van hul gemeenskap=likheid bewus gemaak nie.[4]

Daarteenoor was die doel van die Gesamentlike Rade juis gesamentlike (joint) beraadslaging tussen wit en swart oor sake van gemeenskaplike belang:

> ...the organisation is the joint concern of both Europeans and Natives, who co-operate not so much for native welfare as for common welfare.[5]

Vandaar dat die minimum aantal lede vir 'n Gesamentlike Raad twee persone was - een blanke en een swarte.[6]

In hoeverre was die Gesamentlike Rade polities aktief in die Pakt era?

Die Gesamentlike Rade het hulle ten doel gestel om sake wat rasseverhoudinge nadelig beïnvloed het, te ondersoek en dan onder die aandag van die regering en die breë publiek te bring. Vandaar dat hulle spoedig die politieke arena betree het. In die Pakt-tydperk het hulle byvoor=beeld 'n veldtog geloods teen die pogings van die Hertzog-ministerie om die dra van passe ook vir swart vroue verpligtend te maak. Na 'n deputasie van Gesament=like Rade die Eerste Minister besoek het, het die regering toegestem om die pasreëlings vir 6 maande uit te stel. Die organisasie is opdrag gegee om die paskwessie te ondersoek en aanbevelinge aan die regering te doen.[7]

---

4. Wits, Joint Council-versameling, A9.3.1, <u>The Joint Council Movement: What it is</u>, Rheinallt Jones, p.1.

5. Wits, Joint Council-versameling, A9.3.1, <u>The Joint Council Movement: What it is</u>, Rheinallt Jones, p.12.

6. Wits, Joint Council-versameling, A9.3.1, <u>The Joint Council Movement: What it is</u>, Rheinallt Jones, p.3

7. Horton, "South Africa's Joint Councils", p.33.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die Gesamentlike Rade het uit hulle pad gegaan om die gevoelens van swartes jeens die paswette te bepaal en het talle briewe en petisies teen die pasreëlings vanaf swartes ontvang.[8] Rheinallt Jones het daarop 'n Naturellesake-konferensie vanuit die geledere van die verskillende veelrassige organisasies, kerke, munisipali= teite en regeringsverteenwoordigers in Johannesburg byeengeroep.[9] Tydens hierdie Konferensie is belangwek= kende referate oor die paswette gelewer, waarin 'n wye spektrum van griewe gemeld is. Dit het die gebrek aan eenvormigheid, die vernederende wyse waarop swartes gevra word om passe te toon asook die verontwaardiging oor die dra van passe vir vroue getoon.[10] Die aanbevelinge van die Gesamentlike Rade aan die sentrale regering is egter geïgnoreer en die paswette het na 6 maande in werking getree alhoewel dit daagliks eers na 12:30 in stedelike gebiede sou geld.[11]

Benewens die paskwessie het die Gesamentlike Rade en in die besonder Rheinallt Jones, aandag aan die problematiek van die stedelike swarte gegee. Tydens die 1924-Naturel= le-konferensie het Jones in sy openingsrede gewys op die probleme wat die land ten opsigte van swart verstedeli= king in die gesig gestaar het.[12] In 1928 het die Johan= nesburgse Gesamentlike Raad in 'n uitvoerige memorandum,

---

8. Sien Wits, Joint Council-versameling, Ci 2.1.5. Die hele leêr bevat briewe en petisies vanaf swartes regoor die land insake pasgriewe.

9. Horton, "South Africa's Joint Councils", p.33.

10. Sien Wits, die Joint Council-versameling, Ac3.3.14, Conference on Native Affairs, 30 Oktober - 1 November 1924, <u>Native Pass Laws</u>, Chief W.Z. Fenyang asook Ac3.3.15, Conference on Native Affairs, <u>The Pass Laws</u>, Address by O.D. Schreiner.

11. Horton, "South Africa's Joint Councils," p.33.

12. Wits, Joint Council-versameling, Ac3.3.1, Rheinallt Jones, <u>The future of Natives in Towns</u>, geen datum, pp.1-2.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die problematiek van die stedelike swart bevolking geskets, veral ten opsigte van lone, juridiese beperkinge en behuising.[13]

In die Pakt-era het die Gesamentlike Rade die politieke arena betree met hulle skerp reaksie op Hertzog se vier interafhanklike stemreg- en grondwetsontwerpe wat in 1926 ter tafel gelê is.[14] Hierdie reaksie is breedvoerig deur Haines bespreek.[15] Dit is slegs van indirekte belang vir hierdie studie. Hier is die veldtog wat die Gemeenskaplike Rade teen die kleurslagboomwetgewing van die Pakt geloods het, egter van besondere belang. Tydens kongresse wat deur die Gesamentlike Rade en ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk byeengeroep is, het blanke en swart lede van die Gesamentlike Rade bydraes oor die arbeidswetgewing en aanverwante sake gelewer.[16]

In hoeverre het die Gesamentlike Rade die breë swart bevolking verteenwoordig?

Die leiding binne hierdie Rade is deur blankes geneem. Horton skryf dit toe aan die feit dat blankes relatief

---

13. Carter/Karis mfm, reel 16, The Native in Industry, 23.2.1928. Sien ook Wits, SAIRR, B71.4.5, Summary of Memorandum of the Johannesburg Joint Council on The Native in Industry, 23.2.1928.

14. Sien Wits, SAIRR, B72.1.1, European-Bantu Conference: Resolutions on the land bill, Referaat deur Rheinallt Jones, The Land Question in South Africa, 1927.

15. Haines, The opposition to General J.B.M. Hertzog's segregation bills, ongepubliseerde M.A.- verhandeling, Universiteit Natal, pp.36-57, 78-99.

16. Sien o.a. Howard Pim-versameling, Wits, Fa 14/2, Economic Position of the Native, address by Howard Pim at European-Native congress called by Dutch Reformed Church, 31 January - 3 Februarie 1927; Carter/Karis mfm, reel 9B, The industrial organisation of the Native people, address by J.L. Dube at European-Bantu congress, Cape Town, 6 - 9 February 1929.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



tot swartes meer geld, vrye tyd en ondervinding in politieke- en welsynswerk gehad het.[17] Vergaderings en kongresse wat landswyd deur die organisasie gehou is, is deur swart en wit bygewoon. Intensiewe navorsing oor die swart bevolking is op tou gesit en talle publikasies het die lig gesien. Hierdie aktiwiteite kan egter eerder aan die werkywer van die blanke lede toegeskryf word asook die sensitiwiteit waarmee hulle sake waaroor swartes gegrief was, kon identifiseer.

Daarmee word egter nie beweer dat swartes geen aandeel aan die Gesamentlike Rade gehad het nie. Sommige lede van die swart elite het aktief op die Rade saamgewerk. D.D.T. Jabavu, professor in klassieke- en Bantoe-studies aan die Universiteit van Fort Hare[18] en 'n sterk voorstander van stam- en rassesamewerking, was byvoorbeeld 'n stigterslid.[19] Ook Selope Thema, regsgeleerde en lid van die 1919 ANC-deputasie na die Paryse vredeskonferen=sie, het kort na die stigting van die Johannesburgse Gesamentlike Raad daarby aangesluit. Hy was boonop 'n gereelde lid van die Naturelle-konferensies wat ingevolge die Naturelle Wet, 1920, jaarliks deur die regering byeengeroep is.[20] Ander prominente lede van die Gesamentlike Rade was joernaliste soos Selby Msimang en R.H. Godlo asook eerw. Z.R. Mahabane.[21] Ook Champion

---

17. Sien Horton, "South Africa's Joint Councils", pp.31-33, vir 'n ontleding van die blankes wat aktief binne die Gesamentlike Rade was.

18. Horton, "South Africa's Joint Councils", p.31.

19. Carter/Karis mfm, reel 14A, Professor D.D.T. Jabavu of Fort Hare. Sien ook Imvo Zabantsundu, 17 Junie 1961, Our Heritage, by Prof. Z.K. Matthews.

20. Imvo Zabantsundu, 12 Augustus 1961, Our Heritage, by Prof. Z.K. Matthews.

21. Horton, "South Africa's Joint Councils", p.31.

het aanvanklik op die Gesamentlike Rade saamgewerk.[22] Die organisasie het dus 'n politieke uitlaatklep vir die swart elite gebied.[23]

Die enigste wyse waarop hierdie organisasie egter die breë swart bevolking by sy aktiwiteite kon betrek, was deur besoeke aan lokasies en vergaderings. So is Rheinallt Jones se 1926-toer, waartydens hy vergaderings landswyd toegespreek het, goed ondersteun.[24] Hierdie bywoning kan egter nie sondermeer aan die populariteit van die organisasie toegeskryf word nie, maar eerder aan goeie verhoudinge tussen die Gesamentlike Rade en plaaslike sendelinge.[25]

Voorts was die Gesamentlike Rade nie in alle swart kringe gewild nie. Die ICU en die KPSA het die Rade se bande met die Kamer van Mynwese gekritiseer.[26] Die onafhanklike ICU het na die Gesamentlike Rade verwys as "...mainly composed of political failures in African life and the nominees of the bosses....namely the Chamber of Mines."[27] Ballinger het Jabavu in 1930 beskryf as "well out of touch with his people."[28]

---

22. Unisa, Champion-versameling, Box 2, The truth about the ICU, p.21.

23. P. Rich, "Africans and the Cape African franchise, 1926 - 1936," Societies of South Africa in the 19th and 20th centuries, Vol.9, 1977-8, pp.129-130.

24. Wits, Joint Council-versameling, Ad.4, Report of Rheinallt Jones, 1926.

25. Wits, Joint Council-versameling, Ad.4, Report of Rheinallt Jones, 1926.

26. E. Roux, "What is the I.L.P. doing in South Africa?" Labour Monthly, p.95.

27. Carter/Karis mfm, reel 13B, Omsendbrief van die Onafhanklike ICU of Africa, waarskynlik deur Kadalie, 13 Maart 1929.

28. UCT, Ballinger-versameling, D1.I.3.1.1, Ballinger aan Holtby, Johannesburg, 15 Januarie 1930.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hoe sterk is swart griewe op die Gesamentlike Rade geartikuleer?

Rheinallt Jones meld dat die eerste byeenkomste gekenmerk was deur "the bitterness with which some of the Native leaders assailed us Europeans from whom they expected neither help nor fair dealing."[29] Of hierdie probleme ooit oorkom is, lei te betwyfel. Rheinallt Jones het gemeld dat die Gesamentlike Rade slegs effektief sou kon funksioneer indien

> their native members are made to feel that in the Joint Councils they can speak without fear of unhappy consequences to themselves. I have been to meetings of the Joint Councils where the European members did all the talking; the Native "members" sitting silent and sullen at the end of the room. More than once I have discovered that a stolid outward appearance hid a fierce resentment against some real or imagined grievance.[30]

Nogtans is die Gesamentlike Rade deur swartes verwelkom as 'n geleentheid om griewe te uiter. 'n Hoofman uit die Mapulo-distrik skryf byvoorbeeld:

> Although there are broadminded Europeans,... who are considerate and sympathetic towards the natives,....they will never be able to express certain things as a native would like it to be expressed. The Joint Councils supplies (sic) the long-felt want and its proposals express forcible (sic) our feeling in the matter.[31]

---

29. Wits, Joint Council-versameling, A9.3.1, The Joint Council: What it is and how it works, p.2.

30, Wits, Joint Council-versameling, A9.3.1, The Joint Council: What it is and how it works, p.4.

31. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.5, Ndabezita aan Johannesburg Joint Council, 15 April 1925.

Dit blyk ook dat die blank-'Naturelle'kongresse wat deur die Gesamentlike Rade gereël is, met groter vrymoedigheid ondersteun is. Die 1929-kongres kon byvoorbeeld met 'n opkoms van 60 blankes en 40 swartes spog.

Howard Pim het berig dat tydens hierdie kongres, "...the level of Native speaking was very high...." en bygevoeg dat etlike swartes, waaronder Jabavu, Thema, Moroka, mev Maxeke en Dube, aan die debat deelgeneem het.[32]

Ten spyte van onvermoeide pogings van die Gesamentlike Rade-beweging om deur middel van lae aansluitingsfooie swart lede by die organisasie te betrek, kon die beweging nooit 'n groot aanhang onder die swart gemeenskap kry nie.[33] Teen 1931 was daar maar 31 van hierdie organisa=sies regoor die land. Benewens die bydraes van indiviue=le swart lede het hierdie beweging nie tot dieselfde mate as die ICU swart opinie in die Pakt-era verteenwoordig nie.

## 6.2 REAKSIE VAN DIE GESAMENTLIKE RADE OP DIE LOONWET, 1925

Die Gesamentlike Rade het die Loonwet enersyds gekriti=seer omdat dit, volgens hulle in samehang met addisionele Naturelle-wetgewing, nie die ekonomiese posisie van die swartes sou verbeter nie. Andersyds het die beweging wel die pluspunte van die wet raakgesien en was die Rade daarom ook bereid om met die Loonraad saam te werk.

---

32. Wits, Joint Council-versameling, Ac5.7, Ongetiteld, skynbaar opgestel deur Howard Pim. Verslag oor Europeaan-Bantoe-konferensie, 13 Maart 1929.

33. Horton, "South Africa's Joint Councils, p.30; Hellman en Lever (reds.), <u>Conflict and Progress</u>, p.5.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kritiek vanaf die Gesamentlike Rade teen die Loonwet was gebaseer op die feit dat dit in samehang met addisionele Naturelle-wetgewing beoordeel is. Volgens die Heer en Diensbode Wette, die Naturelle Werwingswet en die Naturelle Arbeidsregulerings Wet was stakings deur swart werkers onwettig. Ook die Nywerheidsversoenings Wet, 1924, het geen voorsiening vir swart werkers gemaak nie. Swartes kon dus nie hoër lone van hul werkgewers afdwing nie. Dit verklaar die buitengewone groot verskille tussen die salarisskale van geskoolde en ongeskoolde arbeiders in Suid-Afrika, aldus die Gesamentlike Rade.[34]

Die Johannesburgse Gesamentlike Raad het in 1928 in 'n lywige memorandum, 'The Native in Industry', gekla dat ook die Loonwet swart werkers onvoldoende wetlike beskerming verleen het. Daarin word aangevoer dat die Loonraad eerder as 'n tipe appèlhof moes dien indien industriële geskille onbevredingend opgelos is - veral aangesien swart verteenwoordiging op Industriële Versoeningsrade onbevredigend was.[35]

'n Ander voorbehoud van die Gesamentlike Rade teen die Loonwet was dat swartes in die proses van minimumloonvas=stelling hul werk kon verloor. Hulle versoek dat "... neither die Industrial Conciliation Act nor the Wage Act be used for the exclusion of non Europeans from industry." Die probleem is as volg uitgespel:

> ..We are nervous lest the very desirable change over from the chaotic wage conditions to the closely regulated wage rates imposed by the Board should be too swift and so prevent the

---

34. Carter/Karis B. mfm, reel 16, The Native in Industry, 23 Februarie 1928; Wits, SAIRR, B71.4.5, The Native in Industry, Summary of memorandum, 1928. Sien ook SAIRR, Wits, B71.6.2, dokument deur Rheinallt Jones, 1929.

35. Carter/Karis mfm, reel 16, The Native in Industry, 23 Februarie 1928, p.9.

> non-European worker from making himself more efficient and therefor worth the new rates.[36]

Die voorsitter van die Loonraad, F.A.W. Lucas het eksplisiet verklaar dat die Raad nie beoog het om swart arbeiders met blankes te vervang nie.[37] Beide die Gesamentlike Rade en Lucas het egter erken dat daar wel gevalle voorgekom het waar swart werkers deur blankes vervang is.[38]

Die Gesamentlike Rade het oor die algemeen die Loonraad verwelkom en by verskeie geleenthede ander departemente soos die van Arbeid en Naturellesake gevra om swartes aan te moedig om by die Loonraad aansoek te doen om hul lone te laat ondersoek.[39] Voorts het die Gesamentlike Rade gemeen dat die Nywerheidsversoeningswet en die Loonwet dit vir Suid-Afrika moontlik gemaak het om die loongaping tussen geskoolde blanke werkers, wat tot 5 pond per week verdien het, en ongeskoolde swart werkers, wat so min as 10 sjielings 'n maand verdien het, sonder probleme te oorbrug.[40] In 1927 was Rheinallt Jones van oordeel dat die Loonraad met verloop van tyd die gaping tussen hoogsbetaalde blanke arbeid en onderbetaalde swart arbeid sou oorbrug.[41]

---

36. Carter/Karis mfm, reel 16, <u>The Native in Industry</u>, pp.11-16. Sien ook Dube in hoofartikel, The Minimum Wage Bill and the Native, in <u>Ilanga</u>, 10 April 1925.

37. F.A.W. Lucas, "Natives and the Wage Act," <u>Social and Industrial review</u>, 5.3.1929, pp.203-205.

38. Lucas, "Natives and the Wage Act"; Carter/Karis mfm, reel 16, <u>The Native in Industry</u>, p.11. Sien ook Wits, SAIRR, B71.6.2, Dokument deur Rheinallt Jones, 1929 (datum wat argief gee).

39. Carter/Karis mfm, reel 16, <u>The Native in Industry</u>, p.10.

40. <u>The Native in Industry</u>, p.11.

41. Wits, Saffery-versameling, Leêr B1, Rheinallt Jones, Omsendbrief, 'Native Industrial conditions and the ICU', 13 Oktober 1927.

Ook die Gesamentlike Rade het die gemelde optrede van die Loonraad in Bloemfontein (sien p.120-122 hierbo) geloof.[42] Selope Thema was selfs van mening dat die loonvasstellings in Bloemfontein rasseverhoudinge aldaar verbeter het.[43] Hy het inderdaad voorgestel dat die Loonwet in werking gestel moes word in daardie beroepe waar die Nywerheidsversoeningset nie funksioneer het nie.[44] Die Gesamentlike Raad in Bloemfontein het ook in 'n memorandum beswaar aangeteken teen die bewerings dat die minimumloonvasstellings in Bloemfontein verantwoorde=lik was vir die instroming van Swartes na die stad.[45] Die positiewe optrede van die Gesamentlike Rade jeens die Loonwet moet toegeskryf word aan die organisasie se insig in Unie-arbeidswetgewing enersyds en die algemene lewens=omstandighede van swartes andersyds. Dit het hulle in staat gestel om swartes van raad te voorsien ten einde die Loonraad tot hul voordeel te gebruik. Voorts het hulle die Loonwet in samehang met ander wetgewing beoor=deel. Desondanks hul positiewe ingesteldheid sou die Gesamentlike Rade spoedig ontnugter word met die kleurslagboomwet.

## 6.3 REAKSIE VAN DIE GESAMENTLIKE RADE OP DIE MYNE EN BEDRYWE WET (1911) WYSINGINGSWET, 1926.

In die periode 1925 - 1926 het die Gesamentlike Rade onder leiding van Rheinallt Jones 'n uitgebreide veldtog

---

42. The Native in Industry, p.11.

43. UCT, Ballinger-versameling, A5.VII.14, Thema's Report, 12.3.1930.

44. The Native in Industry, p.15.

45. Wits, SAIRR, 34.4, Memorandum of evidence to be presented by the Bloemfontein Joint Council before the Native Economic Commission, Circa 1930.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teen die Myne en Bedrywe Wet (1911) Wysigingswet, of te wel die kleurslagboomwet geloods.

Jones het onmiddellik sy kritiek teen die wet per brief aan Hertzog uiteengesit.[46] Die korrespondensie het geen vrugte afgewerp nie. Herbst, die Sekretaris van Naturellesake, het geantwoord dat die opinie van die Gesamentlike Rade wys dat hulle nie werklik oorweging geskenk het aan die buitengewone omstandighede van Suid-Afrika en sy mense nie.[47] Die kleurslagboomwet moes in samehang met die beleid van segregasie gesien word en die wet "...takes power to continue that which has without legislative authority become a recognized condition."[48] Die aanbod van die Gesamentlike Rade om voor die Gekose Komitee getuienis te lewer, is van die hand gewys.[49]

Jones het daarop 'n perskonferensie gehou waartydens 'n persverklaring uitgereik is waarin hy die vrees van die Gesamentlike Rade uitgespreek het dat die regering alle kanale vir ekonomiese vooruitgang vir swartes sou toemaak. Prof. W.M. Macmillan, 'n prominente liberaal-gesinde akademikus van die Witwatersrandse Universiteit, het terselftertyd na Kaapstad vertrek om parlementsopinie aldaar teen die wetsontwerp te swaai.[50]

---

46. J.W. Horton, "South Africa's Joint Councils: Black-White Co-operation between the two World Wars," S.A. Historical Journal, 4 November 1972, p.33.

47. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.5, Herbst aan Rheinallt Jones, 18 Mei 1925.

48. Wits, SAIRR, 46.4.1, Herbst aan Rheinallt Jones 27 Junie 1925.

49. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.5, Johannesburg Joint Council: Minutes of meeting, 10 Junie 1925.

50. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.5, Buxton aan Rheinallt Jones, 5 Augustus 1925. Sien ook Horton, "South Africa's Joint Councils, pp.33-34.

Gedurende Maart 1926 het Jones 'n vraelys aan kerkleiers, sendinggenootskappe, Gesamentlike Rade, sowat 60 Naturelle-stamhoofde en leiers van Naturellegroepe - 'all in close touch with Native life in the Union' - uitge=stuur.[51] Die vraelys het ten eerste die uitwerking van die wet op die swart gevoelens probeer bepaal. Tweedens is daar ondersoek gedoen na die wyse waarop die wet tot swart onrus en opstandigheid kon bydra. Derdens is 'n aantal vrae gestel om die algemene opinie jeens moontlike wyse van protes te toets.[52] Die reaksie op die vraelys was oorweldigend. Van heinde en verre is Jones met korrespondensie oorval.

Hierdie uitgebreide korrespondensie aan Jones is die mees omvattende weergawe van swart reaksie op die kleurslag=boomwet en verdien daarom 'n in diepte ontleding. Die briewe verteenwoordig 'n breë spektrum van die swart bevolking - die sogenaamde politiekbewuste èlite, diegene verbonde aan sendingstasies, stedelinge en plattelandse inwoners asook Naturelle-stamhoofde.

By 'n ontleding van die briewe blyk dit dat die wet groter wrewel onder verstedelikte swartes en selfs trekarbeiders uitgelok het as wat die geval by die landelike bevolking was. Daarmee word egter geensins beweer dat laasgenoemde nie ontevrede was nie, maar eerder oningelig was ten opsigte van die implikasies van die wet. Eerw. Woodfield het bv. vanuit Pietersburg berig dat

---

51. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, omsend=brief van Rheinallt Jones, 20 April 1926. Sien ook Joint Council-versameling, Ad4, Report of J.D. Rheinallt Jones, 1925; Joint Council-versameling, Cj2.1.6b, omsendbrief "Colour Bar" Bill, Rheinallt Jones, geen datum.

52. Wits, Joint-Council-versameling, Cj2.1.6b, Dokument getiteld "Colour Bar Bill", geen datum.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



> ...the majority of those outside the town areas are quite ignorant about the whole matter, as they have few means of getting information of what goes on in Parliament.[53]

Dieselfde opinie is deur C. Grant van die St. Matthews College in Keiskamma Hoek gehuldig:

> Ignorance on the part of the bulk of the Natives is one of the most dangerous elements in regard to the wideranging effects of these amendments.[54]

Ook uit De Aar word berig dat "...the Colour Bar is far more understood by the town natives than the country ones."[55] A.C. Murray berig uit Kaapstad dat dit vir hom lyk asof die meerderheid swartes nie in die wetgewing belangstel nie en dat die verset eerder van die kant van 'n klein groepie geleerdes kom.[56] Vanuit die Transkei berig Bloklui dat hy 'n mate van begrip vir blanke pogings om hul werksgeleenthede te beskerm by die inwo=ners verwag. Hy meen egter dat terugkerende trekarbeiders die oplossing van die grondnood as voorwaarde vir samewerking sou stel.[57]

Teenoor die skynbare apatie van die plattelandse bevol=king was die stedelike bevolking erg verontwaardig. Eerw. Ennals, sekretaris van die Baptiste Sendinggenootskap in Johannesburg, meen dat, hoewel daar nie sprake van gewelddadige optrede was nie, die wet wrewel en verset

---

53. Wits, Joint-Council-versameling, Cj2.1.6a, Woodfield aan Jones, 9 April 1926.

54. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Grant aan Jones, 7 April 1926.

55. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Kearan aan Jones, 8 April 1926.

56. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Murray aan Jones, 9 April 1926.

57. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Bloklui aan Jones, 14 April 1926.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



jeens blanke heerskappy in die hand gewerk het.[58] Francis Hill, 'n geestelike uit die Johannesburg-distrik, berig dat die swartes die kleurslagboomwet sien as "...an indication of a repressive motive underlying the general native policy of the Government." Hy het bygevoeg dat daar "..a good deal of violent talk" onder die swartes was.[59] Stanford berig dat die uitwerking van die wet op swart gemoedere "anxiety and discontent" was.[60] Ook uit Zoeloeland berig eerw. Lee dat die Zoeloes "...(are) extremely depressed at the outlook." En voorts: "The results of the Government's 'White Labour' policy are already apparent, ...The talk of further action tending to drive them from the higher spheres of labour has unsettled them seriously."[61] 'n Ander briefskrywer uit die Transkei berig dat hoewel die Transkei 'n toonbeeld van goeie verhoudinge tussen blank en swart was, die swartes oor hierdie wet bitter was, "...One point on which they spoke bitterly was the Colour Bar Bill."[62]

Die Gesamentlike Rade se beoogde verset teen die kleur=slagboomwet is skynbaar ook deur die tradisionele swart hoofmanne ondersteun. Oliver O. Khaka het vanuit die Sterkspruit-omgewing laat weet dat hy as leier van sy swartmense hom heelhartig met die Gesamentlike Rade se

---

58. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Ennals aan Jones, 12 April 1926.

59. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Hill aan Jones, 12 April 1926.

60. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Stanford aan Russel, 3 April 1926.

61. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Lee aan Jones, 9 April 1926.

62. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Biskop van St Johns aan Jones, 6 April 1926.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stryd vereenselwig.[63] Hoofman Zibi van Swartruggens laat weet dat hy die Gesamentlike Rade se stryd steun: "The Natives, without exception, are opposed to this Bill."[64] Vanaf Pietersburg berig P. Mpahlele: "...I and my tribe are with your council ...to pursuade the Prime Minister and Parliament to once more withdraw the above Bill."[65]

Ook die politiek-bewuste swartes het hulle met die stryd van die Gesamentlike Rade vereenselwig. Hierdie groep het 'n groter bewustheid van die implikasies van die wet geopenbaar. D.D.T. Jabavu berig dat die effek van die wet was "...to stamp the Europeans as a race to be the enemies of the Natives and enemies to the progress of the Natives."[66] John L. Dube sien die wet as "unjust" en "lowering to the dignity of the Native race".[67] Die African Progressive Association van Johannesburg beskryf die wet as "an obnixious (sic.) piece of legislation".[68]

Dit blyk voorts dat die wet en die daaropvolgende protes van die Gesamentlike Rade swartes aangespoor het om in 'n groter mate te organiseer en selfs klein en relatief onbetekenisvolle organisasies het aan die versetveldtog

---

63. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, O.Khaka aan Jones, 23 April 1926.

64. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Zibi aan Jones, 28 April 1926.

65. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Mphalele aan Thema, 2 April 1926.

66. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Jabavu aan Jones, 23 April 1926.

67. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Dube aan Jones, 8 April 1926.

68. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, African Progressive Association aan Jones, 17 April 1926.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deelgeneem. Steun vir die stryd is byvoorbeeld ontvang vanaf die 'Native Brotherhood of the Diamond fields' en die 'Non-European Christian Ministers Association'.[69] Mesach Pelem, president van die 'Bantu Union' van die Kaap berig uit Queenstown dat hy bly is om te verneem dat alle regdenkendes in Suid-Afrika, kerkleiers, sendelinge, 'Naturelle'-welsynsorganisasies en swart politieke orga= nisasies verenig was in hul oortuiging dat die regering gevra moet word om die kleurslagboomwet te herroep aangesien dit tot die nadeel van die Unie sou strek.[70] Die Port Elizabethse 'Naturelle'-welsynsorganisasie het direk met die Goewerneur-generaal gekorrespondeer en in Maart 1926 'n aantal resolusies aan hom oorhandig.[71]

Jones se opsomming van die reaksie op sy vraelys het gemeld dat bykans almal dit eens was dat die effek van die wet op swart gemoedere was "...increased suspicion of white rule, deepening despair, growing chilliness towards missions and missionaries."[72] Vervolgens was die algemene mening dat hoewel daar geen gevaar van 'n onmiddellike opstand was nie, swartes wel vergaderings gehou het. 'n Groter agterdog jeens blankes is ook bespeur in die sin dat hierdie byeenkomste dikwels vir die sendelinge geheim gehou is.[73]

---

69. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Plaatje aan Jones, geen datum.

70. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6a, Pelem aan Jones, 21 April 1926.

71. GG 50/1209, E. Ngesi en E.J. Kamer aan Goewerneur-generaal, 15 Maart 1926; GG 50/1178, Port Elizabeth Naturelle Welsynsorganisasie aan Goewerneur- Generaal, geen datum.

72. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6b, Dokument getiteld "Colour Bar Bill", Rheinallt Jones, geen datum.

73. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6b, Dokument getiteld "Colour Bar Bill", Rheinallt Jones, geen datum.

Uit die reaksie op die vraelys is dit duidelik dat Rheinallt Jones wye steun vir die Gesamentlike Rade se beoogde protesveldtog gekry het. Onder diegene wat hulle bereid verklaar het om die aksie te steun was 20 kerk=hoofde insluitende die Aartsbiskop van Kaapstad en tien ander biskoppe; 8 welsynsorganisasies; 32 sendelinge en sendinggenootskappe; 55 blanke individue met 'n verdere 25 handtekeninge wat nog uitstaande was; 4 swart hoofman=ne; 8 swart organisasies; 7 personeellede van die Fort Hare Kollege en 20 swart individue. [74]

Benewens Rheinallt Jones se vraelys het die Gesamentlike Rade ook die deurslag gegee in die aktiewe versetveldtog wat vanuit liberale geledere van stapel gestuur is. Op 26 Mei het lede van die Kaapstadse Gesamentlike Raad en die Kaapstadse Genootskap onder leiding van die Aartsbiskop van Kaapstad vergader. Daar is besluit om 'n deputasie na die Eerste Minister te stuur om die terugtrekking van die wetsontwerp te versoek, 'n manifes teen die wetsontwerp op te stel met soveel ondertekenaars as moontlik en om die petisie wat intussen deur swartes opgestel is, te ondersteun.[75]

Op 26 April 1926 is die kleurslagboomwetsontwerp opnuut by die parlement ingedien. Hertzog het die Gesamentlike Rade meegedeel dat hy nie hul afvaardiging kon ontvang nie, aangesien die gesamentlike sitting van beide huise van die parlement reeds vir 7 Mei geskeduleer was. Die Gesamentlike Rade het nou hul aksie teen die wet gemobi=liseer en was dus genoop om voort te gaan om handteke=ninge vir die manifes en die deputasie te versamel. Die manifes het in die pers verskyn en is aan lede van die

---

74. Wits, Joint Council-versameling, Cj2.1.6b, Dokument getiteld "Colour Bar" Bill, Rheinallt Jones, geen datum.

75. Wits, Joint Council-versameling, Ad4, Report of J.D. Rheinallt Jones, 1925.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



